# SUPER MAKSIMUM GEVANGENISSE

deur

**ALTA PRETORIUS**

**voorgelê luidens die vereistes vir
die graad**

**DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE**

**in die vak**

**PENOLOGIE**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**Promotor: Prof C H Cilliers
Mei 2002**

# VOORWOORD

## DANKBETUIGINGS

Alle eer aan God die drieënige vir Sy genade wat Hy op my geplaas het om hierdie ondersoek en studie moontlik te maak. In die besonder wil ek ook my dank uitspreek teenoor die volgende persone:

- My promotor, prof Charl Cilliers vir die nodige leiding, ondersteuning en motivering.
- Cathy Lourens en Johan Muller te Unisa biblioteek vir die hulp met die insamel van die data.
- Mnre Chris Olckers en Tswene te Baviaanspoort gevangenis
- My vriende en familie wie ek nie almal by name kan noem nie vir jul voorbidding en morele ondersteuning
- Louwrens, Zahné en Jaco vir jul liefde, geduld, aanmoediging en belangstelling

# OPSOMMING

Gevangenes wie se optrede 'n sekuriteits-risiko vir ander gevangenes inhou, moet apart aangehou word. Hul aggressiewe en gewelddadige optrede, asook hul verwerping van gesag veroorsaak dat hul na 'n super maksimum gevangenis verwys word, waar hul slegs vir die minimum voorregte kwalifiseer.

Met hierdie proefskrif word daar gepoog om 'n teoretiese uiteensetting ten opsigte van die super maksimum gevangenis te verleen. Aspekte wat onder andere die aandag geniet is gevangenisargitektuur, die hantering van die super maksimum gevangene binne inrigtingsverband, die doel en funksie van 'n super maksimum gevangenis en eenheidsbestuur as mees geskikte bestuursvorm. Die doel word vanuit 'n bepaalde oogpunt nagestreef, naamlik die penologiese perspektief.

365.33 PRET

0001805736

## SUMMARY

A prisoner who's behaviour is causing a security risk for his fellow prisoners, has to be separated from the rest of the prison population. His aggressive and violent attitude as well as his rejection of authority will lead to his incarceration at a super maximum institution.

The purpose of this thesis is to give a theoretical explanation on super maximum imprisonment. Aspects as prison architecture, the handling of the super maximum prisoner, the purpose and function of a super maximum prison and unit management as a form of prison management are observed. The subject is explained from a penological perspective.

**KEY TERMS:**

Classification; Corrections; Medical care of prisoners; Prison architecture; Prison discipline; Prison management; Prisoner rights; Safe-custody; Super maximum imprisonment; Treatment of prisoners; Unit management.

# INHOUDSOPGAWE

BLADSY

**HOOFSTUK 1**

**DIE ONDERSOEK** **1**

1.1. INHOUD EN ALGEMENE STREKKING VAN DIE ONDERSOEK 1

1.2. DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP 5

1.2.1. Die belangstelling van die ondersoeker 8

1.2.2. Die beskikbaarheid van bronne 10

1.2.3. Die noodsaaklikheid en wenslikheid van die ondersoek 11

1.3. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK 14

1.4. DIE INSAMELING VAN GEGEWENS 17

1.5. NAVORSINGSMETODES 22

1.6. DIE BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK 23

1.6.1. Geografiese begrensing 23

1.6.2. Sosiale en kulturele begrensing 24

1.6.3. Tydsbegrensing 25

1.7. PROBLEME EN GEBREKE VAN DIE ONDERSOEK 25

1.8. KONSEPTUALISERING 26

1.8.1. Gevangene 27

1.8.2. Gevangenis 28

1.8.3. Gevangenisargitektuur 29

1.8.4. Penologie 30

1.9. SAMEVATTING 30

**HOOFSTUK 2**

**HISTORIESE OORSIG VAN GEVANGENISARGITEKTUUR EN GEVANGENISHERVORMING** **32**

2.1. INLEIDING 32

2.2. ONTWIKKELING VAN GEVANGENISARGITEKTUUR 33

2.2.1. "Lex Talionis" en die eerste gevangenisse 33

2.2.2. Bybelse perspektief 36

2.2.3. Die middeleeue 38

2.2.4. Gevangenishervorming 39

2.3. DIE AMERIKAANSE BYDRAE TOT DIE ONTWIKKELING VAN GEVANGENISSE 48

2.3.1. Inleiding 48

2.3.2. Die Pennsilvanië stelsel 49

2.3.3. Die Auburn stelsel 55

2.3.4. Die Elmira stelsel 57

2.4. DIE NEGENTIENDE EEU 59

2.5. DIE "TELEFOONPAAL"-ONTWERP 61

2.6. MODERNE GEVANGENISARGITEKTUUR 63

2.7. KONTEMPORêRE GEVANGENISARGITEKTUUR EN -ONTWIKKELING 72

2.7.1. Inleiding 72

2.7.2. Die mediese model 73

2.7.3. Die aanpassingsmodel 74

2.7.4. Die herintegrasiemodel 75

2.7.5. Die geregtigheidsmodel 76

2.7.6. Die neo-utilistiese strafmodel 78

2.8. DIE ONTWIKKELING VAN EENHEIDSBESTUUR 81

2.9. SAMEVATTING 83

**HOOFSTUK 3**

**DIE DOEL EN FUNKSIE VAN GEVANGENISSE 85**

3.1. INLEIDING 85

3.2. DIE DOEL VAN DIE DEPARTEMENT KORREKTIEWE DIENSTE 86

3.3. FISIESE SEKURITEIT 89

3.3.1. Maksimum sekuriteitsgevangenisse 90

3.3.2. Medium sekuriteitsgevangenisse 92

3.3.3. Minimum sekuriteitsgevangenisse 92

3.4. KLASSIFIKASIE 93

3.5. KLASSIFIKASIESTELSEL VAN DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE 96

3.5.1. Historiese oorsig 96

3.5.2. Horisontale klassifikasiestelsel 101

3.5.3. Diepte klassifikasiestelsel 102

3.5.4. Die veilige bewakingsklassifikasie-stelsel 104

3.5.5. Klassifikasie van die super maksimum gevangene 105

3.6. BEHEERMAATREëLS 107

3.6.1. Voorkoming van ontvlugtings 107

3.6.2. Dissipline 110

3.6.3. Strafmaatreëls 115

3.6.4. Voorregte 118

3.6.5. Groepvoorregte 124

3.6.6. Individuele voorregte van die super maksimum gevangene 126

3.6.7. Kritiek op die voorregtestelsel 131

3.7. SAMEVATTING 135

**HOOFSTUK 4**

**STRAFOOGMERKE EN DIE TOEPASSING DAARVAN OP SUPER MAKSIMUM GEVANGENISSTRAF 137**

4.1. INLEIDING 137

4.2. DIE RASIONAAL VAN GEVANGENISSTRAF 138

4.3. DIE OMSKRYWING VAN DIE STRAFBEGRIP 140

4.4. STRAFOOGMERKE 141

4.4.1. Inleiding 141

4.4.2. Vergelding 144

4.4.3. Voorkoming (die beskerming van die gemeenskap) 152

4.4.4. Afskrikking 156

4.4.5. Hervorming van die oortreder 162

4.4.6. Die teorie van gebalanseerde en effektiewe vonnisoplegging 169

4.5. FAKTORE WAT IN SUID-AFRIKAANSE HOWE IN AANMERKING GENEEM WORD TYDENS VONNISOPLEGGING 173

4.5.1. Die Trits 173

4.5.2. Strafoogmerke 178

4.5.3. Ander riglyne deur die howe neergelê 178

4.6. SAMEVATTING 183

**HOOFSTUK 5**

**DIE OORSPRONG EN ONTWIKKELING VAN SUPER MAKSIMUM GEVANGENISSE 185**

5.1. INLEIDING 185

5.2. ONTWIKKELING VANAF 1958 186

5.2.1. Invloed van die Geneefse Kongres 186

5.2.2. 'n Nuwe benadering en klassifikasie-stelsel 188

5.2.3. Ontwikkeling sedert 1985 197

5.2.4. Invloed van die Handves van Mense Regte 203

5.3. DIE AMERIKAANSE SCENARIO 206

5.3.1. Inleiding 206

5.3.2. Hoekom 'n super maksimum gevangenis? 207

5.3.3. Die uitleg van die gevangenis 209

5.3.4. Sekuriteit 210

5.3.5. Die lewe binne die super maksimum gevangenis 213

5.3.6. Kriteria by die beplanning van 'n super maksimum gevangenis 214

5.3.7. Kritiek teen die stelsel 215

5.4. DIE PLEK VAN DIE SUPER MAKSIMUM GEVANGENIS IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISSTELSEL 217
5.5. DIE ONDERSKEID TUSSEN SUPER MAKSIMUM EN ANDER GEVANGENISSE 219
5.6. SAMEVATTING 220

**HOOFSTUK 6**
**DIE HANTERING VAN 'N OORTREDER IN 'N SUPER MAKSIMUM GEVANGENIS 222**

6.1. INLEIDING 222
6.2. BEHANDELING VAN DIE GEVANGENE 223
6.3. FISIESE VERSORGING VAN DIE GEVANGENE 226
6.3.1. Akkommodasie 226
6.3.2. Persoonlike higiëne 229
6.3.3. Voedsel 231
6.3.4. Liggaamlike oefening, sport en ontspanning 233
6.3.5. Mediese dienste 235
6.4. ALGEMEEN GELDENDE FASETTE VAN BEHANDELING 240
6.5. MAATSKAPLIKE WERK EN DIE GEVANGENE 243
6.6. SIELKUNDIGE BEHANDELING VAN DIE GEVANGENE 244
6.7. OPLEIDING EN VOORLIGTING VAN DIE GEVANGENE 247
6.8. GEESTELIKE VERSORGING VAN DIE GEVANGENE 249
6.9. DIVERSE REGTE 253
6.9.1. Die gevangene met HIV 253
6.9.2. Die gevangene en stemreg 263

6.10. SAMEVATTING 266

**HOOFSTUK 7**

**EENHEIDSBESTUUR** **268**

7.1. INLEIDING 268

7.2. GEVANGENISBESTUUR 269

7.2.1. Die eiesoortigheid van gevangenisbestuur 270

7.2.2. Tradisionele gevangenisbestuur 272

7.2.3. Moderne bestuurstendense 277

7.3. DIE TIEN GEBOOIE VAN EENHEIDSBESTUUR 286

7.4. EENHEIDSBESTUUR EN DOELWITBEREIKING 288

7.5. KORREKTIEWE PERSONEEL EN GESAG BINNE EENHEIDSVERBAND 290

7.5.1. Personeelstabiliteit en -normalisering 291

7.5.2. Spanbestuur binne die eenheid 293

7.5.3. Kommunikasie binne die eenheid 294

7.5.4. Gesag binne eenheidsverband 295

7.6. EENHEIDSBESTUUR EN SEKURITEIT 298

7.6.1. Sekuriteit binne eenheidsverband 299

7.6.2. Die funksionering van eenheidsekuriteit 301

7.7. DIE ROL VAN PROGRAMME BINNE EENHEIDSBESTUUR 303

7.8. EVALUERING VAN EENHEIDSBESTUUR 307

7.9. SAMEVATTING 310

**HOOFSTUK 8**

**PENOLOGIESE BESKOUING** **312**

8.1. INLEIDING 312

8.2. AANBEVELINGS 313

8.3. SLOT 320

**BIBLIOGRAFIE** **321**

# LYS VAN GRAFIESE VOORSTELLINGS

**FIGUUR** **BLADSY**


| FIGUUR | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | Maison de Force | 44 |
| 2. | Panopticon-plan van Bentham | 47 |
| 3. | Ray System van Havilland | 48 |
| 4. | Cherry Hill | 53 |
| 5. | Auburn ontwerp | 56 |
| 6. | Telefoonpaal-ontwerp | 62 |
| 7. | Eenheidsbestuur | 82 |

# HOOFSTUK 1

# DIE ONDERSOEK

## 1.1. INHOUD EN ALGEMENE STREKKING VAN DIE ONDERSOEK

Gevangenisstraf kan vandag seker as een van die mees algemene en bekendste strafvorme regoor die wêreld beskou word. Tog is dit verbasend hoe min mense bewus is van die feit dat verskillende vorme van gevangenisstraf vir 'n oortreder oorweeg kan word. Selfs skrywers tref nie altyd 'n duidelike onderskeid tussen die verskillende vorme van aanhouding nie.

Die **super maksimum gevangenis** is een van die vorme van gevangenisstraf wat in geval van gevaarlike, geharde en gewelddadige misdadigers oorweeg kan word. Die eerste **super maksimum gevangenis** in Suid-Afrika is eers onlangs in Kokstad opgerig. Vroeër was dit bloot 'n eenheid binne 'n maksimum gevangenis wat gebruik is vir die institusionalisering van gewelddadige oortreders. Alhoewel die **super maksimum ge-**

**vangenis** in Suid-Afrika 'n betreklik nuwe instelling is, is daar reeds in die **<u>Wet op Gevangenisse</u>**, Wet 8 van 1959, voorsiening gemaak vir die alternatiewe optrede teenoor gewelddadige gevangenes. Artikel 80(1) van die genoemde wet bepaal as volg:

*80 (1) wanneer en vir so lank as wat dit dringend en volstrek noodsaaklik is om 'n gevangene-*

*(a) wat geweld gepleeg het of met geweld dreig*

*(b) wat ná ontvlugting hergevangegeneem is of ten opsigte van wie daar goeie rede bestaan om te glo dat hy van plan is om te ontvlug,*

*in versekerde bewaring of in bedwang te hou, kan die lid van die Gevangenisdiens aan die hoof van die gevangenis beveel dat daardie gevangene in 'n isolasiesel opgesluit word en boonop of in die alternatief, indien nodig, in boeie geslaan word of aan 'n ander goedgekeurde meganiese dwangmiddel onderwerp word vir so 'n tydperk as wat volstrek noodsaaklik geag word, maar hoogstens een maand.*

Vandag word die gevangenes waarvoor artikel 80(1) voorsiening maak egter oorgeplaas na óf 'n geslote maksimum sekuriteitseenheid óf 'n **super maksimum gevangenis**. Die doel met hierdie proefskrif is dan juis om 'n teoretiese uiteensetting ten opsigte van **super maksimum gevangenisse** te verleen. Die doel word vanuit 'n bepaalde oogpunt nagestreef, naamlik die penologiese perspektief.

Aangesien die ondersoek 'n omvangryke ondersoekveld verteenwoordig, was dit vir die navorser nodig om die ondersoekveld af te baken ten einde die ondersoek wel prakties uitvoerbaar te maak. Smith (1971: 5) merk dan ook die volgende in hierdie verband op: "*Die individuele ondersoeker is nie altyd by magte om 'n vraagstuk in sy volle omvang en in al sy fasette te ontleed nie. Daarom is dit noodsaaklik dat enige navorsingsgebied sodanig afgebaken word dat die taak prakties uitvoerbaar is*".

Die afbakening van die ondersoek het tot gevolg gehad dat die inhoud van die navorsingsverslag in agt hoofstukke uiteengesit word. Die hoofstukindeling is as volg:

- **Hoofstuk 1** is 'n filosofiese uiteensetting ten opsigte van die inhoud, keuse, doel, insamel van

gegewens, navorsingsmetodes wat gebruik is, konseptualisering en die gebreke van die ondersoek

- **Hoofstuk 2** is 'n historiese perspektief aan die hand van gevangenisargitektuur. 'n Nuwe plan is telkens vir die oprigting van 'n gevangenis ontwerp ten einde aan die vereistes van 'n bepaalde filosofie te voldoen. Waar moontlik is sketse vir nadere toeligting gebruik
- In **Hoofstuk 3** word die doel en funksie van gevangenisse en in besonder die **super maksimum gevangenis**, onder die loep geneem
- **Hoofstuk 4** sentreer rondom die strafoogmerke wat by vonnisoplegging in aanmerking geneem word en die toepassing daarvan in gevalle waar **super maksimum gevangenisstraf** opgelê word
- **Hoofstuk 5** konsentreer op die ontstaan en ontwikkeling van die **super maksimum gevangenis**, met spesifieke verwysing na die **super maksimum gevangenis** in Amerika
- In **Hoofstuk 6** word die wyse waarop 'n oortreder in 'n **super maksimum gevangenis** hanteer word, beredeneer
- **Hoofstuk 7** word gewy aan die verskillende vorme van bestuur wat van tyd tot tyd in gevangenisse toegepas is en hoe hierdie bestuursvorme aanleiding gegee het tot 'n nuwe bestuursvorm, naamlik

eenheidsbestuur. Daar word nie slegs gelet op die voordele van 'n stelsel van eenheidsbestuur nie maar ook hoe dit in 'n **super maksimum gevangenis** toepassing kan vind

- **Hoofstuk 8** bestaan uit 'n aantal gevolgtrekkings en bevindinge wat uit die bestudering van die literatuur na vore getree het.

## 1.2. DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die keuse van die onderwerp wat ondersoek word, vorm die eerste stap in die navorsingsprojek. Soos Chadwick (Cloete & Stevens 1990: 105) tereg opmerk is daar 'n ryke verskeidenheid navorsingsonderwerpe beskikbaar: "*Any society consists of far more interactions that can be recorded or analyzed by researchers. The world is full of data; it is the researcher's time and recources that are in short supply*". Derhalwe moet die grootste sorg bestee word aan die keuse van dit wat nagevors gaan word.

Dit is dan ook voor die hand liggend dat daar verskeie oorwegings by die keuse van 'n besondere onderwerp sal geld. Belangstelling in die strafregsplegingstelsel, penologie, die verskillende strafvorme en in die besonder die verskillende vorme van

gevangenisstraf, was hoofsaaklik die deurslaggewende faktore by die keuse van die onderwerp vir hierdie ondersoek. **Super maksimum gevangenisse** verteenwoordig 'n besondere afdeling van gevangenisse en gevangenisstraf. Op die gebied van die penologie het weinig Suid-Afrikaanse werke rakende gevangenisse die lig gesien en geen in verband met **super maksimum gevangenisse** nie. Hierdie feite het as verdere beweegrede vir die keuse van die onderwerp gedien.

Die navorsingsvraagstuk, naamlik **super maksimum gevangenisse**, is besonder wyd. Vir 'n enkele navorser is dit onmoontlik om dit volledig tot in die fynste besonderhede te bestudeer en te ontleed. Feitlik elke hoofstuk skep op sigself 'n terrein vir aparte navorsing van die betrokke vraagstuk. Met hierdie leemte van die ondersoek in gedagte, aanvaar die navorser tog die taak en wel vanweë die volgende oorweging, naamlik dat die ondersoek die eerste van sy soort op die besondere terrein in Suid-Afrika is.

Gewoonlik is die benadering van 'n vraagstuk "... *van die algemene na die besondere, met ander woorde die breë gebied waarin 'n vraagstuk lê, moet eers verken word sodat die bevindings as agtergrond kan dien vir verder ondersoeke wat slegs 'n besondere deel van die*

*groot vraagstuk vir bestudering afsonder"* (Steyn 1959: 2). Die keuse van die breë gebied, naamlik gevangenisse, was ook vir die huidige ondersoek 'n belangrike oorweging. Met hierdie studie word slegs sekere tendense aangetoon, 'n geheelbeeld van die vraagstuk gegee en die plek daarvan in die algemene veld aangedui, sodat dit as prikkel kan dien vir verdere navorsing. Die gevaar bestaan egter dat 'n navorser by die bestudering van 'n onderdeel van die groter geheel, die verband met laasgenoemde uit die oog verloor. Ook Pauw (1946: 1) waarsku teen hierdie gevaar, naamlik: *"Die sosioloog mag sy verskynsels nie as aparte losstaande eenhede probeer bestudeer of ontleed nie. Elke verskynsel moet van buite sowel as van binne benader word; elke verskynsel moet gesien word in samehang met die hele ingewikkelde maatskaplike werklikheid waaruit dit voortgekom het, en waarin dit bly voortbestaan".*

Vanuit 'n hervormingsoogpunt gesien, het die ondersoek vir die navorser 'n besondere waarde. Die waardebepaling van die vraagstuk was dan ook van deurslaggewende belang by die keuse daarvan. 'n Verdere oorweging was om aan die belangstellende lid van die publiek 'n kykie agter die mure van die **super maksimum gevangenis** te gee.

Smith (1971: 1) beskou die keuse van die navorsingsonderwerp nie alleen as die eerste stap in die verloop van enige navorsingsproses nie, maar ook as een van die belangrikste fasette. In die keuse van die onderwerp het die navorser dus die volgende drie aspekte as toonaangewende vertrekpunte gebruik:

- die belangstelling van die ondersoeker
- die beskikbaarheid van bronne
- die noodsaaklikheid en wenslikheid van die ondersoek

### 1.2.1. DIE BELANGSTELLING VAN DIE ONDERSOEKER

Belangstelling in die penologie in die algemeen en die regsplegende en penitensiêre penologie in die besonder, was van die belangrikste oorweginge by die keuse van die onderwerp. Waar die regsplegende penologie hom besig hou met die hofproses, beginsels van vonnisoplegging en strafvorme, is die penitensiêre penologie onder andere gerig op:

- die ontstaan en ontwikkeling van gevangenisse en gevangenisstraf
- beleid oor die inrigtingshantering van gevangenes
- doel, funksie en organisering van gevangenisstelsels
- die beheer en bestuur van inrigtings

- behoefte-bepaling en klassifikasie van gevangenes
- regte, voorregte en vergunnings van gevangenes
- veilige aanhouding van gevangenes.

Sedert Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994 het daar fundamentele veranderinge op die gebied van die strafregspleging ingetree. Een van die gevolge was dat doodstraf en lystraf as ongrondwetlik verklaar is. Derhalwe moes daar óf na alternatiewe strawwe gesoek word óf bestaande strafvorme moes sodanig verfyn word dat elke oortreder daaraan onderwerp kon word en ten beste daarby kon baat.

Met die afskaffing van die doodstraf onstaan daar 'n leemte in die regsplegingstelsel ten opsigte van die hantering van ernstige oortreders. In plaas daarvan om tereggestel te word, word hierdie oortreders nou in gevangenisse geplaas. Met die nuwe klassifikasiestelsel poog die **Departement Korrektiewe Dienste** egter om 'n skeiding te bewerkstellig tussen die geringe oortreder wat in 'n gewone gevangenis sy straf uitdien en die meer geharde en gewelddadige misdadiger wat sy straf in 'n maksimum of **super maksimum gevangenis** moet uitdien.

Die belangstelling van die navorser is verder geprikkel deur die heersende faktore wat tans die studieterrein van die penologie beïnvloed, soos die eskalasie van misdaad, die beregting van verskillende kategorieë oortreders en die oorbevolkingsprobleme in gevangenisse.

### 1.2.2. DIE BESKIKBAARHEID VAN BRONNE

'n Tweede belangrike aspek by die keuse van die onderwerp is om vooraf vas te stel of daar genoegsame gegewens beskikbaar is ten einde die praktiese uitvoerbaarheid van die ondersoek te rugsteun (Swart 1982: 4). Tans is daar weinig literatuur beskikbaar oor **super maksimum gevangenisse.** Die rede hiervoor blyk duidelik wanneer in gedagte gehou word dat **super maksimum gevangenisse** in Suid-Afrika 'n betreklik nuwe konsep is.

In die beskikbare literatuur word daar ook nie altyd 'n duidelike onderskeid getref tussen die maksimum gevangenis, die geslote maksimum sekuriteitseenheid en die **super maksimum gevangenis** nie. Een van die redes hiervoor kan wees dat 'n **super maksimum gevangenis** gewoonlik bloot 'n eenheid binne 'n maksimum gevangenis is. Die enigste verskil tussen die tipes

is dan slegs die voorregte van toepassing op elke kategorie oortreders.

Verder bestaan daar ook wat eenheidsbestuur (Hooftuk 7) aanbetref 'n leemte in beskikbare literatuur. Geen boek rakende hierdie onderwerp het al in Suid-Afrika die lig gesien nie. Die enigste beskikbare bronne is 'n studiehandleiding deur Cilliers, naamlik **Eenheidsbestuur in Gevangenisse**, en 'n doktorale studie van Luyt, naamlik **Unit Management in Prisons**. In Hoofstuk 7 word dan ook hoofsaaklik op Cilliers se bron gesteun vir die relevante inligting.

### 1.2.3. DIE NOODSAAKLIKHEID EN WENSLIKHEID VAN DIE ONDERSOEK

Volgens Neser (1980: 4-8) en Swart (1982: 4-6) vorm die noodsaaklikheid en wenslikheid van die ondersoek ook belangrike aspekte by die keuse van die navorsingsprobleem. Die vraag wat hier ter sprake kom, is of dit nodig of wenslik is om die ondersoek te onderneem? By verdere besinning het veral drie oorweginge gegeld, naamlik:

- of die navorser wel deur middel van sodanige ondersoek 'n bydrae tot die kriminologiese vakwe-

tenskappe en by name die vakinhoud van die penologie kan lewer

- of dit 'n aktuele onderwerp is wat lig op die huidige problematiek werp
- of dit van enige nut vir die praktyk kan wees

Ten opsigte van die eersgenoemde oorweging was dit vir die navorser noodsaaklik om te besin oor die plek van die **super maksimum gevangenis** in die Suid-Afrikaanse gevangeniswese. Aandag is ook geskenk aan navorsing wat reeds in die buiteland op hierdie terrein onderneem is.

'n Aantal werke in die penologie rakende gevangenisse en gevangenisstraf het al die lig gesien. In hierdie werke word daar egter weinig aandag geskenk aan die verskillende tipes gevangenisse. Sover bekend is hierdie ondersoek die eerste literatuurstudie op dié besondere terrein. Daar het wel tydskrifartikels in hierdie verband verskyn maar geen volledig gedokumenteerde stuk oor die onderwerp het al in Suid-Afrika die lig gesien nie. Op grond hiervan het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat sy wel 'n bydrae kan lewer tot die ontwikkeling en uitbouing van die kriminologiese vakwetenskappe en in die besonder die vakinhoud van die penologie.

'n Tweede belangrike oorweging by die noodsaaklikheid van die ondersoek hou verband met die aktualiteit van die vraagstuk. Wanneer die oortreder deur middel van gevangenisstraf uit die gemeenskap verwyder word, stop die belangstelling wat die gemeenskap in hom getoon het tydens sy verhoor. Die oortreder kry sy straf en die gemeenskap voel dat die misdaad vergeld is. Dit is egter dan wanneer die wiele binne die gevangenis aan die rol gesit word. Die oortreder moet so gou doenlik geklassifiseer en na die regte gevangenis oorgeplaas word ten einde sy straf te begin uitdien. Die mees geskikte programme wat tot sy rehabilitasie kan lei moet op hom van toepassing gemaak word en hy moet weet op watter voorregte hy geregtig is. Jan Publiek moet ook bewus gemaak word van die omstandighede waarin die oortreder sy straf sal uitdien ten einde die vergeldingsgevoel te versterk en die gevoel tuis te bring dat die kool nie die sous werd is nie.

'n Laaste aspek wat aandag geniet het is of die studie oor enige toepassingswaarde sal beskik. Daar bestaan 'n behoefte by die gemeenskap om te weet dat misdadigers se foutiewe optrede vergeld word. Daar word dus van howe verwag om aan hierdie eise van die gemeenskap gehoor te gee en dit kan slegs gedoen word

deur individualisering van straf en in die besonder gevangenisstraf. Die gewelddadige oortreder moet verwyder word uit die gewone gevangenis en na 'n **super maksimum gevangenis** oorgeplaas word ten einde aan hierdie doel te beantwoord.

## 1.3. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Navorsingsdoelstellings verskaf 'n globale aanduiding van wat met die navorsing beoog word. Alhoewel verskeie navorsingsdoelstellings onderskei kan word, is dié wat te make het met verkenning, beskrywing en verklaring volgens Cloete en Stevens (1990: 109) die algemeenste en verdien nadere toeligting.

- **Verkennende navorsing** word in die meeste gevalle uitgevoer om vertroud te raak met 'n verskynsel waaroor daar relatief min bekend is. Die doel met verkennende navorsing is:
  - om die navorser se nuuskierigheid en behoefte aan beter begrip daarvan te bevredig
  - om die uitvoerbaarheid van 'n meer sorgvuldig gestruktureerde studie van 'n verskynsel na te gaan en geskikte metodes daarvoor te ontwikkel
  - om nuwe hipoteses oor 'n verskynsel te ontwikkel.

Aangesien 'n verkennende studie bowenal na insig in en begrip van 'n verskynsel en nie na akkurate, repliseerbare data streef nie, is dit nie vreemd dat derglike studies dikwels as kwalitatief of ongestruktureerd getipeer word.

- **Beskrywende navorsing** is 'n sambreelterm vir 'n wye verskeidenheid soorte navorsing. Die fokus kan 'n uitputtende beskrywing van 'n spesifieke individu, groep, organisasie, subkultuur, interaksie of sosiale voorwerp wees, of die klem kan val op 'n beskrywing van die frekwensie waarin 'n bepaalde aspek of veranderlike in 'n steekproef van gevalle aangetref word. Die doelstelling van beskrywende navorsing is om 'n besondere verskynsel so akkuraat en noukeurig moontlik te beskryf.

- **Verklarende navorsing** streef daarna om verskynsels te verklaar deur die oorsaaklikheid tussen eienskappe of veranderlikes te demonstreer. Hieruit volg dat verklarende navorsing verband hou met voorspellende en evaluatiewe ondersoeke.

Dit is dan ook so dat die meeste navorsingsprojekte elemente van verkenning, beskrywing en verklaring, reflekteer. Hierdie navorsingsprojek sorteer egter

hoofsaaklik onder verkennende studies. Volgens Mouton & Marais (1989: 33) is dit die doel van 'n navorsingsontwerp om die betrokke navorsingsprojek sodanig te beplan en te struktureer dat die uiteindelike geldigheid van die navorsingsbevindinge verhoog word. Die doelstellings wat met hierdie navorsing beoog word is drieledig:

- die primêre doelstelling is om tot onvervalste kennis en insig met betrekking tot die vraagstuk wat bestudeer word te kom. Steyn (1959: 4) is van mening dat die blote versameling van materiaal nie altyd kennis veronderstel nie en kennis nie altyd insig meebring nie. Slegs die analitiese verwerking van die materiaal met die daarmee gepaardgaande gevolgtrekkings kan tot die verdieping van kennis en insig lei. Derhalwe kan alle versamelde data nie in 'n verslag weergegee word nie, maar slegs die noodsaaklikste en belangrikste gegewens ten einde die onderskeie doelstellings te bereik
- Die sekondêre doelstelling is om aan die leser in die breë gemeenskap en veral die penologiestudent 'n geheelbeeld van die vraagstuk te gee. Dit is noodsaaklik dat die gemeenskap sal kennis dra van die verskillende gevangenisse en in die besonder **super maksimum gevangenisse.** Dit is tog immers

ten dele die gemeenskap, as belastingbetalers, se geld wat vir vonnisoplegging, die toepassing van straf en ook die oprigting van nuwe inrigtings aangewend word. Indien die gemeenskap oor betroubare inligting rakende die toepassing van straf in 'n **super maksimum gevangenis** beskik, kan dit voorkom dat onverdiende kritiek teenoor die regsplegingstelsel in die algemeen en gevangenisse in die besonder, uitgespreek word

- Die finale doelstelling is om die verkreë kennis tot die beskikking van die penologiestudent te stel en om 'n bydrae te lewer tot die Suid-Afrikaanse sowel as die Afrikaanse vakliteratuur van die penologie. Die navorser wil nie alleen bydra tot die uitbreiding van insig nie, maar wil ook dien tot beskeie voorligting van ander ondersoekers, studente, beleidmakers en beleidstoepassers wat op die terrein van die penologie bedrywig is. Die navorser vetrou dat hierdie ondersoek 'n bydrae in dié verband sal lewer.

## 1.4. DIE INSAMELING VAN GEGEWENS

In 'n geesteswetenskaplike ondersoek sal die aard van die ondersoek die metodes wat aangewend sal word om inligting te versamel, bepaal (Cilliers 1980: 5).

Die insameling van gegewens kan bespreek word in terme van die bronne waaruit dit verkry kan word. Volgens Cilliers (1965: 39-45) kan daar in die breë onderskei word tussen:

- **historiese bronne**

Twee soorte histories bronne kan onderskei word naamlik dokumentêre bronne en fisiese bronne. Laasgenoemde sluit materiaal in soos geologiese strata, fossiele en mensgemaakte artikels en word gewoonlik deur die antropoloog bestudeer. Dokumentêre bronne word verdeel in primêre en sekondêre bronne. Primêre bronne is dokumente wat die oorspronklike waarnemings van die skrywer self bevat en is meer betroubaar as sekondêre bronne wat op sigself geen oorspronklike waarnemings rapporteer nie. Die verskil tussen die twee tipes bronne is geleë in die feit dat primêre bronne in die algemeen meer betroubaar is as sekondêre bronne aangesien foute en wanvoorstellings kon ontstaan het by die oorname van die inligting uit die oorspronklike primêre bronne.

Indien daar van dokumentêre dokumente gebruik gemaak word is dit noodsaaklik dat die navorser

die bronne sal evalueer voordat hy dit gebruik. Die blote feit dat iets genoteer is, verskaf nog geen waarborg dat dit betroubaar, geldig of betekenisvol is nie.

As gevolg van die feit dat daar gereeld en sistematies rekord gehou word van gebeurtenisse en verskynsels, bestaan daar heelwat inligting wat deur 'n navorser gebruik kan word. Die belangrikste dokumentêre bronne wat geraadpleeg kan word is:

- **Amptelike dokumente en statistieke**

  Gegewens uit hierdie bronne word gewoonlik as gesaghebbend aanvaar en is dikwels ook primêre bronne vir sover dit gepubliseer word deur dieselfde amptelike instansie wat verantwoordelik was vir die insameling van die gegewens. Soms bevat publikasies egter ook inligting wat uit ander bronne verkry is en derhalwe is dit noodsaaklik dat die navorser in so 'n geval ondersoek instel na die oorspronklike bronne van inligting. Bowenal moet rekening gehou word met die moontlikheid dat selfs amptelike instansies foute kan begaan by die insamel van gegewens

- **Nie-amptelike dokumente en statistieke**

  Naas amptelike instansies is daar ook 'n verskeidenheid ander liggame en organisasies wat dokumente opstel en publiseer waarin waardevolle inligting vervat word. Vanselfsprekend moet die navorser hierdie inligting met nog groter omsigtigheid evalueer as amptelike gegewens.

- **veldbronne**

Hieronder val al die bronne wat vereis dat die ondersoeker sal uitgaan in die maatskaplike werklikheid self, hetsy in die gemeenskap of in 'n gesimuleerde maatskaplike situasie in die laboratorium. Twee hoofwyses kan onderskei word waarvolgens die gegewens van veldbronne ingesamel kan word, naamlik:

- **direkte waarneming**

  Direkte waarneming behels dat die navorser self waarnemings maak van die maatskaplike werklikheid soos dit vir hom voorkom

- **persoonlike mededeling**

Persoonlike mededelings berus op indirekte waarneming, gebaseer op die persoonlike mededelings van andere. Voldoende inligting kan dikwels nie verkry kan word uit waarnemings of offisiële rekords nie. Derhalwe moet die navorser van tegnieke gebruik maak wat hom in staat sal stel om betroubare gegewens van andere wat eerstehandse kontak en ervaring het met die onderwerp wat ondersoek word, te verkry. Die volgende dien as hulpmiddels:

- lewensgeskiedenisdokumente
- onderhoude, hetsy formeel of informeel

Hierdie navorsingsverslag is sowel histories as verkennend van aard en in wese 'n literatuurstudie, waarin van sowel historiese as veldbronne gebruik gemaak is. Die historiese bronne is vervat in die bibliografie aan die einde van die ondersoek. Soos gesien kan word in die bibliografie sluit die dokumentêre bronne sowel amptelike as nie-amptelike dokumente in. Veldbronne moes egter ook ingespan word vir die verdieping van kennis en insig en sluit in informele onderhoude met die Gevangenishoof te Baviaanspoort gevangenis, die Hoof van die Maksimum Afdeling te Baviaanspoort gevangenis en natuurlik ook die studieleier.

## 1.5. NAVORSINGSMETODES

Volgens Jansen Van Vuuren (1992: 3) kan bepaalde navorsingsprosedures en -tegnieke gebruik word om sekere waarneembare feitelikhede binne 'n bepaalde teoretiese raamwerk objektief te ontleed, te beskryf en te verklaar. Die navorser het van 'n literatuur-studie gebruik gemaak ten einde hierdie doel te verwesenlik.

Met 'n literatuurstudie word bedoel die bestudering van gepubliseerde bronne, onder andere boeke, ver-slae, tydskrifte, statistieke, kodelyste en ander dokumente. Die doel van 'n literatuurstudie is om kennis te verkry omtrent reeds bestaande inligting op die ondersoekgebied, dit tot 'n eenheidsbeeld saam te voeg en tot 'n wetenskaplike produk te orden (Van Der Walt 1954: 20).

Volgens Cilliers (1965: 133) is 'n literatuurstudie nie alleen noodsaaklik met die oog op die duidelike formulering van die probleem nie, maar dit is ook die aangewese bron van inligting oor hoe te werk gegaan moet word in die beplanning en uitvoering van die voorgestelde ondersoek. Die voornemende navorser sal

dus poog om uit die beskikbare navorsingsverslae die volgende inligting te verkry:

- welke prosedures en tegnieke gebruik kan word
- hoe geskik hierdie tegnieke gevind is deur ander navorsers
- watter praktiese probleme en struikelblokke verwag kan word by die uitvoering van die voorgestelde ondersoek.

## 1.6. DIE BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK

Hoewel die vraagstuk besonder wyd is, moes daar tog perke aan die ondersoek gestel word. Die navorser het dit gerade geag om 'n onderskeid tussen geografiese begrensing, sosiale en kulturele begrensing asook tydsbegrensing te tref.

### 1.6.1. GEOGRAFIESE BEGRENSING

Die ondersoek is beperk tot **super maksimum gevangenisse** in Suid-Afrika. Waar van inligting rakende die gevangenisstelsels van ander lande gebruik gemaak is, is dit gedoen ter wille van toeligting en vir vergelykingsdoeleindes.

### 1.6.2. SOSIALE EN KULTURELE BEGRENSING

"*From a social point of view, the premise is that all prisoners and their families are affected by the imprisonment of the offender*" (Luyt 1999: 13). In hierdie studie word die invloed van super maksimum gevangenisstraf op die familie van die oortreder egter nie ondersoek nie en die veld word oopgelaat vir moontlike verdere navorsing. Die ondersoek het verder ook slegs betrekking op gevonniste gevangenes.

"*Culturally, the emphasis of the investigation will mainly be on the sentenced prisoner, regardless of origin and cultural background*" (Luyt 1999: 13-14). In hierdie studie word die idee van leef binne 'n spesifieke gemeenskap, naamlik die **super maksimum gevangenis**, uitgebeeld.

Die **super maksimum gevangenis** word verder gesien as deel van die groter gevangenisgemeenskap en die onderskeid wat tussen gevangenes gemaak word lê nie op kulturele gebied nie maar slegs tussen gevangenes in die **super maksimum gevangenis** en dié in ander gevangenisse.

### 1.6.3. TYDSBEGRENSING

Uit die aard van die ondersoek was dit ook vir die navorser nodig om 'n tydsbeperking aan die insameling van literatuur te stel. Die proses van stofinsameling het gedurende Januarie 2000 'n aanvang geneem en alle tersaaklike inligting is ingesamel tot Augustus 2001.

## 1.7. PROBLEME EN GEBREKE VAN DIE ONDERSOEK

Net soos in die geval van elke ander ondersoek is hierdie ondersoek geensins gevrywaar teen gebreke en tekortkominge nie. Seker die grootste struikelblok was, soos by die meeste literatuurstudies, die strewe na 'n objektiewe interpretasie van inligting. Objektiwiteit is 'n vereiste vir wetenskaplikheid en derhalwe moet inligting bevestig en gekontroleer word. In hierdie verband het die navorser daarteen gewaak om haar eie subjektiwiteit en eensydigheid te oorkom en om objektiwiteit na te streef.

Soos reeds genoem, bestaan daar weinig literatuur in Suid-Afrika oor die onderwerp. Baie van die bronne wat geraadpleeg is, skenk óf aandag aan gevangenisse in die algemeen óf aan gevangenisstraf in die alge-

meen. In weinig van die bestaande literatuur word melding gemaak van **super maksimum gevangenisse** of **super maksimum gevangenisstraf.**

'n Derde probleem wat die navorser ondervind het, was om 'n logiese en chronologiese aanloop te vind tot **super maksimum gevangenisse.** Derhalwe word gevangenisse in die algemeen telkens bespreek met spesifieke verwysing na die **super maksimum gevangenis.**

## 1.8. KONSEPTUALISERING

Cloete & Stevens (1990: 109) omskryf konseptualisering as die proses waardeur konsepte noukeurig gedefinieer word. Die omskrywing van konsepte en terme is noodsaaklik aangesien ons alledaagse spreektaal vaag is en slegs breedweg dui op gebeure, aktiwiteite en verskynsels in die sosiale werklikheid. Hoewel nie-wetenskaplikes in die algemeen 'n begrip het van wat byvoorbeeld met **"gevangenis"** bedoel word, heg mense normaalweg verskillende konnotasies aan dié term. Ook die wetenskaplike se begrip van die term **"gevangenis"** sal gekleur word deur onder meer die besondere behandelingsideaal wat hy aanhang. Dit is dus 'n voorvereiste dat 'n navorser presies sal aandui wat hy met 'n konsep bedoel sodat die verskyn-

sels, entiteite en prosesse waarop in die ondersoek gelet moet word, duidelik uitstaan. So kan 'n konsep dan as instrument dien wat aandui in watter rigting die ondersoek moet beweeg en 'n algemene idee verskaf van waarna die ondersoeker moet delf.

Volgens Cilliers (1980: 10) is daar gewoonlik twee soorte begrippe wat omskryf word. Eerstens is daar nuwe begrippe wat betreklik onbekend is en om hierdie rede toeligting regverdig. Tweedens is daar bekende begrippe, wat vir die doeleindes van die ondersoek 'n bepaalde betekenis het of moet hê en aansluitend hierby ook begrippe wat die kern van die ondersoek vorm en ter wille van duidelikheid weer omskryf moet word. Die navorser het dit gerade geag om die begrippe gevangene, gevangenis, gevangenisargitektuur en penologie, toe te lig.

### 1.8.1. GEVANGENE

Reeds in artikel 1 van die **Wet Gevangenisse**, Wet 8 van 1959, is 'n gevangene omskryf as:

> *enige persoon, hetsy hy veroordeel is of nie, wat in 'n gevangenis in bewaring aangehou word of wat in bewaring oorgeplaas word of in bewaring*

*onderweg is van een gevangenis na 'n ander gevangenis.*

Hierdie omskrywing word bevestig in die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998.

Ook Hiemstra (1987: 114) ondersteun hierdie omskrywing van 'n gevangene. Vir die doeleindes van hierdie studie en uit die bogenoemde omskrywing is 'n gevangene 'n persoon aan wie 'n vonnis van gevangenisstraf opgelê is vanweë die oortreding van bepaalde reëls in die samelewing.

Aansluitend hierby verdien die begrip **super maksimum gevangene** verheldering. Die begrip vorm deel van die begrip gevangene en verwys direk na die veiligheidsaspek van aanhouding van die gevangene binne 'n spesifieke soort gevangenis.

### 1.8.2. GEVANGENIS

Volgens artikel 9 van die **Wet op Gevangenisse en Verbeteringestigte**, Wet 13 van 1911, is 'n gevangenis beskou as 'n strafinrigting waar slegs gevonniste gevangenes aangehou is.

Die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, sê 'n gevangenis beteken:

> *enige plek wat ingestel is kragtens hierdie Wet, as plek vir die ontvangs, aanhouding, opsluiting, opleiding of behandeling van persone onderhewig aan aanhouding onder bewaking of aan aanhouding binne of plasing onder beskermende bewaking, en alle grond, buitegeboue en persele aangrensend aan enige sodanige plek en gebruik met betrekking daartoe.*

Clear & Cole (1994: 13) beskou 'n gevangenis as: *"... an institution for the incarceration of persons convicted of serios crimes"*. Vir die navorsingsonderwerp is Clear & Cole se definisie die mees gepaste aangesien slegs die posisie van die gevonniste gevangene bespreek word.

### 1.8.3. GEVANGENISARGITEKTUUR

Volgens Bruyns (1999: 23) verwys gevangenisargitektuur na die infrastruktuur van die korrektiewe sisteem en sluit aspekte soos strukture, stelsels en prosedures in wat die sisteem aanwend om in die behoeftes en aspirasies van sy personeel te voldoen. Binne die raamwerk van die ondersoek het die begrip

argitektuur 'n spesifieke betekenis aangesien dit telkens verwys na 'n besondere vorm van gevangenis-ontwerp.

### 1.8.4. PENOLOGIE

Penologie is die studie van straf, die hantering van oortreders en die korrektiewe aspekte van die regs-plegingstelsel. Dit hanteer die teoretiese beginsels van straf, die strafoogmerke, hofprosedures, die aanhouding en hantering van oortreders, asook alter-natiewe vonnisse soos gemeenskapsgebaseerde vonnisse.

## 1.9. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar 'n uiteensetting gegee rakende die beoogde doelstellings van die navorser betreffende die navorsingsonderwerp. Die doelwitte word nagetreef deur die bestudering van relevante literatuur met betrekking tot die keuse van die onderwerp.

Deur die loop van die proefskrif sal opgemerk word dat die behandelingsideaal beïnvloed word deur elke faset in 'n gevangenis, des te meer nog 'n **super maksimum gevangenis.** Die literatuurstudie word dan

ook afgeskop met 'n historiese perspektief betreffende gevangenisargitektuur en gevangenishervorming. Ook die argitektuur van 'n gevangenis is telkens beïnvloed deur die behandelingsideaal wat op gegewe tydstip voorgestaan is.

# HOOFSTUK 2

# HISTORIESE OORSIG VAN GEVANGENISARGITEKTUUR EN GEVANGENISHERVORMING

## 2.1. INLEIDING

Gevangenisse en gevangenisstraf is van die vroegste tye denkbaar aan die mensdom bekend. Daar word algemeen aanvaar dat die gevangenis aanvanklik gedien het as 'n plek waar die beskuldigde vóór vonnis aangehou is en waar bekentenisse deur marteling afgedwing is en nie as inrigting vir die oplegging van straf nie. Navorsing het egter getoon dat in sommige lande en vir sommige oortredings, gevangenisstraf van die vroegste tye toegepas is. So het Marvin Wolfgang (Barnes & Teeters 1959: 329) onder andere gevind dat heelwat persone gevonnis is om 'n spesifieke tydperk in die Florentynse gevangenis, *Delle Stinche*, wat reeds so vroeg as 1300 gebou is, deur te bring. Rekords toon dat daar 'n klassifikasiestelsel, 'n in-

spektoraat, ontspannings- en opleidingsprogramme in plek was en dat gevangenes van mekaar geskei was.

Aanvanklik is min aandag aan die argitektoniese uitleg van gevangenisse bestee. Cilliers (1998: 4) is van mening dat geen nuwe geboue opgerig is om as gevangenisse te dien nie, maar dat ou geboue eerder opgeknap en vir hierdie doel aangewend is. Die belangrikheid van gevangenisargitektuur moet nie onderskat word nie aangesien daar nie sukses behaal kan word met die behandeling van oortreders indien hulle in 'n gebou geplaas word wat nie spesifiek vir daardie doel ontwerp is nie. Bentham (Grünhut 1948: 51) stel dit as volg: *"Morals reformed, health preserved, industry invigorated, instruction diffused, public burdens lightened, economy seated, as it were, upon a rock, the Gordian knot of the Poor Laws not cut, but untied, - all by a simple idea in Architecture!"*.

## 2.2. ONTWIKKELING VAN GEVANGENISARGITEKTUUR

### 2.2.1. "LEX TALIONIS" EN DIE EERSTE GEVANGENISSE

Hamurabi se ***Law of Retaliation*** in die jaar 1927 v.C. ondersteun die oog vir 'n oog en tand vir 'n tand

beginsel. Volgens Cilliers & Cole (1996: 155) was hierdie wet een van die vroegste geskrewe oorblyfsels van antieke strafbeleidsrigtings en 'n vroeë en gesistematiseerde poging om 'n sosiale en ideologiese doelstelling te bereik deur middel van noukeurig tegniese prosedures. Die brutaliteit van hierdie wet was kenmerkend van alle kontemporêre strafmetodes en het die grondslag gelê vir 'n aantal eeue daarna.

Gevangenisse as strafinrigtings was onbekend in die antieke tyd en is gewoonlik slegs gebruik as plekke waar verhoorafwagtendes, skuldenaars en politieke oproermakers gehuisves is. In die vyfde eeu v.C. veronderstel Plato in sy ***De Legibus*** die moderne korrektiewe sisteem as volg: *"Let there be three prisons in the city, one for the safe keeping of persons awaiting trial and sentence; another for the amendment of disorderly persons and vagrants, those guilty of misdemeanours, to be called a Sophronesterion (house of corrections),...; a third to be situated in the country away from the habitations of man, and to be used for the punishment of felons"* (UNSDRI 1975: 13).

Die geskiedenis van gevangenisstraf as wettige vorm vir die toepassing van straf begin met 'n negatiewe

uitlating van keiser Justinianus. In sy ***Digesta***, wat in 533 v.C. geskryf is, verwys hy na 'n opmerking wat deur die Romeinse juris Ulpianus gemaak is, naamlik: *"Presidents' usually sentenced people to be held in prison or to be fettered. This is illegal, since such forms of punishment have been prohibited"*.

In sy ***Digesta*** voeg Justinianus die volgende by: *"Carcer ad continendos homines, non ad puniendos haberi debet"*, wat beteken dat gevangenisse slegs vir aanhouding gebruik moet word en nie vir straf nie. Gevangenisstraf was dus nie onbekend aan die Romeine nie, maar onwettig as 'n straf in die Romeinse straf- en siviele reg (Grünhut 1948: 11).

Wat betref die ontwerp van die gevangenis, is daar nie eenstemmigheid nie. 'n Groot verskeidenheid geboue wat nie vir bewoning geskik was nie en selfs grotte is aanvanklik as gevangenisse benut. Volgens Du Pré (1974: 4) was die vroegste gevangenisse rondvormig en onder die grondoppervlak. Gevangenes is deur 'n opening in die vloer daarin laat afsak. Wanneer die vraag gevra word waarom juis ondergronds, is die oplossing moontlik geleë in die feit dat ontvlugtings hierdeur bemoeilik is en dat die ruimtes vir geen ander doel aangewend kon word nie.

'n Kenmerk van die vroegste gevangenisse was dat daar geen sistematiese beleid ten opsigte van gevangenisstraf vir veroordeelde misdadigers, of oor die funksie van gevangenisstraf was nie (Cilliers 1998: 3).

### 2.2.2. BYBELSE PERSPEKTIEF

Reeds in die eerste Bybelboek, Genesis, vind ons verwysings na die gevangenis en gevangenisstraf. In Genesis hoofstukke 37, 39 en 40 word die verhaal van Josef vertel. Nadat Josef se broers hom aan die Ismaeliete verkoop het en hulle vir Josef na Egipte geneem het, word hy 'n slaaf in die huis van Potifar, 'n amptenaar van die farao. Potifar se vrou beskuldig Josef valslik daarvan dat hy oneerbare voorstelle aan haar gemaak het waarop Potifar kwaad geword en vir Josef in die tronk gegooi het. In hierdie tronk was ook ander mense wat deur die koning gevange gehou is.

Verskeie ander prominente figure in die Ou Testament maak ook die een of ander tyd om verskillende redes en op verskillende wyses kennis met die gevangenis. So kry ons 'n voorbeeld van voorlopige inhegtenisneming in Levitikus 24 vers 10-12, naamlik: *"Daar was 'n man tussen die Israeliete wat 'n Egiptiese pa en*

*'n Israelitiese ma gehad het... Dié man het in die kamp met 'n man van suiwer Israelitiese afkoms in 'n woordewisseling betrokke geraak en die Godsnaam lasterlik gebruik. Hy is toe na Moses toe gevat en gevange gehou. Intussen is 'n beslissing van die Here oor die saak afgewag".* 'n Voorbeeld van gevangenisstraf gekombineer met dwangarbeid vind ons weer in Rigters 16 vers 21 waar Simon die meul moes draai in die gevangenis, naamlik: *"Die Filistyne het hom gegryp en sy oë uitgesteek. Hulle het hom na Gasa toe gevat en hom met 'n dubbele bronsketting geboei. In die tronk moes hy die meul draai".* Daar word ook verwys na verswarende omstandighede tesame met gevangenisstraf. 'n Voorbeeld hiervan word gevind in 2 Kronieke 18 vers 26, naamlik: *"Sê vir hulle die koning sê hulle moet hierdie man in die tronk sit en hom 'n skraal rantsoen kos en water gee...".*

Een van die kenmerke van 'n gevangenis in hierdie era was dat dit meestal bestaan het uit een groot ruimte waarin heelparty gevangenes opgesluit is. Aparte selle was 'n onbekende verskynsel. Verder was gevangenes vir hul eie onderhoud verantwoordelik en het slegs 'n beperkte mate van bewegingsvryheid geniet (Hallema 1958: 10).

## 2.2.3. DIE MIDDELEEUE

Gedurende die middeleeue is van kasteelgevangenisse gebruik gemaak. Soos die naam aandui was hierdie gevangenisse gesetel in die kelders van kastele. Kasteelgevangenisse was bekend vir hul "... *ghastly cells, dungeons and oubliettes in which thousands of prisoners were killed or left to die in misery*" (UNSDRI 1975: 13). Een van die uitstaande kenmerke van gevangenisse uit hierdie era was dat dit slegs maksimum sekuriteitsinrigtings was en dat brutale optrede teenoor gevangenes aan die orde van die dag was (UNSDRI 1975: 13).

Ook in Suid-Afrika is van hierdie tipe gevangenisse gebruik gemaak. Met die voltooiing van die vyfpuntige Kasteel in 1679, te Kaap de goede Hoop, is selle in die bastions Catzenellenbogen en Leerdam aangebring. Na hierdie selle word verwys as *gevangenhuijzen*. Onder Catzenellenbogen was die berugte "Donker Gat" of folterkamer wat gebruik is om bekentenisse af te dwing. Die "Donker Gat" was koud, donker, vogtig, sonder enige lig en met baie min lug (Van Wyk 1964: 92).

## 2.2.4. GEVANGENISHERVORMING

Veral twee bewegings het 'n invloed op gevangenishervorming en nuwe idees in penologie uitgeoefen vir die volgende twee eeue. Die eerste was die Rooms Katolieke Kerk en meer spesifiek Filippo Franci wat in 1650 'n inrigting vir jeugdiges te Florence op die been gebring het. Dit was ook deur Franci se toedoen dat die San Michele inrigting, die eerste enkelselgevangenis in die wêreld, vyftig jaar later in Rome opgerig is.

Die tweede was die Kwaker-beweging in Amerika. Geskok deur die onmenslike en wrede strawwe eie aan die tyd, begin hulle hierdie strawwe vervang met gevangenisstraf in West Jersey en Pennsilvanië. Die eerste gevangenis wat hul gebruik was 'n hok van 2.1 meter lank en 1.5 meter breed. Hierdie gevangenis word egter gou vervang deur 'n groter hut en nog later 'n steengebou met vier kamers. Teen 1717 was dit egter so oorvol dat verskeie aanbiedinge vir die oprigting van 'n nuwe gevangenis ingestroom het. Ongelukkig kon niks gedoen word voor die ***Declaration of Independence*** in 1776 nie. Hierna word die Kwakers se gevangenissisteem egter hersien en ontwikkel dit tot

die invloedryke Pennsilvanië- en Auburn stelsels (UNSDRI 1975: 15).

## ■ Die Silentium van San Michele

Die agtiende eeu bring nuwe idees met betrekking tot gevangenisargitektuur mee. Pous Clemens XI omskep in 1703 die gevangenis van San Michele in Rome, in 'n aanhoudingsplek vir jeugoortreders.

Volgens Neser (1993: 63) sou die 50 jeugoortreders wat in die silentium gehuisves word, aan 'n streng roetine en stille assosiasie onderwerp word. Die oortreders moes daagliks na 'n gemeenskaplike saal gaan om te spin en weef. Geketting aan een voet en onder doodse stilte moes hulle hul dagtaak volvoer en soms is traktate met 'n godsdienstige tema aan hulle voorgelees. Snags is elke jeugdige afsonderlik in 'n sel toegesluit. Jeugdiges wat egter as onrehabiliteerbaar beskou is, is dag en nag in hul selle aangehou (Grünhut 1948: 21). Die onderskeiding tussen rehabiliteerbare en onrehabiliteerbare jeugdiges asook die verskillende wyses waarop die twee groepe aangehou is, dui op 'n vroeë klassifikasiestelsel. Die feit dat gedragsmoeilike jeugdi-

ges voortdurend in enkelselle aangehou is, kan as die voorloper van die afsonderingsbenadering wat in **super maksimum gevangenisse** toegepas word, beskou word.

Die selblok van die San Michele met vensters na buite is deur die argitek Carlo Fontana ontwerp en word vandag steeds as prototipe gebruik (Cilliers 1998: 5; Neser 1993: 63). Volgens Barnes & Teeters (1959: 334) was die plasing van die selle as volg: *"Three tiers of cells on each side of the large central corridor, making a total of sixty"*. Die historiese waarde van die struktuur moet nie onderskat word nie, veral as daar in ag geneem word dat dit steeds, 300 jaar na sy oprigting, vir dieselfde doel gebruik word as waarvoor dit aanvanklik opgerig is.

## ■ Die aanvaarding van die selplan

In 1764 verskyn Beccaria se beroemde ***Dei delitte e delle penne*** (An essay on Crime and Punishment), wat die strafreg van sy tyd geheel en al beïnvloed het. Trouens, selfs vandag nog is sy ideale en standpunte in die meeste lande se strafregstelsels ingeweef. Kort hierna, in 1777, volg

***The State of Prisons in England and Wales, with preliminary Observations, and an Account of some Foreign Prisons***, deur John Howard. In sy boek stel Howard duidelike riglyne vir die argitektoniese ontwerp van gevangenisse in die toekoms. Volgens sy mening moet 'n gevangenis so ontwerp word dat dit voldoende sekuriteit verskaf, selle moet nie te beknop wees nie en voorsiening moet ook gemaak word vir behoorlike sanitêre geriewe (Grünhut 1948: 35). Die werke van hierdie twee skrywers het 'n hernude oplewing tot die benadering van gevangenisstraf oor die hele Europa tot gevolg gehad.


Gedurende dieselfde tyd beywer Jonas Hanway hom vir die totstandkoming van gevangenisse met enkelselle. Hy is van mening dat die doel daarvan tweevoudig is, naamlik "... *of chastisement and repentance...*". In 1776 publiseer Hanway dan ook 'n skrywe in hierdie verband met die titel ***Solitude in imprisonment, with proper labour and spare diet, the most humane and effectual means of bringing malefactors to a right sense of their condition*** (Grünhut 1948: 31). Ook Cilliers (1998: 6) is van mening dat daar slegs met die aanvaarding van die selplan in die ontwerp van

gevangenisse, dissipline en matigheid by oortreders aangekweek kan word. In hierdie verband is die oprigting van die Maison de Force of *Octagon* in 1773, wat voortgebou het op die konsep van San Michele, naamlik om die tradisies en dissipline van die Katolieke Kerk tot strafdoelwit aan te wend, belangrik (Jackson 1983: 10).

Graaf Vilain word deur sy onderdane versoek om 'n inrigting te bou waarin rondlopers en misdadigers gehuisves kon word ten einde hul uit die strate van Gent te verwyder. Buiten die feit dat Vilain die argitektoniese uitleg van die gevangenis goed beplan het, het hy ook aandag geskenk aan aspekte van korrektiewe administrasie deurdat hy "... *provided for rudimentary classification of prisoners. Felons were separated from misdemeanants and vagrants. There was a distinct quarter for women and another for children. He urged that each criminal be sentenced for at least one year so he might be reformed by being taught a trade, but he was opposed to life imprisonment. He anticipated such services as adequate medical care for his prisoners, productive labour, individual cells, and a meaningful discipline without*

*any semblance of cruelty"* (Barnes & Teeters 1959: 331).

Die Maison de Force het soos 'n reuse wawiel gelyk. In die middel was 'n agthoekige binneplein, omring deur agt driehoekige binnehowe. Elkeen van hierdie binnehowe is vir 'n spesifieke groep gevangenes gereserveer. Aan die kante van elke binnehof was daar suilegange, bestaande uit werkswinkels onder en drie verdiepings selle bo-op. Grafies kan dit as volg voorgestel word:



***Figuur 1***

In teenstelling met die San Michelle gevangenis, is selle rug aan rug geplaas. Aangesien daar

gange voor die deure was en die enigste lig gekom het van 'n venstertjie bokant die deur, was die selle baie donker (Cilliers 1998: 7). Die gevangenis is só ontwerp om voorsiening te maak vir maksimum toesighouding en terselfdertyd die kleinste moontlike kans tot ontsnapping te bied en het die model geword waarvolgens vroeëre gevangenisse in Engeland, Amerika en Kanada, gebou is (Jackson 1983: 10).

### ■ Die Panopticon-plan van Jeremy Bentham


Vir die volgende aantal jare bevraagteken strafhervormers nie die doel van straf nie, maar voel tog dat straf nie bloot opgelê moet word ter uiting van wraak en vergelding nie. John Howard is verder van mening dat strawwe en strafinrigtings *"... should not degenerate into cruelty, abuse, injustice..."* (Freeman 1978: 11). Volgens Jeremy Bentham, wat verantwoordelik was vir die Panopticon-ontwerp vir gevangenisse, moes straf gesien word as *"... an act of calculation, disciplined by considerations of the social good and the offender's needs"* (Jackson 1983: 12). Bentham het bykans 60 jaar gewy aan *"... hammering out principles of punishment, elaborate schemes*

*of prisons and penalties, which were yet curiously remote from real life and real men"* (Freeman 1978: 11).

Tussen 'n verskeidenheid voorstelle van Bentham betreffende strafhervorming, was daar ook 'n plan vir die oprigting van 'n gevangenis. Sy broer Samuel het 'n werkswinkeluitleg ontwerp wat Jeremy gesien het as die ideale voorstelling van 'n gevangenis. In 1787, deur middel van 'n reeks briewe geskryf uit Rusland, ontwikkel hy 'n skema vir *"... a mill grinding rogues honest and idle men industrious"*. Die briewe word later onder die titel ***Panopticon or the Inspection House***, gepubliseer. Die woord Panopticon gee dan ook uitdrukking aan die kern van die nuwe voorstel, naamlik: *"... a building and a prison régime based upon the principle of an omnipresent inspection"* (Grünhut 1948: 50).


Foucalt (1977: 200) beskryf die argitektuur van die Panopticon as volg: *"... at the periphery, an annular building; at the centre, a tower; this tower is pierced with wide windows that open onto the inner side of the ring; the peripheric building is divided into cells, each of which extends*

*the whole width of the building; they have two windows, one on the inside, corresponding to the windows of the tower; the other, on the outside, allows the light to cross the cell from one end to the other".* Dit kan grafies as volg voorgestel word:



**Figuur 2**

In 1818 word die Western Penitentiary te Pittsburgh, volgens Jeremy Bentham se Panopticon-ontwerp, opgerig. 1829 sien die opening van die Eastern Penitentiary te Cherry Hill, wat bestaan uit 400 enkel selle met individuele oefenwerwe. Die konstruksie van verskillende vleuels wat vanuit die middel van die gebou vertak, is deur John Havilland ontwerp en lyk as volg:



*Figuur 3*

Hoewel sy ontwerp op die van Bentham steun, voer Havilland aan dat sy ontwerp op die Engelse model van die Ipswich Prison geskoei is. In 1833 bou hy 'n soortgelyke gevangenis te Trenton, naamlik die New Jersey State Prison. In Amerika is hierdie drie gevangenisse gesteun deur die voorstanders van die Pennsilvanië stelsel (Grünhut 1948: 46).

## 2.3. DIE AMERIKAANSE BYDRAE TOT DIE ONTWIKKELING VAN GEVANGENISSE

### 2.3.1. INLEIDING

Gedurende die eerste dekades van die negentiende eeu sentreer die algemene besprekings rakende strafhervorming in 'n grootskaalse toutrekkery tussen verskillende abstrakte sisteme. Onder die nuwe geslag verligte Amerikaners ontstaan die begeerte om nie slegs oortreders vir hul dade te straf nie maar terselfdertyd 'n gemeenskap te herstruktureer wat hulle van mening was in die vorige eeu bestaan het. Derhalwe begin hulle 'n veldtog vir die ontwerp van inrigtings om hierdie geïdealiseerde sosiale orde te herskep.

### 2.3.2. DIE PENNSILVANIë STELSEL

In 1776 stig voorstanders van die Pennsilvanië stelsel die eerste gevangenisvereniging in die wêreld, naamlik die **Philadelphia Society for Distressed Prisoners.** Onder leiding van Benjamin Rush word die vereniging in 1787 herbenoem na die **Philadelphia Society for Alleviating the Miseries of Public Prisoners** (Grünhut 1948: 45 & 247). In 1790 slaag die vereniging daarin om gevangenisstraf met harde arbeid in Pennsilvanië as straf erken te kry. Hul eerste taak hierna is dan ook die herorganisering van die Walnut Street Jail (Cilliers 1998: 11).

### Walnut Street Jail

In 1790 word die beginsels van alleenopsluiting en gevangenisarbeid, soos voorgestel deur Howard, vir die eerste maal in die gevangenisgeskiedenis van Amerika toegepas (Barnes & Teeters 1959: 336). 'n Deel van die Walnut Street Jail is omskep tot 'n gevangenis binne 'n gevangenis ten einde voorsiening te maak vir die alleenaanhouding van moeilik hanteerbare oortreders (Reid 1994: 603). Die nuwe deel staan dan ook bekend as die *Penitentiary House* en het drie van die buitengewone eienskappe besit wat Howard vroeër vir die ontwerp van gevangenisse aanbeveel het, naamlik: *"... it was arcaded; its 16 cells were vaulted; each cell held a latticed door and a wooden door"* (Freeman 1978: 31). Van penologiese belang is die feit dat hierdie gevangenis die eerste is om van 'n klassifikasiestelsel sowel as gevangenisarbeid gebruik te maak. Geslagte word van mekaar geskei en 'n benadering van *"firmness and kindness"* word gevolg in plaas daarvan om slegs op straf te konsentreer (Barnes & Teeters 1959: 336). Gevangenes het vir agt tot tien uur per dag arbeid in hulle selle verrig waarvoor hulle vergoeding ontvang het. Verder het hulle

godsdiensonderrig ontvang en kon slegs saans met hul mede-gevangenes in die gemeenskaplike saal verkeer (Reid 1994: 603).

Vir etlike jare na 1790 geniet die Walnut Street Jail en sy Penitentiary House die reputasie van 'n model gevangenis en word sy uitleg en programme regoor Europa nagevolg (Freeman 1978: 31). Teen 1800 blyk die tekortkominge van die gevangenis egter duidelik. Oorbevolking in gevangenisse maak werk in individuele selle onmoontlik en daarbenewens is daar ook nie voldoende produktiewe arbeid tot die groot hoeveelheid gevangenes se beskikking nie. Alhoewel die Walnut Street Jail weens redes soos oorbevolking, onvoldoende fondse, politieke onsekerheid en te min opgeleide personeel nie die mas kon opkom nie, word dit steeds beskou as die "... *birthplace of the prison system, in its present meaning, not only in the United States but throughout the world.*" (Reid 1994: 603).


■ **Cherry Hill**

Die Walnut Street gevangenis word vervang deur 'n unieke massiewe struktuur wat deur John Haviland

ontwerp is. Haviland is deur die staat van Pennsilvanië genader om 'n "... *escape-proof, easily-guarded institution for male felons who were to be imprisoned under perpetual but humane solitary confinement of a type disallowing any communication between inmates...*" (Freeman 1978: 31), te ontwikkel. Die gevolg was die Eastern State Penitentiary, te Philadelphia ofte wel Cherry Hill.

Die Cherry Hill gevangenis wat in 1829 opgerig is se uitsluitlike doel was om gehoor te gee aan die voorskrifte van die Pennsilvanië sisteem. Dit beteken die algehele afsondering en eensame opsluiting van gevangenes (Reid 1994: 603; Barnes & Teeters 1959: 339). Die gevangenis bestaan uit sewe vleuels met 'n sentrale rotunda voorsien van 'n uitkyktoring (Cilliers 1998: 11). Volgens Barnes & Teeters (1959: 339) het hierdie vleuels, wat vanaf die sentrale punt uitgeloop het, gelyk soos die speke van 'n wiel. Vier van die vleuels was een verdieping hoog en die ander drie, twee verdiepings. Elk van die vleuels was ontwerp met 'n sentrale gang wat toegang verleen het tot 'n ry selle aan elke kant daarvan. Die gevangenis het oor vierhonderd selle beskik (Cilliers 1998:

11). Die grafiese voorstelling daarvan is as volg:



*Figuur 4*

Aan elke sel was 'n klein oefenwerf gekoppel waar die gevangene twee keer per dag kort rukkies kon verwyl. Die res van die dag moes hy in sy sel werk, slaap en eet (Barnes & Teeters 1959: 339). Hierdie konsep word steeds in geval van maksimum en dus ook **super maksimum gevangenisse** aangetref.

Gevangenisarbeid het take soos skoenmakery, wewery en die kleur van gare ingesluit. Sodra die gevangene die gevangenis betree het is hy geblinddoek en na sy sel gelei. Elke moontlike voorsorgmaatreël is getref om te voorkom dat hy

die uitleg van die gevangenis of sy mede gevangenes kon sien (Barnes & Teeters 1959: 339).

## ■ Invloed van die Pennsilvanië stelsel

Die nuwe gevangenissisteem trek regoor Europa aandag en gedurende die dertigerjare het heelwat Europese afgevaardigdes Amerika besoek ten einde kennis in te win wat hul later op hul eie lande se gevangenisstelsels van toepassing kon maak. Engeland vaardig W. Crawford en Charles Dickens af; Frankryk vir A. de Tocqueville, G.M. de Beaumont en F.A. Demetz; België, E. Ducpétiaux; en Duitsland vir Dr Julius. Almal buiten Dickens het in guns van die gevangenissisteem terugrapporteer. Alhoewel Dickens die menslike en hervormende behandeling van die oortreder na aanleiding van die ***Friends of Philadelphia*** voorstaan, vestig hy die aandag op die nadelige effek wat alleenopsluiting op die geestestoestand van die gevangene het (Grünhut 1948: 46-47). Die gevangenisargitektuur van die Pennsilvanië stelsel was nie baie gewild in Amerika nie, maar het nogtans die model vir die meeste Europese gevangenisse geword (Reid 1994: 604). Die Amerikaners was van mening dat gevangenes hul onderhoud moes


verdien om sodoende die finansiële las van die staat te verlig. Die ***Boston Prison Discipline Society*** staan 'n stelsel van godsdienstige onderrig asook die plasing van gevangenes onder kontrak by private werkernemers voor. Dié stelsel vereis egter 'n andersoortige gevangenis met onder andere kleiner slaapselle aangesien die sel dan slegs as slaapplek gebruik sou word. Alhoewel die vereniging die Wethersfield-gevangenis te Connecticut as modelinrigting beskou, raak die nuwe stelsel bekend onder die Auburn-gevangenis (Cilliers 1998: 12).

### 2.3.3. DIE AUBURN STELSEL

In teenstelling met die Pennsilvanië stelsel, het die ontwerp van die Auburn stelsel gevangenes toegelaat om gesamentlike arbeid te verrig. Die *"silent system"* is egter deurgaans toegepas. Dit het ingehou dat gevangenes tydens ete na mekaar se rûe moes kyk in plaas van mekaar se gesigte. Verder moes hulle met hul arms gevou staan en hul oë grondwaarts gerig hou ten einde kommunikasie te voorkom. Gevangenes is verder geïsoleer deur reëls wat hul kontak met die buitewêreld beperk het. Tydens die bywoon van godsdiensaktiwiteite, het hulle in hokkies gesit wat hul

verhoed het om enige persoon buiten die spreker te sien (Reid 1994: 604).

Die selle in die Auburn-gevangenis was sewe voet lank en drie voet ses duim breed en heelwat kleiner as die selle van byvoorbeeld Cherry Hill. Gesien in die lig van die feit dat gevangenes in die Cherry Hill gevangenis ook hul sel as werkswinkel moes gebruik, is dit verstaanbaar (Barnes & Teeters 1959: 350). Volgens Cilliers (1998: 13) was die selle te klein om dit geskik te kon maak vir menslike bewoning. 'n Gevangenis gebou volgens die voorskrifte van die Auburn stelsel was egter meer ekonomies om op te rig. Die uitleg kan beskryf word as *"... a fortresslike building with a series of tiers set in a hollow frame"* (Reid 1994: 604) en het as volg daar uitgesien:



*Figuur 5*

Die Auburn stelsel is van groot belang vir penoloë aangesien daar in hierdie stelsel vir die eerste keer van werkswinkels binne gevangenisse gebruik gemaak is. Nadele van die stelsel is dat daar geen voorsiening gemaak word vir enige vorm van sport of ontspanning nie. Vir die eerste maal in die geskiedenis van gevangenisse het die godsdienstige behandeling van die gevangene se oortuiging afgehang en was deelname daaraan vrywillig (Neser 1993: 65).

Volgens Cilliers (1998: 13) was dit moeilik om die Auburn stelsel met strafhervorming te identifiseer. In 1825, met gevangenisarbeid uit Auburn, word daar begin met die bou van 'n nuwe gevangenis naamlik Sing-Sing. Die ontwerp is geskoei op dié van die Auburn stelsel, maar net groter en meer realisties. Vir bykans 'n honderd jaar dien Sing-Sing as model vir die Amerikaanse gevangenis.

**2.3.4. ELMIRA STELSEL**

In 1863 besoek Gaylord Hubbell, een van die bewaarders by die Sing-Sing gevangenis, Ierland. Hy stel voor dat die Ierse strafbeskouing wat op die indeterministiese lees geskoei is, na Amerika ingevoer moet word. Dit hou in dat 'n gevangene voortaan sy vry-

heid sou moes verdien (Barnes & Teeters : 425). Gedurende 1869 word die nuwe gevangenissisteem volgens wetgewing in New York ingestel. Dit verskil van die vroeëre modelle deurdat aspekte soos "... *educational and vocational training. Indeterminate sentences with maximum terms, opportunity for parole, and classification of inmates according to conduct and achievement...*" (Reid 1994: 605), aandag geniet.

Die Elmira Reformatory open sy deure in 1876 en slegs manlike gevangenes tussen die ouderdom van 16 en 30 jaar word geakkomodeer. Zebulon Brockway, die eerste superintendent van Elmira sien die uitleg van die gebou ten einde te voldoen aan die vereistes wat die nuwe stelsel stel, as volg: *"The material structural establishment itself... The general plan and arrangements should be those of the Auburn System plan, modified and modernized; and 10% of the cells might well be constructed like those of the Pennsylvania System structures. The whole should be supplied with suitable modern sanitary appliances and with abundance of natural and artificial light"* (Barnes & Teeters 1959: 426).

Volgens sommige navorsers (Humphrey & Milakovich 1981: 48-49; Grünhut 1948: 91-93) het hierdie her-

vormingsbeweging egter gefaal as gevolg van die "... *restraints imposed by the emphasis on security"*. Barnes & Teeters (1959: 426) is egter van mening dat die stelsel geslaagd was aangesien die argitektoniese uitleg vir 'n aantal gevangenisse in Amerika gebruik is en positiewe verslae van die superintendente van die nuwe inrigtings ontvang is. Vir die eerste maal in die geskiedenis is daar ook aandag geskenk aan gevangenisadministrasie.

## 2.4. DIE NEGENTIENDE EEU

Die einde van die agtiende eeu word gekenmerk deur die transportasie van Engeland se misdadigers. Die vermorsing aan mannekrag laat die owerhede egter besluit om misdadigers "... *instead of being sentenced to transportation or even death, might be sentenced to a term of hard labour which would consist in clearing and cleaning the River Thames of soil and gravel"* (Steyn 1959: 24). Na aanleiding hiervan word bepaal dat gevangenes wat genoemde werk moes verrig, in die ou skepe, ook bekend as *hulks*, opgesluit moes word. Toestande in hierdie gevangenisskepe het aan onmenslikheid gegrens en "... *the hulks became notorious as the most brutal and worst conditioned penal institutions then in existence"* (Steyn 1959:

24). Met die draai van die eeu en net voor die algehele afskaffing van die transportasiestelsel begin Engeland ook die moontlikheid van die hervorming van die gevangene insien. Die gevolg hiervan is die oprigting van die Millbank-gevangenis, gebou volgens Bentham se Panopticon-plan, in 1812 (UNSDRI 1975: 21).

Wat betref gevangenishervorming sit Elizabeth Fry die goeie werk van die Kwakers voort. Onder haar invloed stel Koning Frederik Wilhelm IV van Pruise 'n stelsel vir die bearbeiding van die gevangene in die Moabit-gevangenis in wat gerig was op die individuele behandeling van oortreders. Aangesien hierdie proefneming te gevorderd vir sy tyd was, kon dit ongelukkig nie slaag nie. Dit het egter tog bewys dat die afsondering van gevangenes in selle van geen betekenis is tensy dit gepaard gaan met 'n positiewe bydrae deur die bewaarders nie (Cilliers 1998: 15).

Teen 1830 was die Auburn- en Pennsilvanië stelsels welbekend buite Amerika se grense. Afgevaardigdes van verskeie lande besoek Amerika gedurende die volgende tien jaar en dit het tot gevolg dat die Pennsilvanië stelsel deur bykans elke Europese land aangeneem word (UNSDRI 1975: 22). Soos reeds gemeld het


die Auburn stelsel egter in Amerika steeds groter veld gewen.

## 2.5. DIE "TELEFOONPAAL"-ONTWERP

Op die gebied van gevangenisargitektuur is daar ook deurlopend vordering gemaak. Die stappe wat aanleiding gegee het tot Bentham se Panopticon-plan en die Pennsilvanië- en Auburn stelsels was nou verbonde aan die strafbeleid. Hedendaagse gevangenisargitektuur is egter weer nou verbonde aan administratiewe vereistes (Cilliers 1998: 17).

Een van die meer moderne ontwerpe in gevangenisargitektuur is die sogenaamde telefoonpaalplan. Die struktuur word so genoem omdat die vorm herinner aan die sentrale eenheid en dwarsbalke van 'n telefoonpaal (UNSDRI 1975: 23). Hierdie ontwerp bestaan uit 'n aantal selblokke wat deur 'n lang gang verbind word. Ten einde hul take binne die gevangenis te kan verrig kan gevangenes groot afstande binne die gevangenis aflê sonder om een keer by 'n deur in of uit te gaan (Barnes & Teeters 1959: 442).

Die oorspronklike plan was ontwerp deur Francisque-Henri Poussin en kan as volg voorgestel word:



*Figuur 6*

Poussin kan saam met John Haviland en Alfred Hopkins as die hoof innoveerders van gevangenisargitektuur beskou word. Die telefoonpaal-ontwerp is vir die eerste maal in 1898 met die bou van die Fresnes-gevangenis te Frankryk gebruik. Een van die uitstaande kenmerke van hierdie gevangenis was dat elke selblok 'n losstaande eenheid gevorm het ten einde gevangenes beter te kon klassifiseer. Die gebruik van 'n sentrale beheerpunt soos in die Auburn-stelsel is verwerp en aparte beheer is in elke selblok toegepas met algehele toesighouding vanaf 'n sentrale punt (UNSDRI 1975: 23). Sedert die begin van die twintigste eeu word die ontwerp vry algemeen in Amerika gebruik en ook 'n aantal Suid-Afrikaanse gevangenisse is daarvolgens opgerig (Cilliers 1998: 17).

## 2.6. MODERNE GEVANGENISARGITEKTUUR

Neser (1990: 67) huldig die mening dat 'n gevangenis onteenseglik gekoppel is aan 'n bepaalde filosofie ten aansien van die hantering van oortreders en die doel van aanhouding. Roberg en Webb (1981: 325) gaan van die volgende standpunt uit: *"Ecological psychology has taught us that, regardless of our motives and effort, programs will be shaped by the physical milieu in which they are attempted. Locked into the architecture of the era of the fortress prison, we have found that a century and a half of redefinitions have been meaningless. Regardless of reform efforts, most prisoners live behind the high walls of the fortress prison... These monuments to inhumanity, with their tiers of cells, referred to as cages by those who live in them, will function to inhibit correctional reform for the decades to come".*

John Howard (UNSDRI 1975: 17) het reeds in die agtiende eeu die volgende beginsels vir gevangenisargitektuur voorgestel, naamlik:

- *a suitable site, preferably near a river, away from towns and other buildings*
- *proper hygiene and adequate sanitation*

- *cell blocks to be square or rectangular and raised on arcades to leave dry exercise courts beneath*
- *adequate separation of prisoners according to sex, age, and nature of crime*
- *facilities for warming and ventilating the prison*
- *security and ease of supervision.*

Volgens Cilliers (1998: 19-23) moet die volgende aspekte tydens die beplanning van 'n nuwe gevangenis, wat ook **super maksimum gevangenisse** insluit, aandag geniet:

- **die inrigting moet vir 'n bepaalde doel beplan word**

  Die oorspronklike doel van gevangenisstraf is gekenmerk deur 'n uitsluitlike motief van wraak of vergelding. Die misdadiger is na die gevangenis gestuur vir straf. Hierdie gevangenisstraf is gekenmerk deur eensame opsluiting met harde arbeid. Vandag word die ontneming van 'n persoon se vryheid egter as die hoofelement van straf beskou en derhalwe word die oortreder na die gevangenis gestuur as straf. Strafmaatreëls soos

marteling en pyniging het plek gemaak vir 'n intensiewe behandelingsprogram wat daarop gemik is om nuwe gewoontes by die gevangene aan te kweek (Malan 1979: 4). As gevolg hiervan is dit noodsaaklik dat daar by die beplanning van die gevangenis voorsiening gemaak word vir die elemente van die behandelingsprogram wat vir die spesifieke kategorie oortreders wat daar gehuisves gaan word, nodig is. Die belangrikste faktore wat oorweging behoort te geniet is:

- die tipe gevangenes wat by die inrigting aangehou gaan word, met spesifieke verwysing na ouderdom en geslag. Ook van belang is die aard van die veiligheidsmaatreëls wat op die besondere groep van toepassing gaan wees, naamlik maksimum-, medium- of minimumsekuriteit
- die rol wat aan arbeid verleen gaan word, hetsy ten opsigte van die nywerheid of landbou, godsdiens, ontspanning, mediese, sielkundige en ander dienste
- sowel die grootte van die rigting as die ligging daarvan ten einde die grootste voordeel uit die beskikbare bronne te put
- dit is ook belangrik om te weet watter tipe inrigting voorgestaan gaan word en of die

inrigting ommuur gaan wees al dan nie. 'n Verdere aspek is die tipe akkommodasie wat aangebied gaan word byvoorbeeld enkelselle, slaapsale of 'n kombinasie daarvan ten einde die rehabilitasie en veilige bewaking van gevangenes te bewerkstellig

- die plek wat die inrigting in die organisasie en beleid van die owerhede gaan beklee.

■ **die ligging van die inrigting**

Die inrigting behoort nie binne of te naby 'n stad geleë wees sodat latere uitbreiding nie moontlik is nie. Dit behoort egter ook nie so ver en afgeleë te wees dat onderhoudskostes die hoogte inskiet nie. Besondere aandag behoort aan aspekte soos klimaat, water- en kragvoorsiening, vervoer en die beskikbaarheid van ontspanningsfasiliteite vir personeellede geskenk te word, sodat kontak met die buitewêreld nie verlore gaan nie.

Veral waar landbou deel van die behandelingsprogram vorm, is die ligging van die inrigting belangrik. Die waarde van die grond en ook die tipe produk wat daar verbou kan word sal die hoe-

veelheid gevangenes wat nuttig gebruik en opgelei kan word, bepaal.

- **die grootte van die inrigting**

Die meeste gevangenisse word ontwerp om 'n relatiewe groot gevangenisbevolking te huisves. Alhoewel daar nie eensgesindheid onder penoloë bestaan rakende die grootte en ontwerp van gevangenisse nie, is die meeste dit eens dat inrigtings met 'n hoë bevolking nie bevorderlik is vir die behoorlike kontrole en beheer van gevangenes nie en in baie opsigte kriminogeen van aard is om sodoende die meeste goed bedoelde behandelingspogings ongedaan maak (Neser 1990: 67; Roberg & Webb 1981: 325).

Volgens Cilliers (1998: 20) is die jongste tendens om gevangenisse kleiner te bou nieteenstaande die groter *per capita* uitgawe daaraan verbonde. Volgens die **Standaard Minimum Reëls** (1984) is 'n maksimum van 500 gevangenes die gewenste getal maar selfs dít word deur sommige penoloë as te groot beskou.

- **die grootte van die selle**

Die grootte van die selle word bepaal deur die tipe gevangene wat in die inrigting gehuisves gaan word. Aangesien gevangenes bedags saam verkeer is die afsondering snags dalk 'n bietjie kunsmatig en behoort gemeenskaplike slaapsale sterk oorweging te geniet. Indien daar wel van enkelselle gebruik gemaak word, moet toegesien word dat die selle ruim genoeg is. In die geval van die **super maksimum gevangene** word die enkelsel konsep egter voorgestaan en sal die moontlikheid van gemeenskaplike slaapsale nie kan realiseer nie.

- **voorsiening van arbeid**

Die plek wat gevangenisarbeid in die inrigting moet inneem, laat verskeie probleme met die ontwerp daarvan opduik. Die ontwikkeling van gevangenisargitektuur is met verloop van tyd minder beïnvloed deur die oorweging dat arbeid 'n goeie uitwerking op die gevangene het as deur die oorweging dat gevangenes verantwoordelik is vir hul eie onderhoud. Arbeidsverrigting in eensame opsluiting is nie lonend gevind nie en die

uiterste vorm van die alternatiewe *"silent system"*, soos teëgekom in die Auburn stelsel, is ook in belang van produktiwiteit aangepas. Die jongste tendens is om opleidingsfasiliteite te voorsien ten einde die gevangene toe te rus vir nuttige arbeid na sy ontslag.

Die verskillende motiewe betreffende arbeidsverrigting onder gevangenes lei ook skynbaar tot konflik. Waar arbeid aanvanklik as straf ingestel is, word die toestemming om te werk as voorreg beskou. Die gevolg hiervan is dat gevangenisowerhede voor 'n dilemma geplaas word. Die oplossing van die vraagstuk is geleë in óf die kontraktestelsel, wat geen werkswinkels in die inrigting vereis nie, óf die opleiding van gevangenes in verskillende ambagte. Hoe dit ook al sy, dit sal 'n invloed op die gevangenisargitektuur uitoefen.

- **voorsiening van opvoedkundige fasiliteite**

Een van die doelstellings van die moderne gevangenes is dat die gevangene voorberei moet word om na sy vrylating 'n nuttige landsburger te wees. Hierdie doel word nagestreef deur die

voorsiening van sowel skolastiese- as vakopleidingsfasiliteite. Klaskamers word so ontwerp dat die meeste tegniese hulpmiddels moontlik tot die beskikking van die gevangene is. Die skolastiese program moet die res van die gevangenis steun en daarby aanpas. Dit moet ook vir die gevangene moontlik wees om enige teoretiese aspek van sy vakopleiding prakties toe te pas.

Wat biblioteke aanbetref bepaal **Standaard Minimum Reël** 40: *Every institution shall have a library for the use of all categories of prisoners, adequately stocked with both recreational and instructional books, and prisoners shall be encouraged to make full use of it.* Derhalwe behoort die biblioteek nie slegs vir die ontspanning van die gevangene ingerig te wees nie, maar dit moet ook dien as opvoedkundige sentrum.

- **voorsiening van gesondheidsdienste**

Die voorsiening van geskikte gesondheidsdienste is noodsaaklik in elke gevangenis. Gesondheidsdienste behels nie slegs die mediese aspek nie maar sluit ook aspekte soos ventilasie en voldoende toiletgeriewe in. Tans maak gevangenisse

onder andere voorsiening vir goed toegeruste apteke en hospitaalsale. In groter gevangenisse word selfs teaters aangetref waar minder ernstige operasies uitgevoer kan word asook volledig toegeruste spreekkamers vir tandartse.

- **voorsiening van ontspanningsfasiliteite**

Daar moet deeglik kennis geneem word van die voorsiening van ontspanningsfasiliteite by die beplanning van die moderne gevangenis aangesien die aard en omvang van die fasiliteite 'n invloed op die ontwerp van die inrigting sal hê. Ontspannigsfasiliteite behels meer as net blote fisiese ontspanning en sluit aspekte soos studiefasiliteite, gevangenisbiblioteke, musiek- en dramaverenigings in.

- **beweging binne die gevangenis en beheer daaroor**

Afgesien van die aard van die inrigting, moet in gedagte gehou word dat mense heelwat binne die inrigting moet beweeg. Die beweging van een plek na 'n ander moet so beplan word dat dit nie tot chaos, tydsverlies, verhoogde koste of algehele ondoeltreffendheid aanleiding gee nie. Die no-

dige beheer moet dus te alle tye oor gevangenes uitgeoefen kan word. Daar moet ook aandag gegee word aan die op- en aflaai van goedere. Beskou vanuit die oogpunt van moontlike verliese wat gely mag word is die vervoer van klere en voedsel belangrik. Beskou uit die veiligheidsoogpunt, moet deeglike kontrole uitgeoefen word oor werksgereedskap en verdowingsmiddels.

Vanweë die bogenoemde kriteria word die moderne gevangenis beplan as 'n eenheid wat uit verskillende dele bestaan.

## 2.7. KONTEMPORêRE GEVANGENISARGITEKTUUR EN -ONTWIKKELING

### 2.7.1. INLEIDING

Gevangenisadministrasie en die argitektuur van gevangenisse het oor die afgelope aantal jare telkens veranderinge getoon. Volgens Cilliers (1998: 25) het die ontwikkeling meestal rondom die rehabilitasie van die oortreder gesentreer. Met die nastrewing van die rehabilitasie-ideaal is van verskillende teorieë gebruik gemaak en korrektiewe behandeling en beplanning het deur die volgende stadia en modelle gegaan:

- die mediese model (1920)
- die aanpassingsmodel (1970's)
- die herintegrasiemodel (1965)
- die geregtigheidsmodel (1970's)
- die neo-utilistiese strafmodel (1975)

### 2.7.2. DIE MEDIESE MODEL

Volgens Francis Allen (Bartollas 1985: 26) is die basiese uitgangspunte van die mediese model die volgende:

- menslike gedrag word veroorsaak deur gebeurtenisse in die persoon se verlede
- daar rus 'n verpligting op wetenskaplikes om hierdie oorsake bloot te lê
- kennis van die oorsake maak die beheer van menslike gedrag moontlik
- die maatreëls wat aangewend word om gevangenes te behandel moet ten doel hê om verandering teweeg te bring wat in belang van die oortreder se geluk, gesondheid en bevrediging is.

Aanhangers van die mediese model is oortuig dat die oorsake van misdadige gedrag gediagnoseer, geïsoleer en derhalwe ook suksesvol behandel kan word. Aangesien oortreders nie oor die vermoëns van vrye keuse

tussen gedragsalternatiewe beskik nie, behoort hul nie gestraf te word nie. Straf sal in so geval slegs 'n groter negatiewe selfbeeld tot gevolg hê (Neser 1989: 184).

Gedurende die laat 1960's toon die gewildheid van die model 'n afname. Empiriese studies het aangetoon dat inrigtingsbehandeling nie daarin geslaag het om residivisme te verminder nie. Gevangenisowerhede het ook tot die besef gekom dat die gevangenis, vanweë die onmenslike omstandighede, nie die aangewese plek is om verandering te bewerkstellig nie (Cilliers 2000: 150).

### 2.7.3. DIE AANPASSINGSMODEL

Die aanpassingsmodel veronderstel die volgende:

- die oortreder kan 'n wetsgehoorsame lewe lei indien hy die beginsel aanvaar dat hy verantwoordelik is vir sy foutiewe optrede en nie probleme uit die verlede as veskoning vir sy misdadige gedrag aanvoer nie
- oortreders het hulp nodig ten einde te kan aanpas by die eise wat die gemeenskap stel

- ten einde die gevangene se misdadige gedrag te verstaan, moet kennis geneem word van die gemeenskap en die interaksie van die oortreder daarmee.

In plaas daarvan om die "siekte" van die misdadiger en sy behandeling te beklemtoon soos in die geval van die mediese model, poog die voorstanders van die aanpassingsmodel om die gevangene eerder tot 'n sosiaal aanvaarbare aanpassing in die samelewing te lei (Neser 1993: 235).

**2.7.4. DIE HERINTEGRASIEMODEL**

Die onderbou van die herintegrasiemodel berus op die volgende:

- waar moontlik moet die oortreder se probleme binne die gemeenskap opgelos word aangesien dit daar onstaan het
- die gemeenskap het 'n verantwoordelikheid teenoor die oortreder ten einde hom te help om weer in te skakel by die sosiale orde. Die oortreder moet die geleentheid gebied word om wetsgehoorsame gedragspatrone te ontwikkel en te benut (Cilliers 1998: 27)

- die gemeenskap het 'n verpligting met die daarstel van gemeenskapsteunstelsels ten einde inskakelingsdoelstellings te verwesenlik
- gevangesetting word slegs in uiterste gevalle bepleit waar dit tot die veiligheid van die gemeenskap sal bydra.

Klein gemeenskapsgesentreerde inrigtings met die minimum klem op toesig en sekuriteit asook gevangenisprogramme wat toelaat dat die gevangene die inrigting mag verlaat ten einde met die gemeenskap te assosieer, maak die model ongeskik vir die gebruik in maksimum sekuriteitsgevangenisse. Indien die oortreder egter as deel van sy ontslagvoorbereidingsprogram vir 'n tydperk voor sy ontslag na 'n halfweghuis of selfs 'n oop gevangenis oorgeplaas word, kan die model ook vir die herinskakeling van die **super maksimum gevangene** gebruik word.

### 2.7.5. DIE GEREGTIGHEIDSMODEL

Hierdie model het aan die begin van die sewentigerjare ontwikkel en volgens David Fogel (1979: 184) kan die kern daarvan as volg saamgevat word: *"... properly understood, the justice perspective is not so*

*much concerned with the administration of justice as with the justice of administration".*

Volgens Neser (1990: 14) geld die volgende grondbeginsels:

- die grondslag van die regsplegingstelsel is verskans in 'n strewe na geregtigheid. Dit is hierdie geregtigheidsgrondslag eerder as rehabilitasie wat as doel van die stelsel behoort te dien
- Geregtigheid moet nie net as ideaal gesien word nie daar dit 'n praktiese en lewensvatbare doelwit is wat op grondvlak in enige komponent van die regsplegingstelsel kan realiseer deur redelike, menslike, regverdige en bestendige praktyke
- daar word van die indeterministiese standpunt uitgegaan wat veronderstel dat die oortreder oor 'n vrye wil beskik en daarvolgens sal handel. Die oortreder is dus verantwoordelik vir sy dade en op grond hiervan word straf vir 'n oortreding as verdiende loon beskou. Dit dui ook daarop dat die oortreder verkeerd opgetree het en dat die gemeenskap sy dade met afkeur bejeën.

Voorstanders van die model deel 'n diep bekommernis oor die diskresie van die staat wat nie behoorlik aan

bande gelê word nie. Cilliers (1998: 28) brei verder hierop uit en meld dat die wye diskresie waarmee beamptes kan optree aanleiding gee tot die misbruik van mag. So is gevalle al aangemeld waar oortreders verskillende vonnisse opgelê is vir presies dieselfde oortreding.

Patrick McAnany (Bartollas 1985: 154-155) spreek hom ten sterkste uit teen die geregtigheidsmodel. Hy is van mening dat:

- dit onaanvaarbaar is om vergelding as enigste strafoogmerk te hê aangesien geen ruimte gelaat word vir byvoorbeeld rehabilitasie of afskrikking nie
- probleme ontstaan wanneer die erns van 'n oortreding bepaal moet word
- die strafregsplegingtelsel sal moeilik verander aangesien dit onbuigbaar is en diep verstrengel is in die praktyke van die verlede. Die model is dus prakties moeilik uitvoerbaar.

**2.7.6. DIE NEO-UTILISTIESE STRAFMODEL**

Bentham en Beccaria was die grondleggers van die utilistiese straf filosofie wat gedurende die agtiende eeu uit die klassieke skool van die kriminologie ont-

wikkel het. Die filosofie het straf geregverdig op grond van die sosiale voordele wat dit bied, maar is in die dertigerjare uitgefasseer. Gedurende 1975 tree Wilson & Van Den Haag egter na vore om die neo-utilistiese strafmodel te vestig (Neser 1989: 193).

Volgens Cilliers (1998: 28) en Neser (1989: 194-196) berus die filosofie van hierdie model op die volgende aannames:

- dit is die taak van die regering om 'n regsorde daar te stel waarin inwoners geluk en sekuriteit kan geniet
- die basiese doelwit van straf is om orde te handhaaf
- daar word algemeen aanvaar dat straf misdadige gedrag sal voorkom en derhalwe geld die opvatting dat straf oor sowel 'n opvoedkundige as morele dimensie beskik
- oortreders is in staat om volgens hul wil op te tree en word nie deur magte buite hul beheer beïnvloed nie
- "straatmisdaad" soos roof, motordiefstal en moord word in 'n ernstiger lig beskou as byvoorbeeld witboordjiemisdaad aangesien dit groter vrees by die gemeenskap wek

- oortreders word alleen afgeskrik van misdadige gedrag wanneer hulle vir 'n tydperk uit die gemeenskap verwyder word
- wat rehabilitasie betref word die *nothing works*-leerstelling onderskryf en aangevoer dat daar geen afdoenbare bewys is dat rehabilitasie residivisme verminder nie
- gevangenisse is nie veronderstel om aangename plekke te wees nie, maar inrigtings waarheen misdadigers verwys word as straf.

Sterk kritiek word teenoor die onderdrukkende aard van die neo-utilistiese strafmodel uitgespreek. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die hardhandige onderdrukking van misdadigers nie die gewenste uitwerking sal hê nie, aangesien misdadigers nie altyd die voordele wat misdaad vir hulle inhou opweeg teen die nadele van straf nie (Cilliers 2000: 158). Aanhangers van hierdie filosofie bepleit die terugbring van die doodstraf en derhalwe sal hierdie model nie toepassing kan vind in die **super maksimum gevangenis** nie.

Die belangrikste kenmerke van die hantering van die oortreder binne die inrigting gedurende die tagtiger en negentiger jare was die wegbreek van rehabilitasie

na 'n administratiewe hanteringswyse binne die heersende ekonomiese toestande. In plaas van die behandeling van die oortreder tot voorkoming van verdere misdadige gedrag is die eerste prioriteit nou om die begroting te laat klop. Volgens Cilliers (1998: 28) het hierdie benadering aanleiding gegee tot 'n nuwe denkrigting in korrektiewe hantering en bestuur, naamlik eenheidsbestuur.


## 2.8. DIE ONTWIKKELING VAN EENHEIDSBESTUUR

Die ***US Federal Bureau of Prisons*** begin in die vroeë 1970's met die toepassing van die eenheidsbestuursbenadering. Hierdie benadering hou in dat die afdelings binne gevangenisse as semi-onafhanklike eenhede en volgens die beginsels van gedesentraliseerde bestuur hanteer word (Neser 1993: 92). Die benadering is sedertdien deur verskeie state van Amerika asook die Kanadese, Nederlandse, Duitse en Sweedse **Departemente van Korrektiewe Dienste** ingestel.

Die essensie van eenheidsbestuur is geleë in die geloof dat gevangenes rasionele menslike wesens is wat gehoorsaam sal wees aan die reëls wat binne 'n gevangenis geld, mits daar aan hul eie behoeftes voldoen word. In tandem met die bestuurstyl van 'n ge-

vangenis moet die argitektuur van so 'n aard wees dat aan die gevangene se behoeftes van veiligheid, privaatheid, persoonlike ruimte, gesinskontak, aktiwiteite en rekreasie, beantwoord word. Alhoewel argitektuur alleen nie die oortreder sal verander in 'n wetsgehoorsame individu nie, sal dit die omgewing so omskep dat rehabilitasie moontlikhede daardeur verhoog sal word (Luyt 1999: 76).

Alhoewel eenheidsbestuur in enige tradisionele gevangenis toepassing kan vind sal 'n gevangenis wat spesiaal vir hierdie doel gebou word as volg daar uitsien:




*Figuur 7*

Aangesien daar in 'n latere hoofstuk (Hoofstuk 7) in diepte ingegaan word op hierdie vorm van bestuur, word daar vir die huidige met bogenoemde inligting volstaan.

## 2.9. SAMEVATTING

Vergete is die dae toe 'n regering 'n argitek kon naderroep om vir hom 'n gevangenis te ontwerp. Die taak van die vroeëre gevangenisargitek was slegs om 'n "silent system" of "solitary system" te ontwerp, na gelang van die strafbenadering wat daardie tyd gegeld het. Die hedendaagse gevangenisargitek moet, as gevolg van beleidsveranderinge, ook die hulp van ander betrokkenes inroep. Hierdie persone sluit onder andere in regsgeleerdes, sosioloë, penoloë, sielkundiges en maatskaplike werkers.

Vergete is die dae toe 'n regsplegingstelsel vir jare nie hersien is nie. Vandag moet daar voortdurend gesoek word na alternatiewe om rekening te hou met die ontwikkeling en verandering van misdaad. Ook die gevangenisstelsel, wat deel vorm van die regspleging-stelsel moet voortdurend hersien word.

Vergete is die dae dat 'n regering van 'n ekonomies ontwikkelde land daarop kon staatmaak dat die vrees vir die ontneming van vryheid misdaad sal voorkom. Dit was nie slegs simpatieke optrede teenoor misdadigers wat regerings laat gryp het na strafmodelle nie, maar ook ekonomiese toestande. Ongelukkig is gevangenisstraf duur en derhalwe word daar gepoog om die oortreder op die mees koste effektiewe wyse vir sy misdaad te laat boet. Soos gesien is een van die wyses die implementering van eenheidsbestuur in gevangenisse.

Vergete is die dae dat penoloë met 'n skoon gewete kon aanbeveel dat ontwikkelende lande bestaande gevangenisontwerpe of strafstelsels van meer gevorderde sosio-ekonomiese lande net so kon implementeer. Vandag moet elke land sy eie strafstelsel en gevangenissisteem ontwikkel na gelang van sy ekonomiese, kulturele en politieke situasie.

# HOOFSTUK 3

# DIE DOEL EN FUNKSIE VAN GEVANGENISSE

## 3.1. INLEIDING

Volgens Neser (1989: 30) is dit 'n universele verskynsel dat die doel van gevangenisse en gevangenisstraf gerig is op:

- veilige bewaking van gevangenes en
- pogings om die gevangene voor te berei om met gemeenskapseise te konformeer en om geleenthede tot selfverwesenliking binne wetsgehoorsame gedragspatrone te benut.

Die klassifikasieproses waardeur mense met dieselfde kwaliteite saamgegroepeer word vergemaklik nie alleen die beheer en kontrole oor gevangenes nie maar dit maak dit ook moontlik om behandeling na behoefte te implementeer.

Veilige bewaking en klassifikasie van die gevangene maak deel uit van die doel en funksie van gevangenis-

se en derhalwe word daar in hierdie hoofstuk op die genoemde aspekte gekonsentreer. Aansluitend hierby word ook die beheermaatreëls wat nodig is om veilige bewaking in die hand te werk, ondersoek.

## 3.2. DIE DOEL VAN DIE DEPARTEMENT KORREKTIEWE DIENSTE

Die primêre doel van die **Departement Korrektiewe Dienste** is beliggaam in artikel 2(2) van die **Wet op Gevangenisse**, 8 van 1959. Die artikel lui as volg:

*(2) Die werksaamhede van die Departement is-*

*(a) om te verseker dat elke gevangene wat wettig in 'n gevangenis aangehou word, daarin in veilige bewaring gehou word totdat hy wettig daaruit ontslaan of verwyder word;*

*(b) om, sover doenlik, die behandeling op veroordeelde gevangenes en toesiggevalle toe te pas wat tot hul verbetering en rehabilitasie mag lei en om hulle in gewoontes van vlyt en arbeid op te lei;*

*(c) om korrektiewe toesig ten opsigte van toesiggevalle toe te pas;*

*(d) om, sover doenlik, selfversorgend te wees deur die optimale aanwending van produk-*

*siemiddele gebaseer op bestuur volgens besigheidsbeginsels;*

*(e) die verrigting van alle werk wat nodig is vir, voortvloei uit of in verband staan met die doeltreffende bestuur van die Departement; en*

*(f) om die ander pligte te verrig wat die Minister van tyd tot tyd aan die Departement opdra".*

Hierdie artikel is egter herroep deur artikel 2 van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, wat 'n kort en bondige uiteensetting van die doel van gevangenisse gee en die volgende bepaal:

*Die oogmerke van die korrektiewe stelsel is om by te dra tot die instandhouding en beskerming van 'n regverdige, vreedsame en veilige samelewing deur-*

*(a) vonnisse van die howe af te dwing op die wyse wat hierdie Wet voorskryf;*

*(b) alle gevangenes in veilige bewaring aan te hou terwyl hul menswaardigheid verseker word; en*

*(c) die maatskaplike verantwoordelikheid en die menslike ontwikkeling van alle gevang-*

beman word. Ook selkonstruksie, waarvan hoë mure en klein vensters deel uitmaak, sowel as die uitleg van selle wat betref stortgeriewe, toilette en wasbakke, plaas klem op die feit dat die geboue vir die aanhouding van die maksimum gevangene bedoel is (Luyt 1996: 157).

Hierby word dan ook ingesluit die C-Max gevangene en die **super maksimum gevangene.** Die idee agter hierdie tipe konstruksie wat gebruik word by **super maksimum gevangenisse** is om 'n reeks miniatuur gevangenisse binne 'n groot gevangenis te skep. In gevalle van oproer of ontvlugting kan elke seksie afgebaken word van die ander (Pursley 1994: 496). Dit beteken dus dat die **super maksimum gevangene**, die maksimum gevangene of die C-Max gevangene wat in hierdie tipe inrigting aangehou word, allereers die interne sekuriteitsisteem sal moet binnedring alvorens hulle die buitemure in geval van 'n ontvlugting kan aandurf.

Volgens Luyt (1996: 157) vorm Suid-Afrikaanse gevangenisse deel van Afrika en die res van die derde wêreld wanneer daar gekyk word na moderne bewakingshulpmiddele soos geslote-baan televisie, elektroniese hekke en ander vorme van moderne benaderings soos steriele areas. Die klem val op die fisiese bewaking

van die gevangene, die bemensing van hekke en die gebruik van sleutels. Gevangenes beweeg nie vryelik nie maar word van een seksie na 'n ander deur gevangenispersoneel begelei.

### 3.3.2. MEDIUM SEKURITEITSGEVANGENISSE

Pursley (1994: 483) is van mening dat alhoewel medium sekuriteisgevangenisse nie soos 'n fort lyk nie, dit in die meeste gevalle 'n reeks heinings het wat die perimeter omring. Neser (1993: 253) meld ook dat 'n medium sekuriteitsgevangenis dikwels 'n draadomheining in plaas van 'n muur het sodat gevangenes 'n uitsig kan hê. Ook binne die gevangenis word daar minder beperkings op die bewegings van die gevangene geplaas. Volgens Hlongwane (1998: 136) huisves medium sekuriteitsinrigtings gevangenes wat nie 'n gevaar inhou vir die gemeenskap soos hul eweknieë in 'n maksimum sekuriteitsinrigting nie, maar wel die moontlikheid van ontvlugting toon en gewoonlik op 'n vorige geleentheid gevangenisstraf uitgedien het.

### 3.3.3. MINIMUM SEKURITEITSINRIGTINGS

'n Minimum sekuriteitsgevangenis het geen wagtorings en soms selfs geen draadomheinings nie (Neser 1993: 253). Ook Hlongwane (1998: 137) sê dat:

> *"Minimum security prisons have more relaxed security, sometimes without fences or any means of external security. In addition, minimum security prisons do not use fixed observation posts for armed guards on the perimeter".*

## 3.4. KLASSIFIKASIE

Die HAT (Odendaal et al 1994: 530) omskryf klassifikasie as: *"Indeling of rangskikking van verbandhoudende sake in klasse, groepe, op watter gronde ook al".*

Vanuit 'n kriminologiese oogpunt beskou, kan die term klassifikasie omskryf word as: *"Die proses waardeur gevangenes sistematies in groepe onderverdeel word op grond van veranderlikes wat 'n verskil in aanhouding en behandeling van die groep regverdig ..."* (Jonker 1985: 9). Hierdie definisie word ook deur Duckitt en Du Toit (Neser 1993: 254) onderskryf.

Solomon (Jonker 1985: 9) beskou die klassifikasie van gevangenes as 'n bestuurshulpmiddel en stel die doel

daarvan as volg: "*It enables the institution to gauge the proper custody level of an inmate, to identify the inmate's educational, vocational and psychological needs and to seperate nonviolent inmates from the more predatory... Classification is also indispensible for coherent future planning*".

Aangesien die klassifikasiestelsel noodsaaklik is vir toekomsgerigte beplanning moet dit aan seker vereistes voldoen ten einde effektiek te kan opereer. Volgens Neser (1989: 206-207) behoort 'n goeie klassifikasiestelsel aan die volgende vereistes te voldoen:

- dit behoort so omvattend te wees dat die meeste gevangenes daarvolgens geklassifiseer kan word
- dit moet die verskillende kategorieë oortreders duidelik definieer sodat elke oortreder met die minimum twyfel in 'n besondere kategorie geplaas kan word
- die stelsel behoort so betroubaar te wees dat verskillende beoordelaars oor 'n gegewe individu dieselfde gevolgtrekking sal bereik
- die stelsel moet geldig wees. Daar moet dus aangetoon kan word dat die individu wel oor die eienskappe beskik wat aan die besondere kategorie waarin hy geplaas is, toegedig word

- die stelsel behoort dinamies te wees sodat die veranderinge wat by die individu intree in 'n herklassifikasie weerspieël kan word
- klassifikasie behoort tot duidelike behandelings-implikasies te lei
- 'n klassifikasiestelsel moet ekonomies wees sodat 'n groot aantal gevangenes met die minimum uit-gawes en personeel geklassifiseer kan word
- die klassifikasiestelsel moet verstaanbaar wees en deur personeel sowel as gevangenes verstaan word
- die stelsel moet deur beide personeel en gevange-nes as redelik, onpartydig en regverdig ervaar te word.

Vir die **super maksimum gevangene** is klassifikasie om twee redes van belang. Eerstens om die gewelddadige of gedragmoeilike oortreder te identifiseer en van ander oortreders te skei en in 'n inrigting wat vir die behandeling van hierdie oortreders opgerig is, te wete 'n **super maksimum gevangenis** oor te plaas en te behandel. In die tweede plek word daar reeds ten tyde van klassifikasie besluit watter behandelings-programme vir die oortreder aangewend kan word ten einde gedragsverbetering in die hand te werk.

# 3.5. KLASSIFIKASIESTELSELS VAN DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE

## 3.5.1. HISTORIESE OORSIG

Die gevangenisregulasies van 1892 wat saam met Wet 14 van 1880 deur die Britse besettingsregering opgestel is, het in teorie voorsiening gemaak vir die skeiding in gevangenisse van blank en nie-blank, vroue van mans, asook onveroordeelde aangehoudenes, skuldenaars en getuies wat nie voldoende waarborg vir hul verskyning kon gee nie van veroordeelde misdadigers. Verder moes jeugdige oortreders apart van die volwasse gevangenes aangehou word *"... en voor zoover het doenlijk zal zijn en de ruimte het toelaat, zullen mannelijke personen van rijperen leeftijd, die overtuigd zijn geworden van misdaden, afzonderlijk gehouden worden van gevangenen die gevonnist zijn tot korter straftijd voor geringe overtredingen"*. Dit was egter so dat die teorie en praktyk aansienlik van mekaar verskil het (Venter 1959: 133).

Die klassifikasiestelsel wat van 1910 tot 1957 in die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens in werking was, het bepaal dat langtermyngevangenes op grond van hul misdadigheid en kragtens 'n stelsel van trapsgewyse

oorgang, in vier verskillende klasse ingedeel word, naamlik:

- die strafklas
- die proefklas
- die goeie gedragsklas
- die sterklas / onberispelikes

Ten einde van 'n laer groep na 'n hoër groep te beweeg, is van 'n puntestelsel gebruik gemaak (Jonker 1985: 28). Volgens Neser (1993: 260) moet hierdie klassifikasiestelsel slegs as 'n dissiplinêre maatreël gesien word.

Gedurende 1956 is daar met 'n nuwe klassifikasiestelsel geëksperimenteer. Manlike gevangenes met vasgestelde vonnisse van twee jaar of meer is in drie groepe geklassifiseer, waar Groep 1 die beste en Groep 3 die swakste tipe gevangene verteenwoordig het. Alle manlike gevangenes wat onbepaalde vonnisse opgelê is, is in drie subgroepe, naamlik A, B en C, verdeel. By hierdie groepe het Groep A die beste gevangenes en Groep C die swakste gevangenes verteenwoordig (Jonker 1985: 28).

Vanaf 1 Januarie 1958 word 'n meer geïndividualiseerde stelsel van gevangeneklassifikasie toegepas.

Volgens Jonker (1985: 28) het hierdie stelsel op die volgende basis gefunksioneer, naamlik:

- gevangenisinrigtings is in ultramaksimum-, maksimum-, medium- en oop gevangenisse geklassifiseer
- observasiesentrums is ingestel
- gevangenes van alle geslagte en bevolkingsgroepe is in vier groepe geklassifiseer, naamlik:

    - **Groep A**

      Hierdie groep word as die beste van die gevangenisbevolking beskou en kan daadwerklike opleiding in 'n verskeidenheid rigtings ontvang. Die groep sluit heelwat eerste oortreders in sowel as gevangenes uit ander groepe wat oor 'n tydperk in hierdie groepe getoon het dat hulle hulself graag wil verbeter. Gevangenes in hierdie groep word gewoonlik in oop- en medium sekuriteitsgevangenisse aangehou (Neser 1989: 211).

    - **Groep B**

      Hierdie groep bestaan uit die volharde misdadigers wat uitsluitlik in medium- en maksimum sekuriteitsgevangenisse aangehou word. Alhoewel hulle gereeld misdade pleeg, is dit selde geweldsmisdade (Neser 1989: 211). Volgens

Jonker (1985: 28) is die hoofdoelstelling met gevangenes in hierdie groep om hulle te leer werk met die vertroue dat daar 'n liefde vir werk by hulle mag ontstaan.

- **Groep C**

Alhoewel dit nie oorwegend die geval is nie, word hierdie groep deur aggressiewe misdadigers gekenmerk. Vanweë hul persoonlikhede asook misdaadrekords kan hierdie gevangenes nie geredelik vertrou word nie. Die moontlikheid van ontvlugtings bestaan ook en hulle word in maksimum sekuriteitsgevangenisse aangehou. Met hierdie groep gevangenes word veral op veilige bewaking en produktiewe arbeid gekonsentreer (Neser 1989: 211).

- **Groep D**

Gevangenes in hierdie groep word in ultra maksimum sekuriteitsgevangenisse aangehou. Hul misdaadverlede en gedrag in die gevangenis is van so 'n aard dat daar hoofsaaklik gekonsentreer word om die gemeenskap teen hulle te beskerm. Hierdie gevangenes huiwer nie om te ontvlug nie en toon weinig respek vir menselewens. In die geval van hierdie gevangenes

geniet veilige bewaking die hoogste prioriteit en opleiding word beperk tot die bestaande fasiliteite in die betrokke gevangenisse (Neser 1989: 211).

Ook die voorregtestelsel wat gekoppel is aan die onderskeie tipes gevangenisse, geld vanaf 1 Januarie 1958 (Neser 1989: 211). Hierdeur is voorregte gekoppel aan die groep waaraan 'n gevangene toegewys is. Hierdie klassifikasiestelsel het gedien as grondslag vir die horisontale klassifikasiestelsel (Jonker 1985: 28).

Gedurende 1984 word die beginsel dat veilige bewakingsomstandighede en voorregte van gevangenes geskei behoort te wees, egter aanvaar. In teenstelling met die bepalings van die horisontale klassifikasiestelsel (sien 3.5.2.), word aanvaar dat ook gevangenes in maksimum sekuriteitsgevangenisse en derhalwe ook **super maksimum gevangenisse** voorregte kan verkry deur goeie gedrag en samewerking. Derhalwe kon groter buigsaamheid in klassifisering bewerkstellig word (Neser 1993: 260). Vanaf 1998 loop die klassifikasie van gevangenes hand aan hand met die nuwe voorregtestelsel wat in die **Departement Korrektiewe Dien-**

**ste** geïmplementeer is (Sien ook 3.6.4. in hierdie verband).

### 3.5.2. HORISONTALE KLASSIFIKASIESTELSEL

Raadgevangenes word, aldus Jonker (1985: 28) op grond van hul misdaadgeskiedenis, misdaadneigings, houding en gedrag volgens hierdie stelsel in die volgende groepe geklassifiseer:

- **D Groep**

  'n Gevangene wie se misdaadloopbaan van wandade soos verkragting of roof of geweldpleging in een of ander vorm getuig, of wat hom gedurende 'n vorige tydperk van gevangesetting aan onreëlmatighede skuldig gemaak het.

- **C Groep**

  'n Gevangene word in hierdie groep geplaas wanneer dit tydens observasie blyk dat hy nie vertrou kan word om in 'n hoër groep geplaas te word nie maar dit ook nie verdien om in die laagste groep geplaas te word nie.

- **B Groep**

  Die gemiddelde groep waarin die meeste gevangenes by opneming geplaas word.

- **A Groep**

  Hierdie is die gevangenes wat uit Groep B na Groep A bevorder is.

In 'n horisontale klassifikasiestelsel sal 'n **super maksimum gevangene** as 'n Groep D gevangene geklassifiseer kan word.

### 3.5.3. DIEPTE KLASSIFIKASIESTELSEL

Aan die begin van 1971 word die diepte klassifikasiestelsel addisioneel tot die horisontale klassifikasiestelsel in gebruik geneem. Die doel van die stelsel was om 'n beleid van geïndividualiseerde gedifferensieërde behandeling van Blanke gevangenes in die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens te vestig, aldus Jonker (1985: 28). Die gevangenes is in die volgende groepe ingedeel:

- **DK 1A**

Hierdie groep verteenwoordig die werklik goeie prognostiese gevangenes wie se kanse gering is om weer in misdaad te verval.

- **DK 1B**

Alhoewel daar by hierdie groep onsekerheid bestaan ten opsigte van hul prognose word die mening gehuldig dat hierdie tipe gevangene kan baat by die gewone metodes van behandeling.

- **DK 2**

Hierdie is die gevangenes wat oor 'n ondergemiddelde intellek beskik en van wie dit blyk dat sy verval in misdaad in 'n groot mate aan 'n gebrekkige funksionering van sy verstandelike vermoëns te wyte is.

- **DK 3**

Hierdie groep verteenwoordig die uitgesproke psigopategroep.

- **DK 4**

Daar bestaan twyfel oor die gevangene wat in hierdie groep ingedeel word en hy sal dus telkens heroorweeg word ten einde te bepaal of hy wel in hierdie groep tuishoort.

■ **DK 5**

'n Gevangene wat 'n swak prognose het vanweë 'n hoë mate van ontoereikende funksionering, waar psigopatiese eienskappe nie sterk aanwesig is nie, sal in hierdie groep geplaas word.

### 3.5.4. DIE VEILIGE BEWAKINGSKLASSIFIKASIESTELSEL

Volgens Neser (1993: 260) word die huidige misdaad, die effektiewe vonnis en die vorige misdaadrekord as primêre veranderlikes beskou wat veilige bewakingsklassifikasie beïnvloed. Die effektiewe vonnis word gesien as die grootste enkele voorspeller van die graad van veilige bewaking waaraan 'n gevangene onderwerp moet word. Hoe langer die effektiewe vonnis, hoe hoër behoort die aanvanklike graad van veilige bewaking te wees.

Aangesien die veilige bewakingsklassifikasiestelsel in 'n groot mate pariteit bewerkstellig tussen verskillende bevolkingsgroepe en daar nie langer gebruik gemaak kon word van 'n stelsel wat slegs op enkele bevolkingsgroepe van toepassing is nie, verval die diepte klassifikasiestelsel in onbruik (Jonker 1985: 30).

Artikel 38 van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, bepaal die volgende in verband met die sekuriteitsklassifikasie van gevangenes:

> *(1) So gou as moontlik na die opname van 'n gevonniste gevangene, moet sodanige gevangene geëvalueer word om die volgende oor hom of haar te bepaal:*
>
> *(a) sekuriteitsklassifikasie vir die doeleindes van veilige bewaking.*

Aangesien die veilige bewakingsklassifikasie die veilige aanhouding van die gevangene veronderstel, kan die gedragsmoeilike en gewelddadige oortreder, wat in 'n **super maksimum gevangenis** opgeneem moet word, reeds tydens opname geklassifiseer en na die regte inrigting uitgeplaas word.

### 3.5.5. KLASSIFIKASIE VAN DIE SUPER MAKSIMUM GEVANGENE

Luyt (1996: 197) is van mening dat maksimum gevangenes sodanig geklassifiseer moet word dat bewaking so spoedig moontlik in die laagste veiligheidskategorie kan geskied. Die gevolg hiervan is dat:

- die las op die belastingbetaler verlig word weens die feit dat aanhouding in 'n laer veiligheidskategorie, goedkoper is

-  gevangenes vroeër in werkswinkels benut kan word waar vaardighede vir 'n sinvolle bestaan buite die gevangenis aangeleer kan word
-  die eerste oortreder nie van meet af aan tussen geharde misdadigers aangehou word nie
-  minder maksimum gevangenisse opgerig hoef te word
-  getalle in maksimum gevangenisse sal verminder wat beter beheer tot gevolg sal hê.

Bogenoemde uitlatings geld ook vir die **super maksimum gevangene.** Dit is dan ook so dat hoe hoër die sekuriteitsklassifikasie hoe duurder is dit om 'n gevangene te huisves, aangesien spesiale inrigtings vir hierdie doel opgerig moet word. Derhalwe behoort 'n gevangene slegs as super maksimum geklassifiseer te word wanneer dit beslis blyk dat hy in geen ander kategorie geplaas kan word nie.

Aangesien klassifikasie en die voorregtestelsel hand aan hand loop, is dit nie verbasend om te sien dat ook die **super maksimum gevangene** in al drie die klassifikasiegroepe gemeld word nie. Slegs die voorregte van die gevangene binne groep A, B, of C toon telkens 'n verskil (sien 3.6.4.). Die C-Max gevangene, **super**

**maksimum gevangene** en maksimum gevangene, word as gelyksoortig binne elke groep behandel.

## 3.6. BEHEERMAATREëLS

Volgens Neser (1989: 216) rus die taak van veilige bewaking swaar op die fisieke bewakingsmaatreëls in 'n gevangenis. Aangesien hierdie maatreëls gevangenisadministrasie sowel as 'n groot aantal sekondêre funksies aan bande kan lê, moet die minimum fisieke bewakingsmaatreëls toegepas word. Voorts sal 'n aantal sekondêre beheermaatreëls wat bydra om ontvlugtings te voorkom en gevangenes se gedrag en aanpassing in die gevangenis ten goede te probeer rig, onder die loep geneem word.

### 3.6.1. VOORKOMING VAN ONTVLUGTINGS

Neser (1989: 216) is van mening dat die voorkoming van ontvlugtings inherent aan die bewakingsfunksie verbonde is. Doeltreffende beheermaatreëls ten einde die fisieke bewakingsfunksie aan te vul, verkry besondere betekenis teen die agtergrond dat die meerderheid ontvlugtings van buite die gevangenismure plaasvind. 'n Belangrike proseduremaatreël is die gereelde tel van gevangenes. Ook die sorgvuldige

keuring van gevangenes wat buite die mure van die gevangenis in werkspanne werk, is belangrik.

Volgens die Jaarverslag van die **Departement Korrektiewe Dienste** (1995: 9) is daar gedurende 1994 bykomende maatreëls ingestel ten einde onvlugtings vanuit veral maksimum sekuriteitsgevangenisse te voorkom. Die maatreëls is as volg:

- prominente en deurlopende bestuursbetrokkenheid op alle vlakke
- die ontwikkeling van middelvlakbestuurders
- doeltreffende benutting van bestaande veiligheidstoerusting en 'n ondersoek na moontlike alternatiewe
- evaluering van veiligheidsvoorskrifte om te verseker dat dit aan die eise van die tyd voldoen
- effektiewe opleiding van personeel om enige noodsituasie binne die gevangenis te kan hanteer
- voorkoming van die inneem van ongeoorloofde artikels
- die opskerping van veiligheidsmaatreëls
- aanvulling van die diensstaat ten einde personeeltekorte uit te skakel
- strukturele verbetering aan gevangenisse
- bykomende bewakingskofte tydens nagdiens

- gereelde nagbesoeke deur senior personeellede aan gevangenisse
- optrede teen personeel wat nalatig blyk te wees in die uitvoering van hul pligte
- kriminele vervolging van persone wat ontvlug sowel as diegene wat hulp daartoe verleen
- gereelde waarskuwings aan gevangenes teen die gevolge van ontvlugting
- beloning aan gevangenes wat beplande ontvlugtings rapporteer.

Een van die eienskappe van 'n maksimum sekuriteitsgevangenis, waaronder 'n **super maksimum gevangenis** ook sal resorteer, is dat daar met die oprigting daarvan reeds voorsiening gemaak word vir minimum ontvlugtingsmoontlikhede. Volgens meneer Frikkie Venter, projekbestuurder tydens die oprigting van C-Max, die volgende: "... *the high-technology security in place in C-Max will make it impossible for prisoners to escape. For instance, the stunt-belt will be used to cuff prisoner's hands to their waist when they go to hospital or when they are transferred, and guarded by at least two armed members. An electronic device will be attached to the stunt-belt which can be activated by remote control to administer a 50 000*

*volt shock that paralyse the inmate for seconds, but this is not lethal*" (Ramafoko 1997: 8).

**3.6.2. DISSIPLINE**

Die HAT (Odendaal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booysen 1994: 153) beskryf dissipline as: "*Gehoorsaamheid aan gesag; ordelike gedrag*" en ook as "*Tug; bestraffing om orde te bewaar*". Volgens Van der Westhuizen (1999: 8) behels dissipline die ordelikheid waarmee take uitgevoer word binne enige organisasie. Verder kan dit ook 'n stel reëls beteken waaraan voldoen moet word. By die nie-uitvoering van hierdie reëls kan straf as sanksie gebruik word.

Korrektiewe dissipline kan uit twee oogpunte benader word. In die engere sin beteken dit die handhawing van bepaalde norme en standaarde deur die gevangenisbeampte ten einde goeie gedrag en gesonde en ordelike saamlewe in die gevangenis te verseker. In die breëre sin word ook verwys na die aankweek van bepaalde waardes by die gevangene met die vertroue dat hy dit na vrylating sal behou. Dit kom neer op 'n persoon se aanvaarding van gesag deur die ontwikkeling van selfbeheersing, selfrespek, selfaanvaarding en selfvertroue (Neser 1989: 218).

Volgens Luyt (1996: 192) is streng dissipline 'n voorvereiste vir ordelike samesyn in 'n maksimum gevangenis. Die grootste bedreiging vir aanvaarbare dissipline is die oorbevolking van gevangenisse. Die gebrek aan ruimte binne die gevangenis het tot gevolg dat konflik tussen gevangenes onderling en ook tussen gevangenes en personeel ontstaan. Die gebrek aan ruimte is niks anders as 'n verdere inperking van vryheid nie. Die gevolg hiervan is onvermydelike botsing met beheermaatreëls en die aantref van swak dissipline. Dieselfde kan ook gesê word van die **super maksimum gevangenis** waar die gevangene, as gevolg van sy gedrag, aan selfs hewiger dissiplinêre maatreëls onderwerp word as in 'n maksimum gevangenis.

Ook volgens Van Der Westhuizen (1999: 47) is die handhawing van orde en dissipline binne inrigtingsverband baie moeilik aangesien daar met gedragsmoeilike mense gewerk word wat reeds weens swak gedrag in misdaad verval het. Aangesien individue van mekaar verskil, sal hul verskillend reageer op die toepassing van dieselfde maatreël. Die konsekwente toepassing van dissipline word nog verder bemoeilik deur die feit dat gevangenisse geklassifiseer word van ultra maksimum gevangenisse tot "oop" gevangenisse en

dat elke inrigting verskillende kategorieë oortreders huisves (Van der Westhuizen 1999: 48).

**Standaard Minimum Reël** 29 bepaal die volgende in verband met die dissipline van gevangenes:

> *(29) The following shall always be determined by the law or the reputation of the competent administrative authority:*
>
> *a) Conduct consisting of a disciplinary offence*
>
> *b) The types of duration of punishment which may be inflicted*
>
> *c) The authority competent to impose such punishment.*

Hierdie reël word deur die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, nagevolg. Artikel 23(1) van die genoemde wet lui:

> *(1) 'n Gevangene begaan 'n dissiplinêre oortreding indien hy/sy-*
>
> *(a) oneerlik antwoord op regmatige vrae wat aan hom of haar gestel word deur 'n korrektiewe beampte of ander persoon wat in 'n gevangenis in diens is*

*(b) 'n wettige bevel van 'n korrektiewe beampte verontagsaam of versuim om enige regulasie of order na te kom*

*(c) beledigend is teenoor enige persoon*

*(d) versuim of weier om enige arbeid of ander plig wat deur hierdie Wet opgelê of gemagtig is, uit te voer*

*(e) agtelosig of nalatig is in verband met enige arbeid of plig wat opgelê of gemagtig word deur hierdie Wet*

*(f) enige beledigende, onwelvoeglike of dreigende taal gebruik*

*(g) homself of haarself onbetaamlik gedra deur woord, daad of gebaar*

*(h) 'n aanranding pleeg*

*(i) met enigiemand kommunikeer op 'n tyd wanneer of 'n plek waar dit verbode is*

*(j) 'n onnodige geraas maak of 'n steurnis veroorsaak*

*(k) die sel of enige ander plek waartoe hy of sy toegewys is, sonder toestemming verlaat*

*(l) op enige wyse enige deel van die gevangenis of enige deel van die artikels daarbinne of enige staatseiendom skend of beskadig*

*(m) 'n ongeoorloofde artikel besit*

*(n) diefstal pleeg*

*(o) 'n steurnis of oproer skep of daaraan deelneem of aanwakker of aan enige ander aktiwiteit deelneem wat waarskynlik die sekuriteit of orde in 'n gevangenis in gevaar kan stel*

*(p) voorgee dat hy of sy 'n lid van 'n bende is of deelneem aan bendeaktiwiteite*

*(q) 'n oneerlike beskuldiging maak teen 'n korrektiewe beampte of medegevangene*

*(r) 'n identifikasiekaart of -dokument of enige uitgereikte artikel verberg, vernietig, verander, skend of wegdoen daarmee*

*(s) 'n daad pleeg met die bedoeling om sy of haar lewe in gevaar te stel, sy of haar gesondheid te benadeel of sy of haar vermoë om te kan werk, benadeel, of*

*(t) 'n poging aanwend om enigiets bedoel in hierdie artikel te doen.*

Volgens Bottoms & Light (1987: 194) kom die oortreding van dissiplinêre reëls meer algemeen in maksimum sekuriteitsgevangenisse voor as in ander gevangenisse. In Suid-Afrika kan die C-Max gevangenis

gesien word as 'n vorm van dissipline. Alhoewel veral geharde misdadigers daarheen verwys word, is dit nie uitsluitlik die geval nie. Enige gevangene wie se optrede dit regverdig kan na C-Max verwys word (Van der Westhuizen 1999: 49). Die navorser stem saam met hierdie uitgangspunt en sien ook die **super maksimum gevangenis** as dissiplinêre maatreël.

Die verskil tussen die vorige en huidige dissiplinêre stelsels is geleë in die tipe straf wat opgelê kan word wanneer een van die dissiplinêre maatreëls oortree word. Die vorige stelsel het voorsiening gemaak vir afsondering, alleenopsluiting en dwangmiddels (Neser 1989: 222). Met die implementering van die **Grondwet**, Wet 108 van 1996, is hierdie maatreëls egter as onmenslik beskou en hoewel nie uitgefasseer nie, word die maatreëls selde toegepas. Een van die take van die inrigtingskomitee was dan ook om nuwe metodes te soek ten einde dissipline binne die gevangenis te handhaaf.

### 3.6.3. STRAFMAATREëLS

Waar artikel 23 van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, die dissiplinêre oortredings aanstip, beskryf artikel 24 van genoemde wet die

prosedure en strafmaatreëls in gevalle waar so oortreding begaan word. Volgens artikel 24(3) kan die volgende strafmaatreëls afsonderlik, of in die alternatief opgelê word waar die verhoor voor die Gevangenishoof plaasvind, naamlik:

*(a) 'n berisping*

*(b) 'n verlies van gratifikasie vir 'n tydperk van hoogstens een maand*

*(c) beperking op geriewe vir hoogstens sewe dae.*

Artikel 24(5) bepaal dat die volgende strafmaatreëls, afsonderlik of in die alternatief opgelê kan word waar die verhoor voor 'n dissiplinêre beampte plaasvind, naamlik:

*(a) 'n berisping*

*(b) 'n verlies van gratifikasie vir 'n tydperk van hoogstens twee maande*

*(c) beperking op geriewe van hoogstens 42 dae*

*(d) in die geval van ernstige of herhaalde oortredings, alleenopsluiting vir tydperk van hoogstens 30 dae.*

Alhoewel gevangenes verantwoordelik gehou word vir hulle besluite en optredes deur die *inter alia* toepassing van dissiplinêre maatreëls, word gevangenes hierdeur gemotiveer om reëls te respekteer. Hierdie

reëls sluit ook die regte van ander gevangenes in (Engelbrecht 1999: 15). Dit is ook belangrik om te onthou dat dissipline binne die raamwerk van die **Standaard Minimum Reëls** moet geskied. So bepaal reëls 27, 29 en 30 die volgende, naamlik:

*(27) Discipline and order shall be maintained with firmness, but with no more restriction that is necessary for safe custody and well-ordered community life*

*(29) The following shall always be determined by the law or the reputation of the competent administrative authority:*

*a) Conduct consisting of a disciplinary offence*

*b) The types of duration of punishment may be inflicted*

*c) The authority competent to impose such punishment*

*(30) (1) No prisoner shall be punished except in accordance with the terms of such law or regulation, and never twice for the same offence*

*(2) No prisoner shall be punished unless he has been informed of the offence alleged against him and given a proper opportunity of presenting his defence. The competent*

*authority shall conduct a thorough examination of the case*

*(3) Where necessary and practicable, the prisoner shall be allowed to make his defence through an interpreter.*

### 3.6.4. VOORREGTE

Vanaf 1 Januarie 1958 is die voorregtestelsel aan die onderskeie tipes gevangenisse gekoppel. 'n Belangrike wysiging is deur die **Wysigingswet op Gevangenisse**, Wet 58 van 1978, in verband met voorregte en vergunnings aan gevangenes aangebring. Voor die wetswysiging het die woorde "voorregte" en "vergunnings" slegs geïmpliseer dat dit nie opeisbare regte is nie. Hierdie implikasie is dan ook verskeie kere in die Hooggeregshof getoets en bevestig. Ten einde onduidelikhede uit te skakel word daar nou uitdruklik bepaal dat die Kommissaris na goeddunke die voorregte en vergunnings wat hy goedvind aan 'n gevangene kan toestaan. 'n Belangrike en noodsaaklike maatreël wat in die Hoofwet opgeneem is, is dat die Kommissaris toegestane voorregte en vergunnings kan intrek sonder om enige redes te verskaf en ook sonder om die gevangene of enige ander persoon in hierdie verband aan te hoor (Malan 1978: 8).

Die onderskeid tussen regte van gevangenes en hulle voorregte lê daarin dat 'n voorreg nie afdwingbaar is soos 'n reg nie maar verdien moet word. Verder word daar 'n onderskeid getref tussen individuele voorregte, wat ons vervolgens bespreek en groepvoorregte, wat onder punt 3.6.5. bespreek sal word.

Volgens Van Der Westhuizen (1999: 41) behels individuele voorregte die groepering van gevangenes in Groep A, B, C of D, waar die groep oor sy eie stel voorregte soos besoeke, die skryf en ontvang van briewe, en telefoonoproepe beskik. Groepvoorregte behels aspekte soos sport, speletjies en die besit van musiekinstrumente.

Veral vanaf April 1994 begin die voorregte wat gevangenes geniet veranderinge toon. Deur die inwerkingtreding van die **Grondwet**, Wet 108 van 1996, en die **Handves van Menseregte**, word meer toegewings aan gevangenes gemaak. Wat byvoorbeeld besoeke aanbetref is aan 'n A-Groep gevangene 48 (agt-en-veertig) besoeke per jaar van 40 (veertig) minute elk toegestaan. B-Groep gevangenes is op 36 (ses-en-dertig) besoeke van 30 (dertig) minute elk geregtig en C-Groepe op 24 (vier-en-twintig) besoeke van 30 (dertig) minute elk. Die D-Groep gevangene mag egter

slegs 12 (twaalf) besoeke van 30 (dertig) minute elk ontvang. Geen beperking is egter op die hoeveelheid briewe en kaartjies wat ontvang mag word geplaas nie. Alhoewel telefoonoproepe onbeperk was, is dit gerekordeer en mag dit nie langer as 10 (tien) minute gewees het nie. Aankope is beperk tot 'n bedrag van R100,00 vir die A-Groep, R60,00 vir die B-Groep, R40,00 vir die C-Groepe en R20,00 vir die D-Groep (Van der Westhuizen 1999: 40). Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die voorregtestelsel gekoppel is aan die groep waarin 'n gevangene geklassifiseer is.

Op 1 Oktober 1997 word alle gevonniste gevangenes as A-Groep gevangenes geklassifiseer. Die gevolg hiervan is dat hulle geregtig is op die hoogste aantal voorregte wat verdien kan word. Die toestaan van voorregte geld egter slegs in gevalle waar goeie gedrag volgehou word en swak dissipline sal tot gevolg hê dat die gevangene gedegradeer sal word en voorregte sal ontbeer. Hierdie vorm van klassifikasie is dan ook ingestel op die basis van hoe meer 'n gevangene kry, hoe meer kan van hom weggeneem word wanneer sy gedrag nie na wense is nie (Van Der Westhuizen 1999: 41).

Anders as wat verwag is, het die verslapping in die toestaan van voorregte nie die dissipline in gevangenisse verbeter nie. Gevangenes het hul voorregte as 'n reg begin beskou en wou in opstand kom wanneer van die voorregte, as gevolg van swak gedrag, weggeneem is. Stelselmatig is beleidstukke binne die **Departement Korrektiewe Dienste** versprei waarin voorregte verminder is. Dit wou voorkom asof beleidmakers tot die insig gekom het dat 'n gevangenis steeds 'n instelling is waar straf vir misdaad uitgedien moet word. Jan Publiek het na die gevangenis as 'n "5-ster Hotel" begin verwys aangesien baie gevangenes se lewensstandaard buite die gevangenis swakker was as daarbinne. Oortreders word derhalwe aangemoedig om weer misdaad te pleeg (Van Der Westhuizen 1999: 41).

Die beleid ten opsigte van die voorregtestelsel is indringend ondersoek en gedurende 1998 is die hele **Korrektiewe Dienste Order** B(V)(3), wat handel oor die voorregte aan gevonniste gevangenis, herskryf. Hierdie nuwe voorregtestelsel word dan ook met ingang 1 November 1998, geïmplementeer.

Ook die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, maak voorsiening vir sekere voorregte aan gevangenes.

So reël artikel 13 die kontak van die gevangene met die gemeenskap en bepaal:

> *(1) Die Departement moet gevangenes aanmoedig om kontak te behou met die gemeenskap en hulle in staat stel om op die hoogte te bly van aktuele sake,*

artikel 17 reël die toegang tot regsadvies:

> *(1) Elke gevangene is daarop geregtig om 'n regspraktisyn van sy of haar keuse te konsulteer oor enige regsaspek, op sy of haar eie onkoste,* en

artikel 18 reël vir die toegang tot leesstof:

> *(1) Elke gevangene moet toegang tot beskikbare leesstof van sy of haar keuse gebied word, behalwe as sodanige leesstof 'n sekuriteitsrisiko inhou of nie bevorderlik is vir sy of haar rehabilitasie nie.*

Volgens Ramafoko (1998: 10) is die doel van die nuwe voorregtestelsel die volgende, naamlik:

- *to minimize the possibility of corruption*
- *to minimize the inflow of unauthorised articles into prisons (contraband)*
- *to establish a practical and effective privilege system, that can be operated within a prison that is overcrowded*

- *to ensure a safe environment for prisoners and members*
- *to effectively detain prisoners in the various security classification categories in view of the overpopulation.*

Die **Korrektiewe Dienste Order**, Afdeling B(V)(3) meld dat:

> *Die doelstelling van die voorregteprogram primêr gaan oor die aansporing tot goeie gedrag van gevangenes wat 'n ordelike en veilige gevangenisbevolking sal verseker.*

Die nuwe voorregtestelsel maak slegs voorsiening vir drie veilige bewakingskategorieë, naamlik die A-Groep, die B-Groep en die C-Groep. Tydens opname word die gevangene geklassifiseer as 'n B-Groep gevangene. Binne hierdie groep word 36 (ses-en dertig) nie-kontak besoeke van 45 (vyf-en-veertig) minute elk toegestaan aan die medium- of minimum gevangene. Elke telefoonoproep van hoogstens 10 (tien) minute word as 'n besoek geag. Geen inkomende oproepe mag ontvang word nie maar die getal briewe wat geskryf en ontvang mag word, is onbeperk. Die gevangene mag R150,00 in sy besit hê vir aankope by die gevangeniswinkel en vir Desembermaande word 'n addisionele

R75,00 toegelaat. Twee biblioteekboeke word toegelaat maar geen koerante en tydskrifte nie. Ook privaat musiekinstrumente, radio's en televisies, word verbied. Geen juwele mag gedra word nie en geen troeteldiere, klere, beddegoed of kos mag van familie ontvang word nie (Van Der Westhuizen 1999: 42-43).

Indien goeie gedrag en aanpassing geopenbaar word, kan 'n gevangene na Groep A opgegradeer word. Indien die teenoorgestelde egter plaasvind kan hy na Groep C gedegradeer word. Groep C gevangenes is gewoonlik die gevangenes wat gedragsmoeilik is en swak dissipline openbaar. Die aantal voorregte is aansienlik beperk ten einde die gevangene tot beter insigte te probeer bring (Van Der Westhuizen 1999: 44). Die **super maksimum gevangene** sal dus gewoonlik onder Groep C, wat die minste voorregte geniet, resorteer.

### 3.6.5. GROEPVOORREGTE

Volgens Ramafoko (1999: 12) word die volgende groepsvoorregte in gevangenisse aangetref:

- alle gevangenes word toegelaat om na musiek, nuus of ander goedgekeurde programme vanaf 'n sentrale beheerkamer te luister

- gevangenes word toegelaat om musiekinstrumente te bespeel oor naweke soos vasgestel deur die Hoof van die Gevangenis, met die uitsluiting van ongevonniste gevangenes, C-Max gevangenes en **super maksimum gevangenes**
- die vertoning van films, videos en televisieprogramme is toelaatbaar gedurende naweke en volgens die diskresie van die Hoof van die Gevangenis, met die uitsluiting van die C-Max en die **super maksimum gevangene**
- rekreasie geleenthede soos sport, speletjies en ontmoetings, is van toepassing op alle gevangenes. C-Max gevangenes en **super maksimum gevangenes** se samekomste moet egter binne die seksie geskied
- A-Groep gevangenes word toegelaat om in die koor van die gevangenis te sing. Hierdie voorreg is egter nie vir die C-Max gevangene, die **super maksimum gevangene** of die maksimum gevangene beskore nie
- die reël van familiedae val onder die uitsluitlike diskresie van die Provinsiale Kommissaris.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat ook die groepvoorregte van die **super maksimum gevangene** heelwat beperkings toon teenoor die groepvoorregte van ander ge-

vangenes. Die rede hiervoor synde die gewelddadige optrede wat die **super maksimum gevangene** gedurende groepsaktiwiteite kan openbaar. Deur middel van die verbeuring van hierdie voorregte word daar dus ook voorkomend opgetree betreffende die veiligheidsaspek van ander gevangenes gedurende groepsaktiwiteite.

### 3.6.6. INDIVIDUELE VOORREGTE VAN DIE SUPER MAKSIMUM GEVANGENE

Die nuwe voorregtestelsel maak ook voorsiening vir die voorregte van **super maksimum gevangenes.** Die C-Max in Pretoria is ontwerp vir die aanhou van geharde misdadigers en kan beskou word as die voorloper van die **super maksimum gevangenis** wat tans in aanbou is te Kokstad. Volgens Kommissaris Sithole moet C-Max gesien word as 'n "treatment centre" (Ramafoko 1997: 8).

Gevangenes word op 'n drie maandelikse basis geëvalueer en sodra hulle gedrag bevredigend is word hulle na die tweede fase in C-Max oorgeplaas waar hulle dan vir meer voorregte kwalifiseer. Hulle word byvoorbeeld dan toegelaat om self hul skryfbehoeftes aan te koop en om vir drie ure per dag te oefen in plaas van die een uur oefening waarop die gevangenes in fase

een geregtig is (Ramafoko 1998: 13). Vir elke aggressiewe optrede word 'n addisionele dag egter by die gevangene se oorspronklike aantal aanhoudingsdae in C-Max, gevoeg (Ramafoko 1997:8).

Ontvlugtingsrisiko's is beperk en voorregte min. Volgens Ramafoko (1997: 7-8) geld die volgende maatreëls ten einde die risiko verbonde aan ontvlugting te verminder:

- elke gevangene word in 'n enkel sel toegesluit vir 23 uur per dag
- elke gevangene is geregtig op een uur oefening per dag buite sy sel maar in 'n geslote area
- gevangenes is altyd geboei wanneer hulle buite hul selle beweeg
- slegs drie nie-kontak besoeke per maand word toegelaat
- vloeibare haarverwyderaar word aan gevangenes gegee eerder as skeermeslemmetjies
- voorsiening is gemaak vir toesighouding by wyse van video-opnames
- die dra van 'n oranje pak as kleredrag word vereis
- alle maaltye word binne die selle bedien en met plastiek eetgerei genuttig.

Met die nuwe voorregtestelsel word **super maksimum gevangenes**, C-MAX (fase 2) gevangenes en maksimum gevangenes gelykgestel en in een kategorie geplaas. Vervolgens sal hierdie kategorie gevangenes, na aanleiding van Ramafoko (1998: 10-12) se artikel getiteld ***New Privilege System. Resonsible way to alleviate comfort and corruption.***, binne die A-, B- en C-groepe bespreek word, naamlik:

- **B-Groep**

Persone wat tot gevangenisstraf gevonnis word, word by opname as 'n B-Groep gevangene geklassifiseer. 'n **Super maksimum gevangene**, 'n C-MAX gevangene en 'n maksimum gevangene ontvang aansienlik minder voorregte as hul eweknieë in die medium en minimum veiligheidskategorieë. In terme van besoeke word slegs twee ure vir nie-kontak besoeke per maand verleen. Die besoektye is beperk tot 'n maksimum van 30 minute per besoek en die besoekers tot twee volwasse persone per besoek. Alle besoeke word gerekordeer op 'n G367 kaart sowel as 'n rekenaar.

Gevangenes mag slegs in besit wees van R100,00 met 'n addisionele bedrag van R75,00 gedurende

die Kersseisoen. Hierdie geld mag slegs gebruik word om toiletbenodigdhede, rookgoed, posseëls, skryfbehoeftes, verversings en batterye vir skeermesse mee te koop.

Die reëls betreffende die maak van telefoonoproepe, die gebruik van private musiekinstrumente, radio, televisie, die skryf en ontvang van briewe en kaartjies, die lees van biblioteekboeke, die aankoop van addisionele leesstof en die dra van juwele is dieselfde by **super maksimum gevangenes**, C-Max gevangenes en maksimum gevangenes as by die medium of minimum kategorie gevangene (Sien 3.6.4. vir voorregte van minimum en medium kategorie gevangenes).

Indien 'n B-Groep gevangene hom aan die voorgeskrewe reëls onderwerp, mag hy na die A-Groep oorgeplaas word, onderworpe aan sy sekuriteitsklassifikasie.

■ **A-Groep**

Gevangenes in hierdie groep is geregtig op drie ure besoektyd per maand. Alhoewel daar steeds slegs twee volwassenes per besoek toegelaat word,

is die tydsduur verleng na 'n maksimum van 60 minute elk. Die besoeke word egter steeds gerekordeer.

In terme van kontant mag hulle R150,00 in hul besit hê en steeds 'n ekstra R75,00 vir Desember. Hulle is geregtig daarop om enige items aan te koop wat die B-Groep gevangene mag aankoop. Hierbenewens mag hulle ook batterye aankoop vir radio/kassetspelers, kassette en 'n battery aangedrewe skeermes.

Na normale werksure word hul toegelaat om musiekinstrumente in hul selle te bespeel. Hulle word egter steeds nie toegelaat om private beddegoed en klere te gebruik of troeteldiere en televisiestelle aan te hou nie. Ander voorregte is steeds dieselfde as die van minimum en medium gevangenes in die B-Groep.

- **C-Groep**

Gevangenes in hierdie kategorie is slegs geregtig op 'n uur se nie-kontak besoeke per maand. Hulle mag deur een volwassene vir hoogstens 30 minute

per keer besoek word. Ook hierdie besoeke word gerekordeer.

Wat kontant aanbetref is die gevangene slegs geregtig daarop om R50,00 en gedurende Desember 'n addisionele R75,00 in sy besit te hê. Die geld mag slegs gebruik word om toiletbenodighede, rookgoed, posseëls, skryfbehoeftes en batterye vir skeermesse mee aan te koop.

Ander voorregte is dieselfde as die van die medium en minimum gevangenes in die B-Groep.

### 3.6.7. KRITIEK OP DIE VOORREGTESTELSEL

Volgens Van Der Westhuizen (1999: 45) is die nuwe vooregtestelsel 'n verbetering op die vorige stelsel in dié opsig dat dissipline beter toegepas kan word binne die nuwe stelsel. Die nuwe stelsel is egter met gemengde gevoelens aanvaar. Aan die een kant was personeel bly aangesien daar uiteindelik gehoor gegee is aan die noodsaaklikheid van 'n nuwe stelsel. Aan die ander kant was gevangenes opstandig aangesien hul nie kon verstaan dat toegewings gemaak word en dan weer weggeneem word nie. Veral die wysigings ten opsigte van besoeke en telefoonoproepe en die wegneem

van privaat televisiestelle is skerp veroordeel aangesien dit 'n tydverdryf vir gevangenes was (Van der Westhuizen 1999: 46).

Meneer Masopha Mohale (Ramafoko 1999: 12), Hoof van Medium B te Johannesburg Gevangenis, is ook optimisties oor die nuwe stelsel ten spyte daarvan dat gevangenes die stelsel moeilik aanvaar. Alhoewel gevangenes die nuwe stelsel nie totaal verwerp nie, het hulle 'n groot probleem daarmee dat hulle nie meer toegelaat word om 'n private televisiestel in hul sel te hê nie. Hul argument is dat die wegneem van televisiestelle bevorderlik is vir die toeneem van bende-aktiwiteite (Ramafoko 1999: 12).

Die Hoof van die Medium Gevangenes te Baviaanspoort, meneer Mandla Mkhwanazi meld ook dat gevangenes onder sy toesig nie die nuwe voorregtestelsel aanvaar nie. Hul argument is dat hulle hul samewerking gee, nie aan bende-aktiwiteite deelneem of poog om te ontvlug nie, maar steeds onderwerp word aan die nuwe voorregtestelsel. Die gevangenes kan ook nie insien hoe radio en televisie 'n sekuriteistrisiko inhou nie (Ramafoko 1999: 12).

Meneer Jody Kollapen, Kommissaris van die Menseregte Kommisie (HRC) het dit duidelik gestel dat die HRC 'n probleem het met die instelling van die C-Max gevangenis. Hy aanvaar dat Suid-Afrika 'n hoë sekuriteitsgevangenis kort ten einde ontvlugtings te voorkom, maar meld dat dit nie in die vorm van die C-Max gevangenis moet wees nie. Die HRC se probleem met die C-Max sluit onder andere in die isolasie van gevangenes in 'n sel vir 23 uur per dag en ook die feit dat hulle verbied word om te rook. Kollapen sê in hierdie verband: *"Internationally, solitary confinement is regarded as a form of torture, thus putting a prisoner in a cell for 23 hours is solitary confinement and it could amount to torture"*. Hy is verder van mening dat rook vir die meeste mense 'n vorm van genot is en om 'n gevangene wat in die verlede gerook het te verbied om in die gevangenis te rook, is volgens hom nie reg nie. Gevangenes behoort minstens toegelaat te word om te rook gedurende die tyd wanneer hulle oefeninge doen. Hy voer verder aan dat: *"... the Human Rights Commission is going to seek an urgent meeting with Commissioner Sithole to work out a strategy that would enable them to balance the need for having a high security prison and to ensure that the conditions that exist there do not go beyond what is required"* (Ramafoko 1997: 8).

Hierop het Kommissaris Sithole vol vertroue geantwoord: *"The C-MAX is here to stay and The Standard Minimum Rules that governs all prisons in the world recommends that at the least a prisoner can be locked in a cell for 23 hours and have at least one hour of exercise, and this is exactly what we are doing. Therefore the HRC's argument in this regard does not hold..."* (Ramafoko 1997: 9).

Wat die rook van sigarette aanbetref voer Kommissaris Sithole aan dat *"... prisoners are forbidden to smoke because the Department has proved that they sharpen cigarette buds to use them as weapons to attack members or injure themselves. Also, smoking is a health hazard. Above all, smoking is not a human right"* (Ramafoko 1997: 9).

Aangesien dit hier nie bloot gaan oor 'n spesifieke gevangenis nie maar oor gevangenistoestande en die regte en voorregte van toepassing op 'n spesifieke groep gevangenes behoort dieselfde in die geval van **super maksimum gevangenisse** te geld as wat die geval is met die C-Max.

## 3.7. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk sentreer rondom die doel en funksie van gevangenisse, naamlik die veilige bewaking van die oortreder. Ten einde veilige bewaking na te streef is dit noodsaaklik dat die oortreder na die regte gevangenis oorgeplaas word ofte wel dat hy korrek geklassifiseer word.

Daar is gesien dat daar twee vorme van klassifikasie is naamlik horisontale klassifikasie en diepte klassifikasie. Die horisontale klassifikasiestelsel berus op die gevangene se misdaadgeskiedenis, misdadige neigings, houding en gedrag en die stelsel is gekoppel aan die gevangene se voorregte. Die diepte klassifikasiestelsel berus op faktore soos intelligensie, persoonlikheidsfunksionering en rehabilitasiemoontlikhede.

'n Verdere belangrike aspek wat aandag geniet het is die beheermaatreëls wat toegepas word ten einde veilige bewaking na te streef. Veral dissipline in die gevangenis is hier van uiterste belang aangesien dit reeds die gedragsmoeilike oortreder is wat na die **super maksimum gevangenis** gestuur word.

Laastens is aandag geskenk aan die regte en voorregte van gevangenes met besondere klem op dié van die **super maksimum gevangene.** Kritiek rakende die nuwe voorregtestelsel sowel as die voorregte van die C-Max gevangene is ook in die hoofstuk opgeneem.

# HOOFSTUK 4

# STRAFOOGMERKE EN DIE TOEPASSING DAARVAN OP SUPER MAKSIMUM GEVANGENISSTRAF

## 4.1. INLEIDING

Volgens Flew (Acton 1969: 85) word straf nie doelloos opgelê nie maar is dit bestem om spesifieke oogmerke te vul. In die Suid-Afrikaanse regspraak is die oogmerke van straf reeds in 'n aantal uitsprake beklemtoon. In ***R v Swanepoel*** 1945 AD 444, is die oogmerke van straf reeds deur Appèlregter Davis as vasgestel beskou, naamlik:

> *The ends of criminal justice are four in number, and in respect of the purpose so served by it, punishment may be distinquished as (1) Deterrent, (2) Preventive, (3) Reformative, and (4) Retributive.*

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die verskillende oogmerke van straf en hoe dit toepassing

vind by die oplegging van gevangenisstraf in die algemeen en **super maksimum gevangenisstraf** in die besonder. Benewens die vier oogmerke van straf naamlik vergelding, die beskerming van die gemeenskap, afskrikking en die hervorming van die oortreder, het daar met die verloop van tyd ook ander faktore ontstaan wat in Suid-Afrikaanse howe tydens vonnisoplegging in ag geneem word. Hierdie faktore word ook kortliks onder die loep geneem.

## 4.2. DIE RASIONAAL VAN GEVANGENISSTRAF

Wetgewing vir die oplegging van gevangenisstraf in Suid-Afrika word tans gereël deur artikel 276 van die **Strafproseswet**, Wet 51 van 1977, en die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998. Volgens Van Zyl Smit (1992: 101) is daar geen direkte aanduiding in Suid-Afrikaanse gevangeniswetgewing rakende die rasionaal van gevangenisstraf nie. Dit was egter die posisie voor die inwerkingtreding van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, wat die oogmerke van die korrektiewe stelsel in artikel 2 blootlê.
Artikel 2 lui as volg:

*Die oogmerk van die korrektiewe stelsel is om by te dra tot die instandhouding en beskerming van*

*'n regverdige, vreedsame en veilige samelewing deur-*

*(a) vonnisse van die howe af te dwing op die wyse wat hierdie Wet voorskryf*

*(b) alle gevangenes in veilige bewaring aan te hou terwyl hul menswaardigheid verseker word, en*

*(c) die maatskaplike verantwoordelikheid en die menslike ontwikkeling van alle gevangenes en persone onderworpe aan gemeenskapskorreksies te bevorder.*

In ***S v Scheepers*** 1972 (2) SA 154 (A), probeer Appèlregter Viljoen 'n formule vind wat as vereiste moes geld alvorens gevangenisstraf opgelê word. Hy stel dit as volg:

*"Ek is persoonlik van oordeel dat gevangenisstraf slegs geregverdig is indien dit nodig is dat die oortreder uit die gemeenskap verwyder word ter beskerming van die publiek en indien die oogmerke wat deur die vonnisoplegger nagestreef word met geen alternatiewe straf bereik kan word nie".*

Ook Avery (1987: 82) is van mening dat *"... the effectiveness on the one hand and the negative implica-*

*tions on the other of this form of punishment must be measured against what is intended to achieve".*

Volgens Nordier (1996: 3-5) is die doel van gevangenisstraf hoofsaaklik drieledig van aard, naamlik:

- die primêre doelstelling van gevangenisstraf is vergelding
- in die tweede plek word gevangenisstraf opglê met die oog daarop om die oortreder self af te skrik van soortgelyke (en ander) misdadigheid, sowel as om die gemeenskap te beskerm deur die verwydering van die oortreder uit die samelewing
- laastens bied die opneming en opsluiting van die gevangene 'n ideale geleentheid tot sy hervorming.

## 4.3. DIE OMSKRYWING VAN DIE STRAFBEGRIP

Daar bestaan verskillende vertrekpunte vir die omskrywing van die strafbegrip. Volgens Neser (1981: 28) kan die strafbegrip vanuit 'n juridiese, sielkundige, opvoedkundige, penologiese en teologiese standpunt omskryf word. In baie van hierdie vakwetenskappe sal daar telkens 'n ander faset van die straffenomeen beklemtoon word. Aangesien hierdie studie op 'n

penologiese perspektief slaan (sien 1.1.), sal die penologiese beskouing van straf aandag geniet.

Neser (1981: 28) voer aan dat daar volgens die penologiese beskouing van straf aanvaar kan word dat straf uit die volgende prinsipiële elemente bestaan, naamlik:

- dit moet fisies of psigies onaangenaam wees vir die persoon wat dit ondergaan
- dit moet op die persoon van die oortreder van toepassing wees
- dit moet die optrede van 'n menslike instansie wees
- hierdie instansie moet met die nodige gesag vir sodanige optrede toegerus wees
- dit moet vir 'n oortreding wees waarvoor die persoon verantwoordelik gereken kan word
- dit moet met bepaalde oogmerke of doelstellings geskied.

## 4.4. STRAFOOGMERKE

### 4.4.1. INLEIDING

Wat die oogmerke van straf met die implementering van 'n vonnis van gevangenisstraf aanbetref, sê artikel

36 van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, die volgende:

*Met behoorlike inagneming van die feit dat die ontneming van vryheid die doel van strafoplegging dien, het die implementering van 'n vonnis van gevangenisstraf die oogmerk om die gevonniste gevangene daartoe in staat te stel om in die toekoms 'n maatskaplik verantwoordelike en misdaadvrye lewe te lei.*

By die oogmerke van straf word daar volgens Van Niekerk (1996: 44) 'n onderskeid tussen twee tipes teorieë getref. Aan die een kant is daar die absolute- of vergeldingsteorie en aan die ander kant die relatiewe- of doelteorie. Volgens laasgenoemde teorie is straf slegs 'n middel tot 'n doel wat verder drie afsonderlike doelwitte daarstel, naamlik die afskrikkingsdoelwit, die hervormingsdoelwit en die voorkomingsdoelwit.

Ook Snyman (1992: 18) maak 'n onderskeid tussen die teorieë. Hy onderskei egter 'n derde teorie, naamlik die verenigingsteorie, wat dieselfde as Du Toit se teorie van gebalanseerde en effektiewe vonnisoplegging ten doel het (sien 4.4.6. in hierdie verband).

Ander skrywers soos byvoorbeeld Du Toit (1980: 102) en Neser (1981: 28) maak nie 'n onderskeid tussen die twee tipes teorieë nie maar bespreek die vier teorieë of strafoogmerke na aanleiding van die ondersoeke van die Rumpff-Kommissie in 1976. Hiervolgens is die vier strafoogmerke die volgende, naamlik:

- die vergelding van die misdaad
- afskrikking van die oortreder en ander
- beskerming van die gemeenskap
- die rehabilitasie van die oortreder.

Du Toit (1980: 114) voeg egter by die bogenoemde strafoogmerke sy teorie van gebalanseerde en effektiewe vonnisoplegging wat as 'n saamgestelde teorie van die vier genoemde strafoogmerke beskou kan word.

Vervolgens sal elk van die strafoogmerke sowel as Du Toit se teorie van gebalanseerde en effektiewe vonnisoplegging, afsonderlik bespreek word. Telkens sal daar ook aandag geskenk word aan die toepassing van elke strafoogmerk op gevangenisstraf in die algemeen en **super maksimum gevangenisstraf** in die besonder en hoe dit toepassing vind in die Suid-Afrikaanse regspraktyk. Laastens sal kortliks gelet word op verdere oorwegings wat in die Suid-Afrikaanse regspraktyk toepassing vind.

### 4.4.2. VERGELDING

■ **Die teorie**

Vergelding kan gesien word as 'n boetedoening deur die misdadiger vir sy skuld (Nordier 1996: 14). Rabie en Strauss (1985: 22) voer aan dat vergelding 'n indeterministiese inslag het wat tot gevolg het dat elke individu oor die vryheid van keuse beskik. Elke persoon is egter verantwoordelik vir die keuses wat hy uitoefen.

Neser (1981: 28) gaan van die standpunt uit dat vergelding aanvaar word as verdiende leed wat saamhang met die kausaliteitsgedagte. Die kausaliteitsbeginsel impliseer dat alle handelinge gevolge het en dat elke handeling vergeld word volgens sy eie aard. Goeie handelinge het dus goeie gevolge en slegte handelinge onaangename gevolge. Vergelding word verder in straf geregverdig vanweë die feit dat dit die enigste strafoogmerk is wat staf aan verdiende loon koppel.

Ook volgens Du Toit (1980: 102) hou die vergeldingsteorie in dat straf opgelê word omdat dit verdien is. Geregtigheid vereis dat die oortre-

der vir sy wandaad in die verlede boet sodat sy skuld vereffen kan word teenoor persone wat deur sy misdryf benadeel is asook teenoor die gemeenskap wat deur sy wederregtelike optrede geraak is. Vergelding vir 'n misdryf vind dus plaas deurdat die oortreder verdien om straf in die vorm van een of ander nadelige sanksie te ondergaan. Derhalwe word straf volgens die vergeldingsteorie as 'n doel op sigself beskou. Vergelding bied aan die oortreder die geleentheid vir boetedoening en berou. Terselfdertyd werk dit mee om 'n wetsgehoorsame gemeenskapsolidariteit te vestig (Van Niekerk 1996: 43-44).

Vergelding as strafoogmerk word deur twee belangrike vereistes getemper. Eerstens moet die straf verband hou met die morele skuld of verwytbaarheid van die oortreder en tweedens moet die straf verband hou met die aard en omvang asook die gevolge van die misdryf. Indien die gemeenskap en benadeeldes derhalwe tevrede is dat 'n gepaste vonnis opgelê is en dat vergelding plaasgevind het, sal die straf nie buite verhouding swaar wees nie (Du Toit 1980: 104).

'n Verdere belangrike aspek van die vergeldingsteorie is dat die gemeenskap tevrede moet wees dat die oortreder gepas gestraf is vir sy misdryf, aldus Du Toit (1980: 104). Indien gevangenisstraf van alle vergelding of onaangenaamheid ontneem word, kan die gevoel by wetsgehoorsame burgers ontstaan dat dit nutteloos is om die wet te gehoorsaam. Dit kan verder daartoe aanleiding gee dat die gemeenskap hul vertroue in die regstelsel verloor (Gerber 1995: 12-13).

- **Die Suid-Afrikaanse praktyk**

Vergelding as strafoogmerk word deur Suid-Afrikaanse howe en juriste aanvaar as 'n belangrike oorwegingsfaktor by straftoemeting. Dit word egter nie as die enigste strafoogmerk beskou nie en word gewoonlik saam met ander oogmerke van straf, soos voorkoming en hervorming, nagestreef.

In ***S v Holder*** 1979 (2) SA 70 (A) 81B, het Hoofregter Rumpff dan ook uitdruklik aangetoon dat die vergeldingsoogmerk op gebalanseerder wyse saam met ander belangrike strafoogmerke tydens die oorwegingsfase by vonnisoplegging na vore behoort te tree.

In *S v Van Vuuren* 1992 (1) SASV 127 (A) sê Appèlregter Van Den Heever die volgende:

*"Ek aanvaar dat vergelding nog een van die onmisbare boustene is vir die regverdiging van straf... Waar ons howe daarop klem lê dat straf geïndividualiseer moet word, ... meen ek dat straf, as vergelding, nie moet uitbly nie...".*

Volgens Du Toit (1980: 104-105) het die volgende riglyne rakende vergelding in ons regspraktyk ontwikkel:

- vergelding is nie afwesig in die moderne benadering tot straftoemeting nie. In ***S v Khumalo*** 1984 (3) 327 (A) SA merk Appèlregter Nicolas egter op: *"The aspect of retribution is considered in modern times to be of lesser importance..."*
- die natuurlike, verstaanbare verontwaardiging en afkeur van belanghebbendes en die gemeenskap behoort tydens vonnisoplegging oorweging te geniet. Effektiewe en gebalanseerde straftoemeting vereis vergelding in verhewe sin ter bevrediging van die verontwaardiging van die benadeeldes
- die verhoorhof wat nie gebalanseerde oorweging aan die gevoel van die gemeenskap en ander be-

langhebbendes skenk tydens vonnisoplegging nie, lok eierigting uit en skok die vertroue wat die gemeenskap in geregshowe het. Dit kan die effektiwiteit van die howe en die hele regstelsel ernstig in gevaar stel

- Die vereistes van klaers en die gemeenskap is nie die enigste faktore by straftoemeting nie. In ***S v Holder*** 1979 (2) SA 70 (A) 81B, laat Hoofregter Rumpff hom as volg oor hierdie aangeleentheid uit: "*Die gemeenskap verwag dat 'n ernstige misdryf gestraf sal word maar verwag ook tewens dat... die beskuldigde se besonder posisie deeglike oorweging verdien. Dit, meen ek, is strafoplegging volgens die eise van ons tyd*".

## ■ Vergelding en gevangenisstraf

Die primêre doel van gevangenisstraf is vergelding (Nordier 1996: 3). Soos reeds gesien het vergelding 'n indeterministiese inslag wat meebring dat elke individu oor die vryheid van keuse beskik maar steeds verantwoordelik gehou word vir die keuses wat hy maak. Weens verkeerde keuses in terme van die standaarde wat binne 'n bepaalde gemeenskap geld, word 'n oortreder by wyse van

gevangenisstraf van sy vryheid ontneem as vergelding en boetedoening vir sy oortreding (Rabie & Strauss 1985: 22).

In die verlede het gevangenisstraf gepaard gegaan met liggaamstrawwe in verskeie vorme. Hierdie liggaamstraf het 'n integrale deel van die gevangenisstraf gevorm. Aangesien die oortreder **vir** straf na 'n gevangenis gestuur is, het gevangenisstraf 'n sterk vergeldingskarakter gehad. Die moderne opvatting verskil egter hiervan deurdat die oortreder **as** straf tot gevangenisstraf gevonnis word en in sekere gevalle vir behandeling na die gevangenis gestuur word. Die klem wat op vergelding as strafoogmerk geplaas is word tans na ander strafoogmerke soos die beskerming van die gemeenskap en die rehabilitasie van die oortreder verplaas. Die vergeldingsoogmerk bly egter steeds 'n onderliggende motief by strafoplegging (Neser 1981: 29-30).

Wanneer die uitgangspunt aanvaar word dat vergelding verdiende loon of leed is, kan daar binne die raamwerk van gevangenisstraf aan hierdie oogmerk uiting gegee word. Nie alleen kan die tipe en lengte van die straf gekoppel word aan die

erns van die misdaad of die leed wat die oortreder daarvolgens verdien nie, maar in 'n sekere mate ook administratiewe aspekte soos die klassifikasie van die gevangene en die tipe inrigting waar hy aangehou word. Alhoewel die leedtoevoeging deur gevangenisstraf nie meer fisies van aard is nie, word die oortreding vergeld deur die psigiese leed of lyding van die oortreder wat met gevangenisstraf gepaard gaan. Hierdie psigiese lyding vorm deel van enige termyn van gevangenisstraf, alhoewel dit mag varieër met veranderlike faktore soos die lengte van die vonnis, die tipe inrigting en die peroonlikheid van die oortreder. Die grootste gedeelte van die psigiese lyding spruit egter voort uit die ontneming van die individuele vryheid van die oortreder (Neser 1981: 30). In 'n **super maksimum gevangenis** sal hierdie leed nog groter ervaar word as in 'n gewone gevangenis aangesien baie van die voorregte wat die deursnee gevangene het, nie vir die **super maksimum gevangene** beskore is nie.

Gevangenisstraf bied verder aan die oortreder die geleentheid tot boetedoening en berou. Die oortreder kry die geleentheid om sy skuld teenoor die staat sowel as die gemeenskap te versoen.

Aanvaarding van gevangenisstraf as vergelding vir sy misdaad kan die oortreder laat insien dat hy verkeerd gehandel het en 'n gevoel van berou by hom aanwakker (Neser 1981:30). In die **super maksimum gevangenis** speel veral die aanwending van programme 'n belangrike rol in hierdie verband. Deur die aanwending van die korrekte program vir elke individuele oortreder word die **super maksimum gevangene** tot aanvaarding en die besef van sy foutiewe optrede gelei na die pad van herstel.

Waar psigiese leed of lyding in gevangenisstraf afwesig is, met ander woorde waar gevangenisstraf van alle vergelding of onaangenaamheid ontneem word, mag die gevoel by wetsgehoorsame burgers ontstaan dat dit geen doel dien om wetsvoorskrifte te gehoorsaam nie. Dit kan verder daartoe lei dat die gemeenskap sy vertroue in die regstelsel verloor. Die onaangenaamheid of psigiese leed verbonde aan gevangenisstraf vorm dus 'n simbool van die wetsgehoorsame publiek se afkeur in misdaad (Neser 1981: 30). Ook Nordier (1996: 3) meld dat dit belangrik is dat die gemeenskap tevrede gestel moet word wanneer die oortreder se wandaad vergeld word ten einde geregtigheid te

laat geskied. Met die verwydering van die **super maksimum gevangene** uit 'n gewone gevangenis as gevolg van sy gewelddadige en aggressiewe optrede, word nie slegs die breë gemeenskapsgevoel rakende vergelding bevredig nie maar ook dié van die gevangenisgemeenskap.

### 4.4.3. VOORKOMING (DIE BESKERMING VAN DIE GEMEENSKAP)

■ **Die teorie**

Daar is verskeie maniere waarop die gemeenskap beskerm kan word, byvoorbeeld deur oortreders te rehabiliteer, af te skrik of mense so op te voed dat hulle nie begerig is om misdaad te pleeg nie (Neser, Cilliers & Swart 1985: 85). Volgens die voorkomingsteorie is die doel van straf die voorkoming of beperking van misdaad (Nordier 1996: 20).

Die doel van straf en straftoemeting is die voorkoming van 'n herhaling van 'n betrokke misdryf deur die betrokke oortreder sowel as deur ander lede van die gemeenskap. Met die klem op die beveiliging van die gemeenskap teen die nadelige gevolge van misdadige optrede, word daar voor-

komend gestraf. Die toediening van 'n nadelige sanksie op die oortreder, geskied met die oog op die afskrikking van ander potensiële misdadigers sowel as die oortreder self (Du Toit 1980: 106). Veral die **super maksimum gevangenis** bied afskrikkingsmoontlikhede aan die oortreder aangesien hy, as gevolg van sy gedrag, van bykans alle voorregte ontneem word.

Volgens Gerber (1995: 14) bied gevangenisstraf korttermyn beskerming deurdat die fisiese maatreëls van aanhouding die misdadiger aan bande lê. Binne die perke van die moontlikheid van ontvlugting bied gevangenisstraf fisiese en ekonomiese beskerming aan die gemeenskap. Aangesien die meeste misdadigers slegs vir 'n beperkte tyd aangehou word, is beskerming beperk, behalwe waar die oortreder gedurende sy aanhoudingstydperk rehabiliteer. In so 'n geval word die gemeenskap op die lang termyn beskerm. Ontvlugtingsmoontlikhede uit 'n **super maksimum gevangenis** is skraal aangesien strenger maatreëls van beheer en fisiese sekuriteit aangetref word. Rehabilitasiemoontlikhede word verhoog deurdat die **super maksimum gevangene** gewoonlik 'n lang termyn in die gevangenis deurbring. Deur middel van **super**

**maksimum gevangenisse** word dus gehoor gegee aan die langdurige beskerming van die gemeenskap.

## ■ Die Suid-Afrikaanse praktyk

Alhoewel voorkoming as strafoogmerk 'n belangrike deel van straftoemeting in Suid-Afrika uitmaak, word dit nie beskou as die enigste oogmerk by vonnisoplegging nie maar geniet dit gebalanseerde oorweging naas die ander strafoogmerke. Volgens Du Toit (1980: 107-108) het die volgende riglyne in die regspraktyk ontwikkel:

- vonnisoplegging het onder meer die beskerming van die gemeenskap deur die voorkoming of beperking van die misdryf ten doel
- voorkoming beteken voorkoming in individuele sowel as algemene sin
- 'n te ligte vonnis voorkom nóg op individuele nóg op algemene wyse en kan derhalwe as oneffektiewe vonnisoplegging beskou word
- die straf behoort oordeelkundig verband te hou met die graad van die morele verwytbaarheid van die oortreder en die laakbaarheid van sy daad. Individualisasie word nie opgeoffer vir die gemeenskapsbelang nie maar verkry 'n gebalanseerde plek naas gemeenskapsbelang

- 'n effektiewe vonnis word vereis en dit kan slegs volg op 'n gebalanseerde en ewewigtige oorweging van alle relevante faktore en omstandighede
- wanneer 'n gebalanseerde oorweging van alle relevante feite en faktore egter daarop dui dat effektiewe gemeenskapsbeskerming slegs deur die eliminering van die oortreder kan geskied, is die taak van die verhoorhof duidelik - 'n vonnis te dien effekte behoort dan opgelê te word
- die tipies Suid-Afrikaanse straf wat op die beskerming van die gemeenskap gerig is, is die verklaring van die oortreder tot gewoontemisdadiger. Hierdie straf is aangewese waar die oortreder uit gewoonte misdrywe pleeg en die gemeenskap teen hom beskerm moet word. Sy aanhouding in 'n gevangenis neem hom derhalwe uit die gemeenskap waar hy nie verdere skade kan aanrig deur herhaalde misdadigheid nie.

■ **Voorkoming en gevangenisstraf**

Volgens Nordier (1996: 21) is gevangenisstraf die straf wat die meeste opgelê word ter voorkoming van misdaad. Dit is egter belangrik om daarop te

let dat straf bloot ter wille van voorkoming, nie wenslik is nie. Gebalanseerde straftoemeting vereis veel meer as net afskrikking, hoewel dit uiteraard altyd 'n besonder belangrike strafoogmerk sal wees. Suksesvolle voorkoming van die misdryf ter beskerming van die gemeenskap is juis die belangrikste doelstelling van die strafreg (Du Toit 1980: 107).

Strafindividualisasie het tot gevolg dat die gedragsmoeilike oortreder geïdentifiseer en na 'n **super maksimum gevangenis** uitgeplaas of oorgeplaas word. Die gemeenskap kan dus óf van meet af teen 'n gewelddadige oortreder beskerm word óf vanaf die tydstip dat hy weens sy gedrag nie meer in 'n gewone gevangenis geakkommodeer kan word nie. **Super maksimum gevangenisstraf** se tydsduur is meerendeels van 'n langer aard. Derhalwe word die kans op rehabilitasie gemaksimaliseer en kan die gemeenskap die beskerming waarop hy geregtig is, op die lang duur geniet.

### 4.4.4. AFSKRIKKING

■ **Die teorie**

Volgens Neser (1981: 28) kom afskrikking op twee wyses in straf ter sprake. Enersyds gaan dit om die strafbelewenis of strafervaring van die oortreder self. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die onaangenaamheid in straf vir die oortreder 'n les sal wees en dat hy hom op grond daarvan in die toekoms van misdadige gedrag sal weerhou. Hierdie komponent staan bekend as individuele afskrikking. Die straf is dus primêr gerig op die beskuldigde. Sodra hy die pyn van sy vonnis ondervind sal hy oor die onaangenaamheid van die straf nadink en homself so kondisioneer dat hy verdere misdadige neidings sal onderdruk (Nordier 1996: 23).

Andersyds is dit binne die raamwerk van algemene afskrikking die oorweging om die oortreder op so 'n manier te straf dat dit as voorbeeld vir potensiële oortreders kan dien en hulle aldus sal weerhou van die pleeg van 'n soortgelyke misdaad (Neser 1981: 28). Volgens Nordier (1996: 23) vereis die gedagte van algemene afskrikking dat publisiteit aan die strafregsplegingstelsel verleen word. Waar misdade in die geheim verhoor word en die media nie toegelaat word om daaroor

te berig nie, verdwyn die algemene afskrikkende waarde van strafregspleging.

## ■ Die Suid-Afrikaanse praktyk

Volgens Van Niekerk (1996: 44) behels die toepassing van afskrikking as strafoogmerk twee komponente in die Suid-Afrikaanse regspraktyk. Die eerste komponent dui op die persoonlike strafbelewenis of strafervaring van die individuele oortreder. Die vraag wat telkens gevra moet word is of die straf effektief genoeg sal wees om die oortreder te weerhou van misdadige gedrag in die toekoms. Die tweede kriteria is of die straf wat 'n besondere oortreder opgelê word ook dien ter afskrikking van enige potensiële oortreder binne die gemeenskap waarbinne die besondere oortreder hom bevind. In ***S v Steyn*** 1991 (2) SASV 8 (A), is hierdie tweeledige afskrikkingswaarde van straf, bevestig.

In ***S v Khulu*** 1975 (2) SA 518 (N), word die volgende oor voorkomende optrede deur middel van afskrikking gesê: *"Everyone has heard of an exemplary sentence; and nearly everyone agrees that at times such sentences are justified. But it is*

*not always observed that an exemplary sentence is unjust; and unjust to the precise extent that it is exemplary. Assume a particular crime is becoming dangerously frequent. In normal times the appropiate sentence would be, say, two years. The Judge awards three; he award the third year entirely to deter others. This may be expedient; it may even be imperative. But one thing is not; it is not just... The truth is that in such cases the Judge is not administering strict justice but choosing the lesser of two practical evils. He decides that a moderate injustice to the criminal is a lesser evil than the consequences to the public of a further rise in the crime-wave".*

Nordier (1996: 24) is van mening dat strafoplegging met die afskrikkingsoogmerk in gedagte, ook 'n opvoedkundige funksie het, daar dit dien om die algemene publiek bewus te maak van welke gedrag deur die reg verbied word en welke onaangename gevolge mag voortvloei uit 'n verbreking van die regsvoorskrifte.

## ■ Afskrikking en gevangenisstraf

Volgens Gerber (1995: 13) word met afskrikking beoog om die straf of vergelding van die verkeerde handeling so onaangenaam te maak dat dit die oortreder self, sowel as die potensiële oortreder van die pleeg van 'n soortgelyke misdaad sal weerhou. Volgens Neser (1981: 30) is dit egter nie meer die hedendaagse beskouing dat die straf so onaangenaam moontlik vir die oortreder gemaak moet word nie. By gevangenisstraf het daar dan ook onteenseglik 'n klemverskuiwing in die rigting van die behandeling van die oortreder plaasgevind. Ook in die **super maksimum gevangenis** word daar gepoog om die oortreder met behulp van behandelingsprogramme op die weg na rehabilitasie te plaas.

Waar individuele afskrikking ter sprake is, kan die feit nie weerlê word dat die ontneming van vryheid wat met gevangenisstraf gepaard gaan, onaangenaamheid vir die gevangene tot gevolg het nie. Alhoewel dit steeds van faktore soos persoonlikheidsamestelling, sosiale agtergrond en die lengte van die vonnis afhang en daarop neerkom dat gevangenisstraf op sommige gevangenes geen afskrikkende uitwerking sal hê nie, behoort die onaangenaamheid verbonde aan gevangenisstraf

vir die gemiddelde individu 'n mate van afskrikking in te hou (Neser 1981: 30). Waar die oortreder sy vryheid en ander voorregte in 'n gevangenis moet inboet, sal dit hom nie alleen van wederregtelike optrede weerhou nie, maar dit sal hom in die toekoms twee keer laat dink alvorens hy weer 'n misdryf sal pleeg (Gerber 1995: 13). Die **super maksimum gevangenis** dien as verdere afskrikkingsoogmerk daar dit 'n persoon wat reeds oortree het en 'n vonnis binne 'n gewone gevangenis uitdien daarvan weerhou om gewelddadige gedrag teenoor mede-gevangenes en korrektiewe beamptes te openbaar. Sulke gedrag sal noodwendig daartoe lei dat hy na 'n **super maksimum gevangenis** oorgeplaas word of dat sy voorregte ingekort word.

Wat die afskrikking van gevangenisstraf oor die algemeen betref, speel die maatskaplike afkeuring of sosiale stigma wat aan gevangenisstraf kleef, 'n baie belangrike rol. Waar 'n oortreder egter min of geen deel aan die geestelike en materiële welsyn van die gemeenskap het nie, sal gevangenisstraf 'n minder betekenisvolle rol speel (Neser 1981: 30).

Volgens Luyt (1996: 24) kan afskrikking help om misdaad te voorkom deurdat individue en die gemeenskap op een of ander wyse tot die besef kom dat misdaad nadelig is. Neser et al. (1985: 72-73) is die mening toegedaan dat die effektiwiteit van afskrikking daarin geleë is dat voorstanders van die oogmerk glo dat straf altyd vrees wek. Die nadele verbonde aan die straf moet egter altyd groter wees as die voordele verbonde aan die misdaad.

Luyt (1996: 24) is verder van mening dat die waarde van gevangenisstraf as afskrikmiddel in 'n mate onder verdenking kom indien daar gelet word op 'n aspek soos residivisme. In so 'n geval behoort maksimum, of indien die misdryf dit regverdig, selfs **super maksimum gevangenisstraf** toegepas te word ten einde die afskrikkingswaarde van gevangenisstraf te maksimaliseer.

## 4.4.5. HERVORMING VAN DIE OORTREDER

■ **Die teorie**

By die hervormingsteorie is dit die doel van straf om die oortreder te hervorm sodat hy weer

as 'n normale wetsgehoorsame lid van die gemeenskap sy plek kan volstaan. Die klem val op die persoon en persoonlikheid van die dader. Die oorsaak van die misdaadpleging kan volgens hierdie teorie teruggevoer word na die een of ander persoonlikheidsgebrek by die oortreder, of na ander sielkundige faktore soos 'n ongelukkige of gebroke ouerhuis of nadelige invloede wat op die dader ingewerk het (Nordier 1996: 25).

Die vernaamste riglyne wat vir die hevormingsteorie neergelê word, aldus Du Toit (1980: 109-111), is die volgende:

- hervorming of verbetering van die oortreder is in alle gevalle van straftoemeting 'n belangrike faktor en elke verhoorhof sal die verbetering of hervorming van die oortreder wat gestraf moet word, nastreef. Dit is voor die hand liggend dat elke oortreder wat bloot gestraf word sonder dat daar enige pogings aangewend word om hom te verbeter of te hervorm, oneffektief gestraf word
- straftoemeting behoort hervorming en verbetering van die oortreder na te streef ter wille van die oortreder self

- die hervorming en verbetering van die oortreder kan slegs effektief nagestreef word indien individualisasie van straf plaasvind. Daar moet in gedagte gehou word dat dit die oortreder is wat gestraf word en nie slegs sy misdryf en die gevolge daarvan nie. 'n Individuele benadering sal verder verseker dat die persoonlikheid van die besondere oortreder volle aandag geniet ten tye van vonnisoplegging. Derhalwe is dit ook nodig dat die verhoorhof oor alle basiese kennis rakende die oortreder se persoonlikheid en agtergrond beskik, voordat daar tot straf oorgegaan word
- ten einde strafindividualisasie moontlik te maak, sal die geregshof gebruik moet maak van die hulp van deskundiges soos psigiaters, sielkundiges, sosioloë en proefbeamptes, aangesien die reg alleen nie in alle gevalle aan die hof die volle kennis kan besorg wat effektiewe individualisasie moontlik sal maak nie. Geen geregshof kan 'n gepaste straf oplê wanneer slegs die aard en omvang van die misdryf aan hom bekend is nie
- hervorming en verbetering as oogmerk van straf beteken dikwels dat daar van buite-inrigtingstrawwe gebruik gemaak sal word, met ander

woorde dat individualisasie tot ander strawwe as gevangenisstraf sal lei.

## ■ Die Suid-Afrikaanse praktyk

Nordier (1996: 2) is van mening dat die teorie sy ontstaan grootliks te danke het aan die opkoms van die sosiologiese en sielkundige wetenskappe die afgelope tyd. Die aandag fokus op die dader as individu. Ons howe erken dat die persoon van die misdadiger in aanmerking geneem moet word by strafoplegging. Ook in ons gevangenisse word daar groot moeite gedoen ten einde oortreders te probeer rehabiliteer.

Ook volgens Du Toit (1980: 112) het die hervorming en verbetering van die oortreder veral in die laaste aantal jare as belangrike strafoogmerk in Suid-Afrika na vore getree. Soos in die geval van ander strafoogmerke moet dit egter nooit as enigste oogmerk vir vonnisoplegging geld nie, maar op gebalanseerde wyse naas die ander strafoogmerke nagestreef word.

Van belang vir die **super maksimum gevangenis** is die feit dat die oortreder **as** persoon of individu

gestraf word en nie **vir** sy misdryf nie. Dit is dus as gevolg van sy aggressiewe of gewelddadige optrede dat die oortreder in 'n **super maksimum gevangenis** is.

## ■ Hervorming en gevangenisstraf

Waar die hervormingsteorie toegepas word tydens die oplegging van gevangenisstraf, veronderstel dit dat 'n redelike lang termyn van gevangenisstraf opgelê word (Nordier 1996: 25). Naas die veilige bewaring van gevangenes is die belangrikste funksie van die gevangenisowerhede om sover moontlik sodanige behandeling op oortreders toe te pas as wat tot hul verbetering en rehabilitasie mag lei.

Volgens Neser (1980: 143) bied gevangenisstraf en in die besonder langtermyn gevangenisstraf op drievoudige wyse ruimte vir die hervormingsoogmerk van straf. Die navorser is van mening dat dit op dieselfde wyses van toepassing gemaak kan word op **super maksimum gevangenisstraf**. Hierdie doelstellings is:

- in die eerste plek kan gevangenisstraf meehelp om die oortreder tot die insig te bring dat hy

verkeerd opgetree het en om straf as die logiese gevolg van sy verkeerde handeling te aanvaar. Belangrike oorwegings in hierdie proses is die evaluering van sy eie persoon, die aankweek van eienskappe om homself te verbeter en 'n voorneme om 'n ander waardesisteem na te streef. Afsondering, wat gepaard gaan met gevangenisstraf kan in baie gevalle 'n heilsame uitwerking uitoefen ten opsigte van die rehabilitasieproses

- Tweedens bied gevangenisstraf die moontlikheid om die oortreder te behandel wat sodoende weer kan bydra tot hervorming. Volgens Neser (1980: 144) moet daar gewaak word teen 'n oorbeklemtoning van behandeling ten koste van die rol wat die oortreder self in sy hervorming behoort te vervul
- In die derde plek kan daar binne die raamwerk van gevangenisstraf 'n gunstige, menswaardige omgewing geskep word wat daartoe kan meehelp om by die oortreder 'n positiewe en ontvanklike gesindheid teenoor behandeling te ontwikkel (Neser 1980: 144).

Roux (Nordier 1996: 26) stem nie met die sienswyse van Neser saam nie en laat hom as volg uit

oor die hervormingswaarde van gevangenisstraf, naamlik:

- *In the first place, a person does not come to the prison voluntarily, but under compulsion, which often results in negative reactions and feelings of hostility*
- *In the second place, the person is removed from society and placed in an artificial environment; an environment with its own sub-culture, values and norms; a sub-culture entertaining mostly a negative and anti-social code of behaviour*
- *In the third place, the prison system is traditionally, and from a functional point of view, so regulated that it truly breathes regimentation with little or no opportunities or actual encouragement for the individual to accept responsibility for his daily actions. Many offenders' problems emanate from the inability or unwillingness to accept responsibility for their behaviour, with the result that the prison situation aggravates this attitude and thereby strengthens the syndrome of "not-accepting-responsibility-for-my-actions"*
- *In the last place, imprisonment involves the denial of normal interpersonal and social*

*relationships with the result that there is, to a large extent, exposure to negative interpersonal influences which are not conductive to healthy and positive personality development.*

Wat die navorsingsonderwerp, naamlik **super maksimum gevangenisse** aanbetref, skaar die navorser haar by die sienswyse van Neser. Een van die oogmerke van enige vorm van gevangenisstraf is tog om die oortreder te hervorm of te rehabiliteer en as verbeterde produk aan die samelewing terug te gee.

### 4.4.6. DIE TEORIE VAN GEBALANSEERDE EN EFFEKTIEWE VONNISOPLEGGING

- **Die teorie**

As gevolg van probleme voortspruitend uit die eensydige benadering tot straftoemeting waar slegs die een of ander strafoogmerk nagestreef word, word 'n saamgestelde of versoeningsteorie deur sommige juriste onderskryf, aldus Du Toit (1980: 114). Hierdie teorie hou in dat vergelding, voorkoming en hervorming saam die oogmerke

van straf uitmaak. Elke verhoorhof streef derhalwe 'n saamgestelde strafoogmerk tydens vonnisoplegging na, naamlik daar word vergeld in verhewe sin en terselfdertyd voorkom en hervorm. So word al die positiewe en moreel aanvaarbare gedeeltes van die verskillende oogmerke uitgelig en nagestreef. Die gevolg hiervan is dat die beste eienskappe van die onderskeie strafoogmerke in 'n enkele teorie saamgevat word.

Nordier (1996: 28-29) is van mening dat vergelding steeds die ruggraat van die strafbenadering vorm, maar nie in die absolute betekenis wat dit in primitiewe gemeenskappe gehad het nie. Die vergeldingsteorie is egter onontbeerlik omdat daar slegs op hierdie teorie gesteun kan word vir 'n eweredige verhouding tussen die strafmaat en die morele verwytbaarheid van die dader asook tussen die strafmaat en die skade of graad van regskrenking.

Volgens Du Toit (1980: 114) hou die versoeningsteorie sonder twyfel waarheid in en word dit deur vooraanstaande Suid-Afrikaanse juriste soos Appèlregter Viljoen en kriminoloeë soos Van der Walt onderskryf. Die aanvaarbaarheid van die

teorie lê daarin dat dit van al die strafteorieë die naaste aan die oogmerk van gebalanseerde en effektiewe vonnisoplegging kom. Verder erken dit die eenvoudige en realistiese waarheid dat geen enkele vonnisoplegging gepas kan geskied indien slegs een van die erkende strafoogmerke nagestreef word nie.

## ■ Die Suid-Afrikaanse praktyk

In Suid-Afrika geniet die versoening of integrasie van die erkende strafoogmerke ook in die praktyk erkenning. In sy beslissing in ***S v Zinn*** 1969 (2) SA 537 (A), het Hoofregter Rumpff 'n praktiese inslag verleen aan die samevoeging van die onderskeie oogmerke ter bereiking van 'n gebalanseerde en effektiewe straf. Volgens die regter lei balans en ewewigtigheid in die oorwegingsproses ten tyde van straftoemeting, tot effektiewe vonnis. Die oorbeklemtoning van een faktor lei tot die onderbeklemtoning van 'n ander wat 'n eensydige, ongepaste of onregverdigde vonnis tot gevolg het (Du Toit 1980: 115).

Die volgende riglyne uit beslissings van ons howe, kan neergelê word, aldus Du Toit (1980: 115):

- straf het nie as oogmerk slegs vergelding, hervorming of voorkoming nie maar dien op saamgestelde wyse al hierdie doelstellings
- 'n gebalanseerde benadering tydens straftoemeting sal tot 'n effektiewe vonnis lei, wat in verhewe sin vergeld, op matige wyse individueel sowel as algemeen afskrik en voorkom en ook op sekere en bepaalde wyse poog om die oortreder deur of saam met die straf te hervorm en te verbeter. 'n Effektiewe straf dien dus die belange van die gemeenskap maar verloor nooit uit die oog dat die oortreder steeds 'n lid van die gemeenskap is nie.

Deur die bogenoemde riglyne knoop Du Toit die trits in die *Zinn*-saak aan die strafteorieë vas, deur die saamgestelde of versoeningsteorie voor te stel. Die teorie word goed onderskryf deur die toepassing van **super maksimum gevangenisstraf**, naamlik:

- eerstens doen die **super maksimum gevangene** boete vir sy aggressiewe of gewelddadige optrede (vergelding)

- die **super maksimum gevangene** word aan programme onderwerp ten einde tot sy rehabilitasie by te dra (hervorming)
- individuele afskrikking deur die ontbering van voorregte sowel as die afskrikking van die gemeenskap.

## 4.5. FAKTORE WAT IN SUID-AFRIKAANSE HOWE IN AANMERKING GENEEM WORD TYDENS VONNISOPLEGGING

### 4.5.1. DIE TRITS

Die vernaamste beginsel by straftoemeting in die Suid-Afrikaanse reg is die sogenaamde "trits" van Zinn. In ***S v Zinn*** 1969 (2) SA 537 (A) 540G, beslis Appèlregter Rumpff dat die hof 'n vonnis moet oplê wat na sy mening gepas is: *"What has to be considered is the triad consistingof the crime, the offender and the interests of society."*

Strydigheid het egter onstaan oor met watter hoek van die driehoek die straftoemeter moet begin wanneer hy sy uitspraak oor straf moet lewer. In ***S v Dualvani*** 1978 (2) PH H 176 (O) meld Regter Erasmus dat die beskuldigde vir hom die belangrikste hoek van die drie-

hoek vorm en dat die straftoemeter dit as vertrekpunt moet neem. Regter Hiemstra meld egter in ***S v Mtimkulu*** 1971 (4) SA 141 (T) dat daar by die misdaad begin moet word. Daar geld egter geen vaste reëls in hierdie verband nie. Die belangrikste oorweging is slegs dat daar aan al drie aspekte aandag geskenk moet word. Vervolgens word die drie hoeke van die trits elk kortliks bespreek.

■ **die misdaad**

Ten einde reg aan die trits te laat geskied is dit gebiedend noodsaaklik dat die misdaad wat gepleeg is realisties en in sy ware kleure oopgevlek word. Beide die aard en omvang van die misdaad moet dus onder die loep geneem word. Indien daar strafverswarende of strafversagtende faktore aanwesig is, moet dit vanselfsprekend ook in ag geneem word om by 'n gepaste vonnis uit te kom. Dit is egter belangrik dat die misdaad nie oorbeklemtoon word nie. Faktore wat die misdaad beïnvloed en gewoonlik in ag geneem word is:

- bygelowigheid
- graad van deelname (in geval van meerdere beskuldigdes)
- druk van buite

- motief
- mate van skuld of verwytbaarheid
- sluwe beplanning
- uitlokking
- die verhouding tussen die partye
- geestelike spanning
- provokasie (Nordier 1996: 40).

- **die belange van die beskuldigde**

In ***S v Du Toit*** 1979 (3) SA 846 (A) meld Hoofregter Rumpff: *"Wanneer die aard van die misdaad en die belang van die gemeenskap oorweeg word, is die beskuldigde eintlik nog op die agtergrond, maar wanneer hy as strafwaardige mens vir oorweging aan die beurt kom, moet die volle soeklig op sy persoon as geheel, met al sy fasette, gewerp word. Sy ouderdom, sy geslag, sy agtergrond, sy geestestoestand toe hy die misdaad gepleeg het, sy motief, sy vatbaarheid vir beïnvloeding en alle relevante faktore moet ondersoek en geweeg word. En hy word nie met primitiewe wraaksug beskou nie, maar met menslikheid en dit is hierdie menslikheid wat in elke geval, hoe erg ook al, vereis dat versagtende omstandighede ondersoek moet word. Hierdie versagtende omstandig-*

*hede indien daar is, skep die genadefaktor waarna in die Hof vantevore verwys is en wat dan na oorweging van alle ander relevante omstandighede, moet lei tot 'n gepaste vonnis".*

Volgens Nordier (1996: 41) is dit verkeerd om 'n beskuldigde te straf sonder om te weet wie hy is en waarom hy die misdaad gepleeg het. Soms sal sommige eienskappe van die beskuldigde uit die getuienis ten aansien van sy aanspreeklikheid na vore tree. Ander sal as strafversagtende of strafverswarende omstandighede tydens die strafstadium na vore kom. Die goeie en verligte straftoemeter sal sover moontlik alles in sy vermoë doen om soveel as moontlik voor vonnisoplegging van die beskuldigde te wete te kom ten einde die straf by die oortreder te laat pas. Die straf word dus geïndividualiseer.

- **die gemeenskapsbelang**

In ***S v J*** 1975 (3) SA 146 (O) meld Regter Steyn: *"Maar aan die anderkant (nadat na persoonlike omstandighede en die erns van die misdaad verwys het) is daar 'n baie gewigtige oorweging wat nooit uit die oog verloor moet word nie en dit is*

*die openbare belang, want dit is sekerlik een van die vernaamste, indien nie die heel vernaamste, oorweging by strafoplegging".*

In ***S v Benetti*** 1975 (3) SA 603 (T) beslis Regter Hiemstra dat dit nie altyd in die belang van die gemeenskap is om ernstige misdaad met gevangenisstraf te besoek nie. Hy sê as volg in hierdie verband: *"The interests of the community must be taken into account, but how it can benefit the community to break up this woman's family, to put her young children in an institution and to destroy her productivity is difficult to see".*

Volgens Nordier (1996: 46) is dit moeilik om te bepaal wat die gemeenskapsbelang in 'n gegewe situasie is en watter straf die gemeenskap die beste sal beskerm. Dit is egter duidelik dat die straftoemeter altyd daarna moet streef om so te straf dat sy vonnis die gemeenskap effektief teen diegene sal beskerm wat buite die regsorde optree. Aangesien straftoemeters egter nie almal dieselfde opvattings en benaderings tot strafdoelwitte het nie, sal hulle die gemeenskapsbelang verskillend vertolk en sal strafeenvormig-

heid, sover dit moontlik is, 'n onbereikbare ideaal bly.

### 4.5.2. STRAFOOGMERKE

Naas die trits is strafoogmerke steeds van belang. Aangesien die strafoogmerke hierbo volledig bespreek is, word daar nie verder aandag geskenk aan hiedie aspek nie.

### 4.5.3. ANDER RIGLYNE DEUR DIE HOWE NEERGELê

Volgens Kriegler (1993: 652) kan daar deur die vergelyking van die verskillende menings van howe, skrywers en kriminoloë, die volgende riglyne by die oplegging van straf neergelê word:

- **Persoonlike omstandighede en rehabilitasie**

By persoonlike omstandighede en rehabilitasie het ons te doen met die verpersoonliking van straf. Dit beteken dat die persoonlike omstandighede van die oortreder noukeurig in ag geneem word, nie alleen vir sover dit tot die daad aanleiding gegee het nie maar ook in hoe mate die beoogde straf hom persoonlik sal affekteer. Terselfder-

tyd moet die hervorming van die oortreder voor oë gehou word.

- **Gevoelens van die gemeenskap**

Twee aspekte verdien hier vermelding. Volgens die uitspraak in ***S v B*** 1985 (2) SA 120 (A) moet die gemeenskap eerstens kan aanvoel dat dit by die howe 'n saak van erns is om vreedsame en veilige lewenstoestande te handhaaf.

Aansluitend hierby moet die vonnis uiting gee aan die wetsgehoorsame gemeenskap se gevoel van verontwaardiging oor die daad. In ***R v Karg*** 1961 (1) SA 231 (A) 236B sê Appèlregter Schreiner die volgende in hierdie verband: *"It is not wrong that the natural indignation of interested persons and of the community at large should receive some recognition in the sentences that Courts impose... Naturally, righteous anger should not becloud judgement"*.

- **Afskrikking**

Die vonnis moet daarop gerig wees om mee te werk dat dieselfde persoon nie sy misdadige gedrag

herhaal nie. Verder behoort die vonnis ook ander persone tot voorbeeld te strek ten einde hulle van sodanige misdade af te skrik.

Alhoewel afskrikking 'n regmatige oogmerk van straftoemeting is, mag daar nie toegelaat word dat dit tot 'n onredelike straf aanleiding gee nie. Die betrokke straf word immers opgelê vanweë die pleeg van 'n bepaalde misdryf. 'n Persoon kan dus nie gestraf word vir iets wat moontlik deur homself of 'n ander in die toekoms oorweeg mag word nie. In hierdie verband moet **super maksimum gevangenisstraf** nie as onredelike straf beskou word nie aangesien dit reeds opgelê word as gevolg van die negatiewe gedragsuitinge van die oortreder.

Ook nederigheid en nugterheid is aangewese waar dit gaan om afskrikking. Volgens Kriegler (1993: 653) het wêreldwye navorsing rakende die vermoë van straf om misdaad te voorkom, dit bewys:
*"Naive beliefs both in the effectiveness and in the ineffectiveness of a policy of deterrence have been replaced by the less exciting realisation that some people can be deterred in some situations from some types of conduct by some*

*degree of likelihood that they will be penalised in some ways; but we do not yet know enough to enable us to be very specific about the people, the situations, the conduct or the likelihood or nature of the penalties".*

■ **Konsekwentheid**

Dit is 'n onmisbare vereiste van geregtigheid dat vonnisse konsekwent sal wees en as sodanig waargeneem word. Alhoewel geen twee gevalle ooit werklik identies kan wees nie, behoort daar nie diskriminasie te wees nie. Individue met soortgelyke persoonlike omstandighede en motivering wat soortgelyke misdade in soortgelyke omstandighede pleeg, behoort gelyksoortig behandel te word.

Ook behoort persoonlike uitgangspunte van die straftoemeter nie die vonnis te bepaal nie. Alhoewel absolute konsekwentheid onbereikbaar is, moet straftoemeters steeds streef na die grootste moontlike mate van konsekwentheid, beide wat betref hul eie vonnisse en in vergelyking met die van hul kollegas. Dit beteken ook dat vonnisse vir ernstiger misdade swaarder behoort te wees as

in die geval van geringer misdade. Dit is dan ook een van die beweegredes agter 'n **super maksimum gevangenis.** Die oortreder wat homself nie in 'n gewone gevangenis kan handhaaf nie, word oorgeplaas na die **super maksimum gevangenis.**

■ **Belange van die gemeenskap**

Die doel met 'n strafreg- en strafregsplegingstelsel is om die belange van die gemeenskap te dien. Ook straftoemeting, as integrale deel van die strafregsplegingstelsel, het dieselfde bestaansrede en strewe. Die toepassing hiervan berus by die integriteit, objektiwiteit en regterlikheid van die vonnisoplegger. Die regverdige verontwaardiging van die gemeenskap word wel in aanmerking geneem, maar nie klakkeloos nagepraat nie. Derhalwe word die gemeenskap se **belange** gedien en nie sy **wense** nie. Dit is die taak van die vonnisoplegger om te oordeel hoe sodanige belange ten beste bevorder kan word. Daar moet ook nie uit die oog verloor word dat die strafreg se strewe nie bestraffing is nie maar die opvoeding en beskerming van die gemeenskap, die ontlonting van konflikte, die ontmoediging van eiereg en, boweal, geregtigheid.

## 4.6. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die verskillende oogmerke van straf en die effek daarvan op gevangenisstraf in die algemeen en **super maksimum gevangenisstraf** in die besonder. Eerstens is daar gesien dat die vergeldingsfunksie die primêre doelstelling van gevangenisstraf is. Die oortreder word gestraf vir sy wandaad, hy word van sy familie en vriende afgesluit, sy bewegingsvryheid word hom ontneem en hy word onderwerp aan die reëls en regulasies van die gevangenis. Ook word die gemeenskap tevrede gestel dat die oortreder se wandaad vergeld word en dat geregtigheid geskied. Die vergeldingsfunksie dien as verdere strafmaatreël by **super maksimum gevangenisstraf** aangesien 'n oortreder wat swak gedrag in 'n gevangenis openbaar na 'n **super maksimum gevangenis** oorgeplaas kan word.

In die tweede plek word gevangenisstraf opgelê met die oog daarop om die oortreder self af te skrik van soortgelyke misdadigheid (individuele afskrikking). Algemene afskrikking kom ook voor deurdat daar aan ander persone getoon word dat misdaad nie lonend is nie. In geval van **super maksimum gevangenisstraf** word aan gevangenes getoon dat dit beter is om hul

aan die reëls en regulasies binne die gevangenis te onderwerp as om aggressiewe optrede teenoor medegevangenes of korrektiewe beamptes te openbaar. Gevangenisstraf het dus in hierdie geval ook 'n voorkomende funksie.

Derdens is gesien dat die opneming en opsluiting van 'n gevangene die ideale geleentheid tot hervorming bied. Veral langtermyngevangenes en dus ook maksimum en **super maksimum gevangenes** kan hierby baat vind, daar hulle 'n geruime tyd in die gevangenis moet deurbring.

Buiten die internasionaal erkende vier oogmerke van straf is ook aandag geskenk aan die trits en diverse faktore wat in Suid-Afrikaanse howe in aanmerking geneem word tydens vonnisoplegging. Waar moontlik is dit van toepassing gemaak op **super maksimum gevangenisse.**

# HOOFSTUK 5

# DIE OORSPRONG EN ONTWIKKELING VAN SUPER MAKSIMUM GEVANGENISSE

## 5.1. INLEIDING

Aangesien die **Wet op Gevangenisse en Verbetergestichten**, Wet 13 van 1911, ontoereikend en verouderd geraak het met betrekking tot nuwe internasionale idees rondom straf en hervorming, het dit noodsaaklik geword om 'n nuwe Wet op die wetboeke te plaas. Die gevolg hiervan was die **Wet op Gevangenisse**, Wet 8 van 1959.

Een van die gevolge van die genoemde wet was 'n nuwe, geïndividualiseerde stelsel vir die klassifikasie van gevangenes. Hiervolgens word gevangenisse as ultra-maksimum-, maksimum-, medium- en oop gevangenisse geklassifiseer. Klassifikasie geskied dus op grond van die mate van sekuriteit waaraan die gevangene onderwerp moet word.

In hoofstuk twee is daar gesien hoe die gevangeniswese wêreldwyd deur die Amerikaanse invloed, en meer spesifiek die Auburn-, Pennsilvanië- en Elmira stelsels, geraak is. In hierdie hoofstuk word daar aandag geskenk aan die Amerikaanse **super maksimum gevangenis** te Illinois. 'n Bespreking van hierdie gevangenis is belangrik om twee redes. Eerstens dien dit as voorbeeld vir Suid-Afrika en ander lande regoor die wêreld en tweedens is die gevangenisbevolking in die VSA, net soos in Suid-Afrika, besonder hoog.

## 5.2. ONTWIKKELING VANAF 1958

Reeds voor die aanvaarding van die **Wet op Gevangenisse**, Wet 8 van 1959, is daar voorsiening gemaak vir die klassifikasie van gevangenes in Suid-Afrikaanse gevangenisse. 'n Aantal internasionale gebeure het egter aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n unieke klassifikasiestelsel en word vervolgens bespreek.

### 5.2.1. INVLOED VAN DIE GENEEFSE KONGRES

In Junie 1945 is die **Handves van die VVO** deur 50 volke, onder wie ook Suid-Afrika, te San Francisco onderteken. Die primêre funksie van hierdie wêreld-

liggaam was om wêreldvrede en veiligheid te verseker. Deur die loop van die jare is talle gespesialiseerde agentskappe en komitees onder die vaandel van die VVO aangestel om 'n wyd uiteenlopende aantal sake te ondersoek. Ingevolge die Algemene Vergadering van die VVO se **Resolusie 415**(v)(1950), is daar besluit om die taak van die ***Internasionale Straf- en Hervormingskommissie*** (IPPC) aan die VVO op te dra. Die vernaamste gebeurtenis wat hieruit voortgespruit het was die **Geneefse Kongres** van 1955 wat gehandel het oor die voorkoming van misdaad en die behandeling van oortreders (Du Pré 1975: 16).

Een van die besluite van die **Geneefse Kongres** in 1955 was dat daar in die doeltreffende behandeling van gevangenes, oorgegaan moes word tot die instelling van oop gevangenisse. Hierdie besluit het as aansporing vir die **Departement Korrektiewe Dienste** gedien om verskeie buiteposte in die Oos-Transvaal en Wes-Kaap te laat oprig. 'n Beleid van desentralisasie, weg van die slegte invloed van die stedelike komplekse, word ook gevolg. Buiten die feit dat die oorbevolking van gevangenisse hierdeur bekamp kon word, het dit beter opleidingsfasiliteite tot gevolg gehad (Du Pré 1975: 16).

## 5.2.2. 'N NUWE BENADERING EN KLASSIFIKASIESTELSEL

Na die aanneming van die **Handves van die VVO** in 1945, word die ***Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming*** onder leiding van Regter President C.H.W. Lansdown, aangestel. Die Kommissie is die taak opgelê om aspekte rakende die opheffing van die gevangene te ondersoek. Die **Lansdown**-Kommissie se verslag wat gedurende 1947 in die parlement ter tafel gelê is, baan die weg vir 'n belangrike verandering in die Suid-Afrikaanse gevangenisstelsel. Dit formuleer die doel en oogmerke van die Suid-Afrikaanse gevangenisstelsel as volg:

> *Hervorming en afskrikking is die eintlike oogmerke van die gevangenislewe. Die stigma deur die veroordeling meegebring en die ontneming van vryheid, maak in hoofsaak die straf van die oortreder uit. Hierdie straf moet geensins uit slegte behandeling of vernedering gedurende gevangehouding bestaan nie en ofskoon daar nie van gevangenisse sulke aangename verblyfplekke gemaak moet word dat die doel van straf verydel word nie, is dit glad nie deel van die gevangenislewe om die gevangene te verneder of sy selfrespek te vernietig nie. Inteendeel, sy selfrespek moet opgebou en herstel word deur hom gees-*

*telik en liggaamlik met heilsame dinge besig te hou en deur die volgehoue aankweek van vlytigheidsgewoontes moet hy opleiding ontvang wat hom in staat stel om na sy vrylating sy plek in die ordeliewende samelewing in te neem en om 'n selfstandige bestaan te maak en sy afhanklikes te onderhou* (1947: 105).

Een van die belangrikste uitvloeisels van die aanbevelings deur die **Lansdown**-Kommissie gemaak asook die aanvaarding van die **Standaard Minimum Reëls** (1955), was die **Wet op Gevangenisse**, Wet 8 van 1959, wat op 1 September 1959 in werking getree het. Die aanvaarding van hierdie wet het 'n klemverskuiwing betreffende die behandeling van die oortreder teweeg gebring. Die toepassing van behandelingsprogramme op gevangenes met die oog op hul verbetering en rehabilitasie, is benewens veilige bewaking as 'n volwaardige funksie in die wet aanvaar (Neser 1989: 25-26).

Verder maak artikels 20 en 22 van die **Wet op Gevangenisse**, Wet 8 van 1959, vir die eerste maal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevangeniswese ook voorsiening vir maksimum veiligheidsgevangenisse en vir oop gevangenisse. Artikel 20, wat die instelling van gevangenisse reël is by verskeie geleenthede

egter gewysig en herroep deur **Proklamasie No. R.20** van 1999. Artikel 22 wat voorsiening maak vir veiligheidsmaatreëls, voorregte en vergunnings, lui as volg:

*(1) Die Kommissaris bepaal-*

*(a) die veiligheidsmaatreëls wat by gevangenisse van toepassing sal wees, en kan verskillende veiligheidsmaatreëls ten opsigte van verskillende gevangenisse bepaal;*

*(b) die groepe waarin gevangenisse geklassifiseer moet word.*

*(2) Die Kommissaris kan-*

*(a) die voorregte of vergunnings wat hy bepaal aan 'n gevangene toestaan;*

*(b) enige voorreg of vergunning wat ingevolge paragraaf (a) aan 'n gevangene toegestaan is, intrek of wysig indien dit in belang van die administrasie van gevangenisse is.*

Toewysing na 'n spesifieke gevangenis geskied met inagneming van die gevangene se misdadige verlede, sy gedrag gedurende vorige aanhoudingstermyne asook gedurende sy verblyf in die observasiesentrum, byvoorbeeld ontsnappings of pogings daartoe, sy leeftyd en gesondheidstoestand asook die behoefte aan behandeling en opleiding. Ooreenkomstig die bevindinge kan

die gevangene na een van die volgende tipes inrigtings gestuur word:

- swaarbeveiligde inrigtings met maksimum veiligheidsmaatreëls ofte wel die "geslote inrigtings", waaronder die Sentrale Gevangenis, Pretoria
- inrigtings met medium veiligheidsmaatreëls of die "half-oop" inrigtings, waaronder veral die arbeidsbuiteposte
- inrigtings met minimum veiligheidsmaatreëls of die "oop" inrigtings, waaronder die Baviaanspoort- en Zonderwatergevangenisse asook die boerderykolonies (Venter 1959: 165).

Die klassifikasie van gevangenes in groepe A, B, C en D het voorts geskied op grond van hul misdaadgeskiedenis, algemene neigings, asook hul karakter en geestelike gesteldheid. Hierdie groepering op sigself sou weer bepaal in watter inrigting 'n gevangene aangehou en aan welke tipe opleiding en rehabilitatiewe behandeling hy onderwerp sou word. Voortaan het die **Departement Korrektiewe Dienste** hom hoofsaaklik daarop toegespits om by die wetsoortreder die elemente aan te kweek en aan te vul wat nodig is om die herhaling van misdaad te voorkom (Du Pré 1975: 16).

Gedurende November 1977 word daar besluit om die voorregtestelsel van gevonniste gevangenes te herontwerp ten einde 'n uniforme voorregtestelsel te skep wat 'n veilige gevangenisomgewing tot gevolg sal hê. Volgens Ramafoko (1998: 10) het die volgende faktore aanleiding gegee tot die neem van so 'n besluit:

- die oorbevolking van gevangenisse
- die feit dat die huidige voorregtestelsel homself tot misbruik en misinterpretasie leen
- die sekuriteitsrisiko verbonde aan die huidige voorregtestelsel

Aanvalle op die regmatigheid van die gevangenissisteem duur voort tot die vroeë tagtigerjare. Paswette en gevangenisarbeid dien steeds as teikens vir kritiek teenoor die regering in die algemeen en in die besonder die gevangenisstelsel. In 1984 rapporteer die ***Judicial Commission of Inquiry into the Structure and Functioning of the Courts***, dat die opsluiting van gevangenes, as 'n instromingsbeheermaatreël, 'n groot rede was vir die oorbevolking van gevangenisse en veroordeel dan ook hierdie maatreëls ten sterkste. Op hierdie stadium het die praktyk om veroordeelde gevangenes as bron vir landboukundige arbeid te gebruik, 'n afname begin toon. Die gevolg hiervan was dat gevangenis buiteposte gesluit is en die gebruik

van die dienste, op kontrakbasis, van persone op parool, verminder is. Met die afskaffing van die paswette in 1986, is 'n verdere faktor wat die normalisering van gevangenisse gekortwiek het, uit die weg geruim (De Kock & Du Toit 1999: 26).

Ook gedurende 1984 aanvaar gevangenisbestuur dat aanhoudingsomstandighede en voorregte in die klassifikasiestelsel van mekaar ontkoppel moet word. Hierdie aanvaarding bring mee dat gevangenes wat in 'n maksimum sekuriteit inrigting aangehou word ook maksimum voorregte, afhangende van die fasiliteite van die besondere inrigting, kan geniet. Aan die ander kant bring dit ook mee dat gevangenes wat in oop inrigtings aangehou word, minimum voorregte kan geniet. Hierdie ontkoppeling van voorregte en aanhoudingsomstandighede bring 'n groter buigsaamheid in die klassifikasie van gevangenes teweeg wat nuttig deur die hoof van 'n gevangenis en die inrigtingskomitee benut kan word om gevangenes tot beter gedrag aan te spoor (Jonker 1985: 29).

'n Verdere beginsel wat deur gevangenisbestuur aanvaar is, is dat die klassifikasie van gevangenes oor drie basiese vlakke strek, naamlik veilige bewaking, prognose en arbeidstoewysing. Aangesien die veilige

bewakingsfunksie vir hierdie studie van belang is, word daar slegs aan hierdie aspek aandag geskenk.

Ten einde die veranderlikes wat 'n rol by die veilige bewakingsklassifikasie van 'n gevangene speel te bepaal, is praktyk funksionarisse aangestel. Uit die terugvoer van hierdie funksionarisse het dit geblyk dat die volgende as primêre veranderlikes beskou kan word, aldus Jonker (1985: 29):

- **die effektiewe vonnis**

  Die praktykfunksionarisse is dit eens dat die effektiewe vonnis wat 'n gevangene moet uitdien die grootste enkele voorspeller is van die graad van veiligheid waaraan hy onderwerp moet word. Dit kom dus daarop neer dat hoe langer die effektiewe vonnis is, hoe hoër sal die graad van veiligheid waaraan 'n gevangene onderwerp moet word, wees (Jonker 1985: 29).

- **huidige veroordeling**

  Misdade word volgens tipe in die volgorde vanaf die misdaad wat die hoogste bydrae tot die graad

van veiligheid lewer, na dié wat die laagste bydrae lewer, geplaas, naamlik:

1 Moord
2 Strafbare manslag
3 Gewapende roof
4 Roof
5 Ontvlugting
6 Aanranding, ernstig
7 Verkragting
8 Aanranding, gewoon
9 Ander aggressiewe misdade
10 Ander seksuele misdade
11 Misdade waarvan oneerlikheid 'n element is
12 Onwettige finansiële ekonomiese transaksies of onderhandelinge
13 Dronkbestuur
14 Ander misdade

Slegs die eerste twee huidige veroordelings, wat die hoogste lê volgens die voorafgaande lys, sal 'n betekenisvolle bydrae lewer om die graad van veiligheid te bepaal waaraan 'n gevangene onderwerp moet word (Jonker 1985: 29).

## ■ vorige misdaadgeskiedenis

Ten opsigte van die vorige misdaadgeskiedenis, dra die volgende faktore betekenisvol by tot die voorspelling van 'n gevangene se graad van veiligheid:

- die aantal vonnisse vir minder as twee jaar, boetes ingesluit
- die aantal vonnise vir twee jaar en langer
- getal vorige veroordelings vir geweldsmisdade, naamlik die eerste tien misdade hierbo genoem
- getal ontvlugtings of pogings tot ontvlugting op rekord
- die gebruik van 'n gevaarlike wapen by die jongste misdryf

Bogenoemde veranderlikes is van gewigte voorsien. Wanneer die gewigte bymekaar gereken word, word 'n telling verkry waarvolgens 'n afsnypunt bereken word. Die afsnypunt aanvaar egter 'n 14% foutefaktor. Dit beteken dat 14% van alle gevangenes wat as medium sekuriteit gevangenes geklassifiseer word, in der waarheid maksimum sekuriteit aanhouding benodig. In hierdie verband word daar in 'n groot mate staat gemaak op die funksionering van inrigtingskomitees ten einde

toe te sien dat die gevalle wat foutief geklassifiseer word so spoedig opgespoor en geherklassifiseer word (Jonker 1985: 29).

### 5.2.3. ONTWIKKELING SEDERT 1985

Progressiewe veranderinge aan die gevangenisstelsel word egter gekniehalter deur die afkondiging van 'n Noodtoestand op 21 Julie 1985.

Gedurende 1988 word belangrike veranderinge aan gevangeniswetgewing aangebring. Deur die skrapping van alle verwysinge na ras, word 'n bykans totale ommeswaai in die rasse segregasie, wat vir meer as 'n eeu in Suid-Afrikaanse gevangenisse gegeld het, teweeg gebring. Dit het ingesluit die wegdoen met vroeëre regulasies dat blanke werknemers outomaties hoër range as nie-blankes sou hê en ook regulasies wat bepaal het dat 'n blanke gevangene nie deur 'n nie-blanke geesteswerker besoek kon word nie (De Kock & Du Toit 1999: 26).

In 1990 word die Noodtoestand opgehef. Op 2 Februarie 1990 lewer President F.W. De Klerk sy beroemde toespraak wat daartoe gelei het dat die verbod op

alle verbode politieke organisasies opgehef word en dat politieke gevangenes vrygelaat word.

Veranderinge aan die **Wet op Korrektiewe Dienste** in 1990, het direk verband gehou met die wegdoen van apartheid uit die gevangenissisteem. So is byvoorbeeld weggedoen met die vereiste dat blanke en nieblanke gevangenes geskei moet wees. In dieselfde jaar is ook die vereiste dat blanke gevangenes "... *at all times be in the safe custody and under the guard of a White member or White temporary warder...*" (De Kock & Du Toit 1999: 26), geskrap. In beide gevalle is wye outoriteit aan die Kommissaris van Korrektiewe Dienste verleen ten einde te bepaal hoe gevangenes gehuisves en opgepas moes word.

Later in dieselfde jaar kondig die regering aan dat hulle beplan om grootskaalse veranderinge aan te bring aan die wyse waarop gevangenisse geadministreer word. Eerstens is die Gevangenisdiens geskei van die Departement van Justisie en sy naam word verander na die **Departement Korrektiewe Dienste.** Benewens die bestuur van gevangenisse, sal die nuwe departement ook verantwoordelik wees vir die toesighouding van oortreders in die gemeenskap. Die gevangenis sal

voorts bestuur word *"...according to business principles"* (De Kock & Du Toit 1999: 26).

'n Mylpaal in die geskiedenis van die Departement was die promulgasie van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998. Hierdie wet verteenwoordig 'n totale afsterwe van die 1959-Wet en berus op 'n moderne, internasionaal aanvaarde gevangenissisteem, wat ontwerp is binne die raamwerk van die 1996-Grondwet, Wet 108 van 1996. Die belangrikste punte van die Wet is:

- die verskansing van die fundamentele regte van gevangenes. In hierdie verband bepaal artikel

  4(2)(c) *Die minimum regte van gevangenes in hierdie Wet verskans, mag nie aangetas of om dissiplinêre of enige ander redes beperk word nie*

- spesiale klem word op die regte van kinders en vroue met kinders geplaas. In hierdie verband reël artikel 19 die regte van kinders, naamlik:

  *(1) (a) Elke gevangene wat 'n kind is en onderworpe is aan verpligte onderwys, moet sodanige opvoedingsprogramme bywoon en toegang daartoe hê*

  *(b) Waar doenlik, moet alle gevangenes wat kinders is en nie onderworpe is aan ver-*

*pligte onderwys nie, toegang gebied word tot opvoedkundige programme*

*(2) Die Kommissaris moet elke gevangene wat 'n kind is, van maatskaplike werk dienste, geestelike sorg, ontspanningsprogramme en sielkundige dienste voorsien*

*(3) Die Kommissaris moet, indien doenlik, verseker dat gevangenes wat kinders is, in verbinding bly met hul families deur bykomende besoeke en op ander maniere*

Artikel 20 weer het betrekking op die regte van vroue met kinders, en bepaal:

*(1) 'n Vroulike gevangene mag toegelaat word, onderworpe aan die voorwaardes wat voorgeskryf word, om haar kind tot op die ouderdom van vyf jaar by haar te hê*

*(2) Die Departement is verantwoordelik om voedsel, klerasie, gesondheidsorg en fasiliteite vir die gesonde ontwikkeling van die kind vir die tydperk wat die kind in die gevangenis is, te voorsien*

*(3) Waar moontlik moet die Kommissaris verseker dat 'n moeder-kind-eenheid beskikbaar is vir die akkomodasie van vroulike gevangenes en die*

*kinders wat toegelaat word om by hulle te wees*

- 'n nuwe dissiplinêre sisteem vir gevangenes soos vervat in artikels 22 tot 25. Van besondere belang is artikel 22(1) wat bepaal dat *Dissipline en orde moet met fermheid gehandhaaf word maar nie in 'n groter mate as wat nodig is vir sekuriteitsdoeleindes en vir goeie orde in die gevangenis nie*
- verskeie veiligheidsmaatreëls betreffende die gebruik van segregasie (artikel 26) en die gebruik van geweld (artikel 102)
- 'n raamwerk vir behandeling, ontwikkeling en ondersteuningsdienste volgens artikel 41, naamlik:
  *(1) Die Departement moet so 'n volledige reeks van programme en aktiwiteite as doenlik voorsien of toegang daartoe verleen om aan die opvoedkundige en opleidingsbehoeftes van gevonniste gevangenes te voldoen*
  *(2) Gevonniste gevangenes wat ongeletterd is of kinders is, mag verplig word om deel te neem aan die opvoedkundige programme wat ingevolge subartikel (1) aangebied word*
  *(3) Die Departement moet maatskaplike en sielkundige dienste voorsien om gevonniste gevangenes te ontwikkel en te ondersteun deur die bevor-*

*dering van hul maatskaplike aanpasbaarheid en geestesgesondheid*

*(4) Die Departement moet, sover doenlik, ander ontwikkelings- en ondersteuningsprogramme voorsien wat die spesifieke behoeftes van gevonniste gevangenes vervul*

*(5) Gevonniste gevangenes het die reg om deel te neem aan die programme en gebruik te maak van die dienste wat ingevolge subartikels (1), (3) en (4) aangebied word*

*(6) Gevonniste gevangenes mag verplig word om deel te neem aan programme en gebruik te maak van dienste wat ingevolge subartikels (1), (3) en (4) aangebied word waar na die Kommissaris se mening hul deelname nodig is met inagneming van die aard van hul vorige kriminele gedrag en die risiko wat hulle vir die gemeenskap inhou*

*(7) Programme moet voldoen aan die besondere behoeftes van vrouens en daar moet verseker word dat vroue nie benadeel word nie*

- 'n verfynde en gemeenskapsgebaseerde vrylatingsbeleid soos vervat in artikel 45
- uitgebreide eksterne moniterings meganismes (artikel 68)

- voorsorg vir openbare-private sektor vennootskappe in terme van die oprigting en bestuur van gevangenisse soos vermeld in artikel 103.

Volgens De Kock & Du Toit (1999: 29) is die bogenoemde eienskappe van die Wet ontwerp om die doel van die korrektiewe sisteem na te streef deur:

- uitvoering te gee aan strawwe deur die geregshowe opgelê
- alle gevangenes aan te hou in veilige bewaring in omstandighede waarin hul menswaardigheid verseker word
- die sosiale verantwoordelikheid en die verbetering van alle gevangenes en persone onderworpe aan gemeenskapskorreksies te bevorder.

### 5.2.4. INVLOED VAN DIE HANDVES VAN MENSEREGTE

Die plaasvind van politieke aktiwiteite sedert 1990 en die transformasie na 'n demokratiese samelewing het ongetwyfeld 'n bewuswording van die menseregte konsep in Suid-Afrika tot gevolg gehad. Ook in die geval van gevangenisse, wat natuurlik ook die **super maksimum gevangenis** insluit, hou dit water.

Die **Departement Korrektiewe Dienste** het positief gereageer op hierdie ontwikkeling in Suid-Afrika. Daar dien egter op gelet te word dat sekere internasionaal aanvaarde basiese regte reeds ingebou was in die **Wet op Gevangenisse**, Wet 8 van 1959, lank voordat die gemeenskap en politici op die onderwerp begin uitbrei het. Op 1 September 1959, met die implementering van die Wet, het die wetgewende raamwerk reeds 'n aantal stipulasies bevat wat sekere van die basiese regte van gevangenes bevestig het. Gevangenes was onder andere geregtig op die volgende:

* toegang tot regsverteenwoordiging (artikel 58(2))
* die skeiding van gevangenes van die teenoorgestelde geslag (artikel 23)
* kategorisering op grond van veiligheid (artikel 22(a) en (b))
* mediese behandeling (artikel 6)
* om nie aangerand te word nie (artikel 36 wat betrekking het op die toedien van lyfstraf)
* voorregte en vergunnings (artikel 22(c))
* opleiding en behandeling (artikel 77)
* reg tot veilige bewaring (artikel 2(2)(a))
* die bywoning van kerkdienste (artikel 7)

In die onlangse verlede en reeds voordat die verskillende konsepte van fundamentele menseregte in Suid-

Afrika saamgevat is, het die **Departement Korrektiewe Dienste** positiewe vordering op hierdie gebied gemaak deur formeel afstand te doen van sekere strafvorme in geval van dissiplinêre oortredings. Hierdie strafvorme was alleenopsluiting, die verskaffing van slegs 'n skrale dieët en lyfstraf. Volgens Gordon (1996: 19) is die reaksie op die ontwikkeling van die menseregte konsep 'n bewys dat die **Departement Korrektiewe Dienste** hierdie saak ernstig opneem. Dit is dus maklik om te aanvaar dat die Departement die fundamentele regte van gevangenes, soos verskans in die **Grondwet**, Wet 108 van 1996, erken.

Ten einde egter 'n stabiele en ordelike gevangenisgemeenskap te verseker, moet 'n spesifieke stel reëls en gedragskodes aan gevangenes neergelê word. Gevangenes is verplig om hierdie reëls na te kom en die oortreding van die reëls sal sekere gevolge vir die oortreder teweeg bring. Met enige oortreding word gehandel volgens die dissiplinêre kode van die Departement, maar daar mag nie inbreuk gemaak word op die gevangene se regte nie (Gordon 1996: 19). Dit is veral belangrik by die hantering van **super maksimum gevangenes** dat streng maatreëls geld, aangesien hierdie gevangene reeds in die spesifieke gevangenis is as gevolg van gedragsprobleme.

In die lig van die feit dat gevangenes gesien word as 'n mikro-kosmos van die breëre gemeenskap, het gevangenes *per se* die versekering dat hulle fundamentele menseregte sowel grondwetlike as ander regsbeskerming aan hulle verleen. Enige gevangene wat van mening is dat sy regte aangetas is deur die **Departement Korrektiewe Dienste** of 'n werknemer van die Departement, het die reg tot 'n regsverteenwoordiger sowel as die reg om te litigeer.

## 5.3. DIE AMERIKAANSE SCENARIO

### 5.3.1. INLEIDING

Sekuriteitsklassifikasie in die gevangenissisteem van die VSA was geen onbekende verskynsel nie. Die voorloper van Marion, te wete Alcatraz, was deel van die gevangenisfenomeen. Die meeste oortreders het hul weg gebaan na Alcatraz deur swak gedrag in ander korrektiewe instellings te openbaar. Hul paadjie het gewoonlik geloop vanaf verbeteringskole vir jeugdiges na medium sekuriteit gevangenisse na maksimum sekuriteit gevangenisse te Leavenworth en Atlanta en einde ten laaste na Alcatraz (Ward & Schoen 1981: 64).

In 1963 sluit die federale gevangenis te Alcatraz egter sy deure met die opening van die United States Penitentiary (USP) te Marion, Illinois. In 1983 word die hele gevangenis egter weer gesluit. Hierdie keer vir sy omskakeling na 'n **super maksimum gevangenis.** Dit is tans dan ook die gevangenis in die VSA wat die hoogste mate van sekuriteit verteenwoordig (Rosenblatt 1996: 303).

**5.3.2. HOEKOM 'N SUPER MAKSIMUM GEVANGENIS?**

Scraton, Sim & Skidmore (1991: 144) sien die noodsaaklikheid vir die instelling van 'n super maksimum gevangenis as volg: *"... there is a need to review arrangements for the assessment and identification of potential trouble-makers; facilities for holding inmates who prove unwilling or unable to settle in the mainstream; and overall procedures for the initial assessment and continued sentence planning of all long-term prisoners as a group"*.

Rosenblatt (1996: 301) brei verder hierop uit: *"Not only are these super-max dungeons effective in squelching a great deal of the righteous opposition to prison conditions, imprisonment strategies, and general social reality, but in the interest of elite*

*agendas, they send a powerful message to the populace. That message is essentially that our solution to an individual's violence must be to silence and punish the individual, not to address the root causes of this violence. The state's justification for these tortuous conditions is that these prisoners are the worst of the worst".*

In Amerika het die besluit om 'n super maksimum gevangenes te Illinois te bou ontstaan nadat dit onder die aandag gekom het dat sommige gevangenes oorlog verklaar het teen die korrektiewe sisteem en die gevangenisgemeenskap binne reeds bestaande staatsgevangenisse. Hierdie gevangenes het hul mede-gevangenes gemanipuleer, sowel binne die inrigting as na vrylating, deur ontwrigtings en die skep van 'n gevaarlike omgewing vir mekaar en gevangenispersoneel. Gewapen met die beleid van die **Departement van Korrektiewe Dienste** te Illinois, is daar besluit om oor te gaan tot die bou van so 'n spesiale inrigting. Hierdie beleid bepaal dat die gevangenes wat vir die meeste ontwrigtings verantwoordelik is, geïsoleer moet word ten einde die gevangenisgemeenskap te normaliseer en te beskerm (Shepperd, Geiger & Welborn 1996: 86).

### 5.3.3. DIE UITLEG VAN DIE GEVANGENIS

Die inrigting moes so ontwerp word dat dit die hoogste vlak van sekuriteit verleen aan en terselfdertyd die meeste beperking plaas op bewegings van 520 van Illinois se mees gewelddadige en gedragsmoeilike gevangenes. Die gevangenis bestaan uit twee komponente naamlik die geslote maksimum sekuriteitseenheid (C-Max) en sy ondersteuningsfasiliteit, die minimum sekuriteitseenheid (MSU).

Die C-Max se basiese inrigtingselement is die huisvestingseenhede van die gevangene. Elke eenheid bestaan uit sestig selle - tien elk in ses selblokke waarvan vyf op die eerste vloer en vyf op die boonste vlak is. Die selblokke is rondom 'n beheersentrum gerangskik wat strategies tussen die eerste en die boonste vloer geplaas is. Visuele toegang tot beide vloere is vanaf hierdie beheersentrum moontlik. Beweging binne elke selblok word ook vanaf hierdie sentrum gemonitor. Korrektiewe beamptes wat aan die eenheid se beheersentrum toegewys word, dra wapens en het toegang tot traangas. Die uitleg van die inrigting is ook ten gunste van die gebruik van gewelddadige optrede met die oog om te dood, in ooreenstem-

ming met Illinois se **Departement van Korrektiewe Dienste** (Shepperd et. al. 1996: 86).

Ten einde beweging binne die inrigting te minimaliseer, beskik elke eenheid oor areas wat vir spesifieke doeleindes aangewend word, soos:

- 'n mediese ondersoekkamer
- twee biblioteke
- 'n veeldoelige area wat deur sielkundiges en klerke gebruik word
- 'n eksterne geslote area vir oefeninge.

Gevangenes se toegang tot hierdie areas berus op 'n een-op-'n-keer basis en waar moontlik word dienste veel eerder aan die gevangene in sy sel gelewer (Shepperd et. al. 1996: 86).

### 5.3.4. SEKURITEIT

Gebaseer op die veronderstelling dat enige sekuriteitsisteem uit beide fisiese en "menslike" komponente bestaan, moes die ontwerperspan 'n aantal gedragspatrone by **super maksimum gevangenes** identifiseer wat met die ontwerp van die sekuriteitsisteem in aanmerking geneem sou word. Korrektiewe inrigtings is een van die weinig projekte wat die potensiaal het om

mense se lewens op die spel te plaas. Gevangenes moet hul oorplasing na die **super maksimum gevangenis** "verdien" deur:

- die chroniese ontwrigting van die funksionering en sekuriteit van die gevangenisse waar hulle hul straf uitdien
- die gebruikmaking van uiterste vorme van geweld
- uitermatige betrokkenheid by bende-aktiwiteite.

Derhalwe word algemeen aanvaar dat die gevangenispopulasie in 'n **super maksimum gevangenis** nie slegs meer gevaarlik is as die deursnee gevangene nie, maar dat hulle ook meer manipulerend ten opsigte van ander individue optree (Shepperd et al 1996: 86).

Die hanteringsbeleid in hierdie inrigtings sal dan ook noodwendig verskil van die norm wat geld vir ander korrektiewe instellings. Perkinson (Rosenblatt 1996: 335) beweer dat gevangenes nooit sonder hand- en voetboeie in die inrigting mag beweeg nie. By enige teken van verset, kan die ***Special Operations Response Team*** *"... whatever force is necessary..."* gebruik ten einde die orde te bewaar. Dit sluit onder andere maatreëls in waarvolgens die gevangene vir dae aan sy bed geketting kan word.

Eerder as om die gevangene te begelei ten einde van die verskillende dienste gebruik te maak, word die **super maksimum gevangene** vir tot 23 uur per dag in sy sel aangehou en word verskeie dienste eerder daar aan hom gelewer. Die oorblywende uur word toegestaan vir sy persoonlike versorging en oefeninge.

Voedsel, biblioteekdienste en selfs geringe mediese dienste word aan die gevangene binne sy sel gelewer. Die **super maksimum gevangene** word slegs vir besoeke, hofverrigtinge en ernstige mediese behandeling uit sy selblok verwyder. In so 'n geval word sy bewegingsvryheid egter steeds ingeperk aangesien hy deur sekuriteitspersoneel begelei word en te alle tye geboei is.

Goeie beplanning verseker ook dat die sirkulasieroetes van gevangenes verskil van dié van die gevangenispersoneel. Deur die plasing van selle langs verkeersroetes word mondelinge kontak tussen gevangenes uitgeskakel. Die beperking op bewegingsvryheid binne die gevangenis verminder nie slegs die geleenthede vir die beplanning van gevaarlike aktiwiteite nie, maar versterk ook die veiligheid van die inrigting (Shepperd et. al. 1996: 86).

## 5.3.5. DIE LEWE BINNE DIE SUPER MAKSIMUM GEVANGENIS

Die **super maksimum gevangenis** is sowel onverfynd in sy konstruksie as streng in die verlening van geriewe aan gevangenes. Die meubels in die sel bestaan uit 'n sement platform met dun matras waarop geslaap word, 'n skryfblad wat teen die muur gemonteer is en 'n vlekvrye staal kombinasie-eenheid bestaande uit 'n waterkan, 'n toilet en 'n drinkfontein (Shepperd et. al. 1996: 87).

Wanneer hulle nie in hul selle is nie word elk van die 480 gevangenes toegelaat om drie maal per week te stort, van 'n klein eksterne area gebruik te maak vir wandelinge of oefening, of om die interne biblioteek te besoek (Shepperd et. al. 1996: 87). Volgens Perkinson (Rosenblatt 1996: 335) is daar egter geen sentrale biblioteek nie, slegs beperkte opvoedkundige en geestelike dienste beskikbaar en ook geen arbeids-onderrig program nie. Gevangenes is ook slegs geregtig op die maak van een tien minuut lange oproep elke drie maande.

Selfs maaltye word aan gevangenes in hul selle bedien en agter skuifdeure van geperforeerde staalplate, genuttig. Alle aktiwiteite geskied dus in afsondering.

'n Gebrek aan menslike kontak, die afwesigheid van betekenisvolle arbeid en 'n gebrek aan intellektuele stimulasie, mag potensieël nadelige gevolge vir die gevangene inhou. Derhalwe voltooi sielkundiges en sosioloë 'n *"baseline"* toelating vir elke gevangene tydens opname. Gereelde herevaluering vind ook tydens die gevangene se tydperk in die **super maksimum gevangenis** plaas (Shepperd et. al. 1996: 87).

### 5.3.6. KRITERIA BY DIE BEPLANNING VAN 'N SUPER MAKSIMUM GEVANGENIS

Volgens Shepperd en andere (1996: 87 & 106) moet die volgende kriteria by die beplanning en bou van 'n super maksimum gevangenis in aanmerking geneem word:

- bepaal 'n visie
- praat met ander persone. Dit is belangrik om uit te vind wat in die verlede gewerk het en wat nie. Alhoewel persone wat voorheen betrokke was by die bou van gevangenisse ondervinding in die beplanning en oprigting van korrektiewe instellings gehad het, moet in gedagte gehou word dat die oprigting van 'n **super maksimum gevangenis** 'n nuwe konsep is en dus 'n relatief nuwe projek vir elke betrokkene. Vir die Illinois projek is inligting ingesamel en besoeke gereël met instansies regoor

Amerika wat voorsiening maak vir 'n super maksimum klassifikasiestelsel binne hul korrektiewe sisteem. Die belangrikste was dat die taakspan bereid was om na voorstelle van die gebruikers te luister

- gebruik 'n projekspan met ondervinding
- handhaaf gebruiker-betrokkenheid
- gebruik geskikte tegnologie.

### 5.3.7. KRITIEK TEEN DIE STELSEL

Vanaf sy ontstaan in 1983 het die **super maksimum gevangenis** te Illinois voortdurend kritiek ontvang. Sir Donald Acheson (Flynn 1998: 52), Hoof Mediese Beampte in Brittanje, het navorsing gedoen oor die nadelige gevolge wat **super maksimum gevangenisstraf** vir gevangenes inhou. Hy kom tot die gevolgtrekking dat: *"... the combination of uncertainty concerning the sentence plan and the length of stay on the unit, together with lack of oppotunities for meaningful work, natural visual and auditory stimuli, social contact outside a small group of prisoners, incentives, and physical contact with families and friends, if sustained for several years is likely to lead to significant adverse effects on mental health in a proportion of prisoners".*

Die 1987 ***John Howard Association Report*** (Rosenblatt 1996: 304) meld dat: *"Marion is not a normal maximum-security prison on lockdown status, but rather a firmly established, fully functioning behavior modification program... The Marion program seems to be designed to break the defiant spirit and behavior through a year or more of sensory and psychological deprivation in which prisoners are stripped of their individual identities".*

Die ***Human Rights Watch*** (Rosenblatt 1996: 305) het in sy jaarverslag van 1991 die volgende gesê: *"As a result, inmates are essentially sentenced twice: once by the court, to a certain period of imprisonment: and the second time, by the prison administration to confinement in "maxi-maxi's" under extremely harsh conditions and without independent supervision. This second sentencing is open-ended and limited only by the overall length of an inmate's sentence and is meted out without the benefit of counsel. The increasing use of "prisons within prisons" leads to numerous human rights abuses and frequent violations of the U.N. Standard Minimim Rules for the Treatment of Prisoners".*

'n Prokureur van Chicago, Jan Susler, lewer as volg kommentaar: *"Marion is an experiment to see how much a prisoner can take before he breaks, to see how far they can dehumanize somebody before they completely lose their sanity"* (Rosenblatt 1996: 335).

Die navorser stem saam met die bevindinge van die ***John Howard Association Report***. Die **super maksimum gevangenis** is daar om voorsiening te maak vir die aanhou van 'n sekere tipe oortreder. Hierdie oortreder kan weens sy optrede nie in 'n gewone gevangenis gehuisves word nie. Derhalwe is spesiale maatreëls, wat veral die veiligheid van gevangenes in **super maksimum gevangenisse** aanbetref, van besondere belang.

## 5.4. DIE PLEK VAN DIE SUPER MAKSIMUM GEVANGENIS IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISSTELSEL

Vroeër was daar hoofsaaklik slegs maksimum veiligheidsgevangenisse aangesien veilige bewaring die vernaamste plig van die Departement van Gevangenisse was. Veranderde sienswyses het meegebring dat die taak verbonde aan die gevangenisstelsel nou meer omvangryk is. Een van die gevolge hiervan is die

daarstelling van gevangenisse met verskillende grade van veiligheid (Malan 1977: 39).

Op 1 April 1961 word 'n spesifieke doel aan Robben Eiland toegeken, naamlik om te dien as maksimum sekuriteitsgevangenis (Anoniem 1999: 24). Deur die afskeiding van 'n sekere tipe gevangene wat potensiële gevaar vir sy mede-gevangenes inhou, kan Robben Eiland as voorloper van die Suid-Afrikaanse **super maksimum gevangenis** beskou word.

Kragtens artikel 22 van die **Wet op Gevangenisse**, Wet 8 van 1959, moet die Minister aandui welke gevangenisse of gedeeltes daarvan vir maksimum-, medium-, of minimum veiligheidsaanhoudings gebruik moet word.

Gedurende September 1997 is die eerste geslote sekuriteitseenheid (C-Max) binne die Pretoriase Maksimum Gevangenis geopen. Kommissaris Sitole sien die oprigting van die C-Max as 'n geslaagde projek aangesien dit aandag skenk aan verskeie probleme wat in die verlede deur die **Departement Korrektiewe Dienste** ondervind is. Vanaf sy instelling het die hoë graad van geweld in gevangenisse, ontvlugtings, bende-aktiwiteite en aanvalle op gevangenispersoneel byvoorbeeld 'n afname getoon. Gevangenes se gedrag oor die

algemeen het verbeter aangesien hulle bevrees is dat hul oorgeplaas kan word na C-Max en die Kommissaris laat hom as volg uit: *"It is for this reason, that I say CMAX Prison is 90% successful"* (Ramafoko 1998: 12).

## 5.5. DIE ONDERSKEID TUSSEN SUPER MAKSIMUM EN ANDER GEVANGENISSE

Volgens Thompson & Susler (Rosenblatt 1996: 305) verskil die **super maksimum gevangenis** van ander gevangenisse ten opsigte van drie kriteria:

- eerstens word **super maksimum gevangenes** voortdurend opgesluit. In ander gevangenisse spandeer gevangenes 'n gemiddelde tyd van dertien uur per dag buite hul selle. In 'n **super maksimum gevangenis** spandeer die oortreder ongeveer 23 uur per dag in 'n enkelsel
- ten tweede geld isolasie, kontrole en streng beheermaatreëls in **super maksimum gevangenisse.** Gevangenes word byvoorbeeld nie toegelaat om met hul mede gevangenes te kommunikeer nie. Aangesien soliede staal deure gebruik word eerder as tralies, is totale isolasie aan die orde van die dag. Gevangenes moet alleen eet, slaap en hulself vermaak binne hul sel. Daar is min of geen

geestelike werkers wat leiding kan verskaf nie en leesstof word streng gekeur. Ook opvoedkundige programme deur korrespondensie is beperk wanneer dit hoegenaamd beskikbaar is.

Ook die kreatiwiteit en individualiteit van die **super maksimum gevangene** word onderdruk. So word hul byvoorbeeld nie toegelaat om enige iets teen hul mure op te sit nie en by sommige inrigtings is die gevangene nie eers daarop geregtig om te weet watter tyd van die dag of nag dit is nie

□ laastens kan 'n gevangene deur 'n administratiewe besluit as strafmaatreël na 'n super maksimum gevangenis oorgeplaas word. Die gevolge van so 'n administratiewe besluit is dat die gevangene nie sy toevlug tot die reg kan neem nie maar bloot sy oorplasing moet aanvaar. Hy kan ook na aanleiding van so 'n besluit vir 'n onbepaalde tyd in die **super maksimum gevangenis** aangehou word. Die standaard prosedure wat gevolg word in gewone gevangenisse is dat 'n gevangene na die uitdien van sy straf na die algemene gevangenis-bevolking teruggeplaas word.

## 5.6. SAMEVATTING

Die doel met die **Wet op Gevangenisse**, Wet 8 van 1959, was om voorsiening te maak vir nuwe internasionale denkrigtings in penologie na aanleiding van die **Geneefse Kongres** waar die **Standaard Minimum Reëls** (1984) vir die behandeling van oortreder neergelê is. Gevangesetting sou voortaan nie meer neerkom op vergelding nie maar die klem sou verskuif na die hervorming en rehabilitasie van die oortreder.

In hierdie hoofstuk is verder ook gelet op die **super maksimum gevangenis** te Illinois. Alhoewel die klem in Suid-Afrikaanse gevangenisse verskuif het na die rehabilitasie van die oortreder, moet die vraag gevra word watter rehabiliterende uitwerking **super maksimum gevangenisstraf** op 'n gevangene kan hê. Alhoewel die moontlikheid van rehabilitasie groot is, word dit grootliks verhoed deur depriverende omstandighede wat eie is aan die **super maksimum gevangenis**, soos byvoorbeeld alleenopsluiting.

# HOOFSTUK 6

# DIE HANTERING VAN 'N OORTREDER IN 'N SUPER MAKSIMUM GEVANGENIS

## 6.1. INLEIDING

Net soos enige ander individu is die gevangene 'n sosiale wese wat bestaan uit liggaam, siel en psige. Derhalwe moet omgesien word na die gevangene se fisiese, psigiese, geestelike en sosiale behoeftes.

Die menslike behandeling van gevangenes kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die behandeling van gevangenes om rehabilitasie te bewerkstellig is goed, maar vergelding vir die daad moet nooit uit die oog verloor word nie. Die owerhede is dit dus aan die gemeenskap verskuldig om nie slegs die gemeenskap te beskerm deur die verwydering van die oortreder daaruit nie, maar ook om toe te sien dat die misdaad op menswaardige wyse vergeld word.

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die regte van 'n gevangene tydens sy behandeling in 'n gevangenis. Dieselfde regte geld vir alle gevangenes en derhalwe ook vir die **super maksimum gevangene.** Waar spesiale maatreëls geld in die geval van die **super maksimum gevangene** word ook daarvan melding gemaak. In Suid-Afrika word die basiese regte van gevangenes nie alleen toegepas soos voorgeskryf deur die **Standaard Minimum Reëls** (1984) nie, maar ook soos voorgeskryf deur die **Handves van Menseregte** en die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998. Waar moontlik sal daar ook na die betrokke artikel(s) in die Wet verwys word ter verdere toeliging.

Laastens word ook aandag geskenk aan diverse regte wat aan gevangenes verleen is. In hierdie verband word die aandag gevestig op die stemreg van gevangenes en die situasie van die gevangene wat HIV-positief gediagnoseer is.

## 6.2. BEHANDELING VAN DIE GEVANGENE

Dit is die primêre doel van die **Departement Korrektiewe Dienste** om die gemeenskap te beskerm. Die beskermingsfunksie word op tweeledige wyse vervul naamlik eerstens deur die tydelike isolering van die oor-

treder deur sy veilige bewaking en tweedens deur met behandeling en opleiding te poog om in die persoon van die gevangene 'n beter produk aan die gemeenskap terug te gee as wat ontvang is. Uit hierdie oogpunt beskou beteken beskerming van die gemeenskap egter nie beskerming ten koste van die oortreder nie (Anoniem 1977: 49).

Volgens Gordon (1986: 6) het die gevangene, net soos elke ander persoon, sekere basiese behoeftes. Bevrediging van hierdie behoeftes kan 'n belangrike invloed hê op die gevangene se gedrag. Menswaardige aanhoudingsfasiliteite en versorging, as deel van die totale inrigtingsbehandelingsprogram, lewer 'n belangrike bydrae tot die uiteindelike opheffing van die gevangene. So kan onhigiëniese aanhoudingsfasiliteite en gebrekkige voorsiening in fisiese versorging lei tot die degradering van die gevangene en sy latere heraanpassing in die gemeenskap benadeel.

Ook die **Grondwet**, Wet 108 van 1996, meld in artikel 35(2) dat elkeen wat in Suid-Afrika aangehou word, met inbegrip van elke gevonniste gevangene, en dus ook die **super maksimum gevangene** die reg het:

> *"... op omstandighede van aanhouding wat met menswaardigheid rekening hou, met inbegrip van,*

> *minstens, oefening en die voorsiening, op staatsonkoste, van toereikende akkomodasie, voeding, leesstof en mediese behandeling".*

Behandeling van die oortreder kan egter geen vrugte afwerp wanneer die gevangene nie bereid is om sy samewerking te verleen nie. Een van die redes vir die instelling van 'n **super maksimum gevangenis** was dan juis om sodanige gevangenes te verwyder van ander gevangenes wat wel bereid is om hul lewenstyl ten goede te verander. Die Minister van **Korrektiewe Dienste** laat hom as volg oor die instelling van die **super maksimum gevangenis** uit, naamlik:

> *"We have to separate those who do not want to be rehabilitated from those who want to change their lives and go back into the community. We cannot rehabilitate while the criminally violent and dangerous prisoners are mixed with the others. They pollute the environment"* (Sunday Trubine 1997: 10).

Die administrasie van gevangenisse en die behandeling van gevangenes in Suid-Afrika is gebaseer op wetgewing wat voldoen aan die **Internasionale Standaard Minimum Reëls** (1955) wat aanvaar is tydens die eerste ***VVO-Kongres vir die Voorkoming van Misdaad en die***

***Behandeling van Oortreders*** op 30 Augustus 1955. Alhoewel 'n **super maksimum gevangene** minder voorregte as ander gevangenes geniet, moet hy steeds op 'n wyse behandel word wat menswaardig is en nie inbreuk maak op sy regte soos neergelê in die **Standaard Minimum Reëls** (1984), die **Grondwet**, Wet 108 van 1996, en die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, nie.

## 6.3. FISIESE VERSORGING VAN DIE GEVANGENE

### 6.3.1. AKKOMMODASIE

Wat die akkommodasie van gevangenes aanbetref bepaal artikel 7 van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998:

> *(1) Gevangenes moet in selle aangehou word wat voldoen aan die vereistes wat deur die regulasies voorgeskryf word met betrekking tot vloerspasie, kubieke grootte, beligting, ventilasie, sanitêre installasies en algemene gesondheidstoestande. Dié vereistes moet voldoende wees vir aanhouding onder toestande van menswaardigheid.*
>
> *(2) (a) Gevonniste gevangenes moet afsonderlik van ongevonniste gevangenes aangehou word.*

*(b) Manlike gevangenes moet afsonderlik van vroulike gevangenes aangehou word.*

*(c) Gevangenes wat kinders is, moet afsonderlik van volwasse gevangenes gehou word, en in akkommodasie wat toepaslik is vir hulle ouderdomme.*

*(d) Verdere vereistes dat gevangenes van spesifieke ouderdomme, gesondheidskategorieë of sekuriteitsrisiko-kategorieë, afsonderlik aangehou moet word, moet deur regulasies voorgeskryf word.*

*(3) Daar mag afgewyk word van die bepalings van subartikel (2)(a) tot (c) indien sodanige afwykings deur die Gevangenishoof goedgekeur word en uitgevoer word onder toesig van 'n korrektiewe beampte en toegepas word met die doel om ontwikkelings- of ondersteuningsdienste of mediese behandeling te voorsien maar daar mag onder geen omstandighede afwykings wees ten opsigte van slaapgeriewe nie.*

Die aandag word gevestig op verbeterde akkommodasie en moderne fasiliteite vir behandeling en opleiding. Aspekte soos higiëne, voldoende vloerruimte, lug, ventilasie, lig, ablusie- en sanitêre geriewe, voldoen in Suid-Afrikaanse gevangenisse aan die vereis-

tes wat algemeen aanvaarbaar is en vereis word vir enige akkommodasie buite 'n gevangenis. Gunstige omstandighede skep dan ook die nodige klimaat wat 'n voorvereiste is vir 'n positiewe ingesteldheid tot behandeling (Anoniem 1977: 49).

In artikel 7(2)(d) van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, word gemeld dat gevangenes van 'n sekuriteitsrisiko-kategorie afsonderlik aangehou moet word. Hierdie oortreders, waaronder ook die **super maksimum gevangene** resorteer, moet dus apart van die ander gevangenes aangehou word. Vandaar dan ook die instelling van byvoorbeeld 'n **super maksimum gevangenis.**

Ten einde voorsiening te maak vir die tipe gevangene wat in 'n **super maksimum gevangenis** aangehou word, verskil die akkommodasie geriewe van dié van ander gevangenisse. Volgens Pete (2000: 3) word sowel C-Max gevangenisse as **super maksimum gevangenisse** eerstens ontwerp om die ontvlugtingsrisiko van die gewelddadige oortreders wat in hul gehuisves word, te verminder en tweedens met die klem op opsluiting en isolasie eerder as rehabilitasie.

Die selle in 'n **super maksimum gevangenis** sien as volg daaruit:

- *Prisoners will live in concrete and steel cells measuring 4 metres by 2 metres under constant surveillance by warders who can observe them through wire mesh ceilings* (The Daily News 1997: 2)
- *At C Max inmates are kept in isolation for 23 hours a day. Apart from a 10-minute shower in a shower cage and a further one hour in a 4 metre by 1,5 metre exercise cage, the inmate is confined to a cell* (Business Day 1997: 6).

### 6.3.2. PERSOONLIKE HIGIëNE

Artikel 9 van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, bepaal:

*(1) Elke gevangene moet sy of haar persoon, klere, beddegoed en sel skoon en netjies hou.*

*(2) Die Departement moet die middele voorsien om dit te doen.*

terwyl artikel 10 in verband met klerasie en beddegoed bepaal:

*(1) Die Departement moet elke gevangene van voldoende klerasie en beddegoed voorsien om aan*

*sy of haar behoeftes vir higiëne en klimaatsvereistes te voldoen.*

Die gevangene word van voldoende toiletbenodigdhede, klere, skoeisel, handdoeke en so meer voorsien ten einde nie sy persoonlike waardigheid en selfrespek te benadeel nie. Ook vir beddegoed, skoonmaakmiddels en wasfasiliteite word ruim voorsiening gemaak. Onhigiëniese toestande kan nie geduld word nie aangesien dit nie alleen die opheffing van die individu bemoeilik nie maar ook die moontlikheid vir epidemies verhoog wat nie in die belang van die gemeenskap in die algemeen sal wees nie (Anoniem 1977: 50).

Tensy die distriksgeneesheer dan ook anders bepaal, moet elke gevangene so spoedig moontlik na opname bad en daarna so dikwels as wat nodig mag wees. Verder word daar van die gevangene verwag om sy klere skoon en in 'n goeie toestand te hou (Neser 1993: 271).

Wat die situasie in 'n maksimum veiligheidsinrigting soos byvoorbeeld C-Max of 'n **super maksimum gevangenis** betref, die volgende:

*Inmates at C Max would not be allowed to shave. Instead a commercial brand of hair remover would be applied to their faces before showering.*

*Showers would be taken in an isolated, locked cage* (The Daily News 1997: 2).

**6.3.3. VOEDSEL**

In verband met die voeding van gevangenes bepaal die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, die volgende:

*(1) Gevangenes moet van 'n geskikte dieet voorsien word om goeie gesondheid te bevorder, soos in die regulasies voorgeskryf.*

*(2) Sodanige dieet moet voorsiening maak vir die voedingsvereistes van kinders, swanger vrouens en enige ander kategorie gevangenes wie se fisiese toestand 'n spesiale dieet vereis.*

*(3) Waar redelikerwys moontlik, moet regulasies wat dieet reël, godsdienstige vereistes en kulturele voorkeure in ag neem.*

*(4) Die mediese beampte mag 'n verandering in die voorgeskrewe dieet en die tussenposes waarop die voedsel bedien word vir 'n gevangene beveel waar sodanige verandering om mediese redes vereis word.*

*(5) Voedsel moet goed voorberei word en met tussenposes van nie minder as vier-en-'n-half ure nie en nie met meer as 14 uur tussen die aand-*

*maaltyd en ontbyt gedurende elke 24-uur-tydperk nie.*

*(6) Skoon drinkwater moet vir elke gevangene beskikbaar wees.*

Gevangeniskombuise word minstens een maal per week deur die betrokke distriksgeneeshere geïnspekteer, waartydens onder andere gelet word op alle onvoorbereide sowel as voorbereide voedsel. Daar word ook voortdurend toesig gehou in die kombuise. Die rantsoenskale wat van toepassing is, word opgestel in samewerking met dieetkundiges van die **Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling** en word gereeld hersien. Klagtes oor te min of swak voorbereide voedsel kan gewoonlik doeltreffend beoordeel word deur na die gevangene se fisiese voorkoms en massa rekord te kyk. Dit gebeur dan ook herhaaldelik dat 'n gevangene wat klagtes in hierdie verband opper, 'n toename in massa toon sedert sy opname in die gevangenis (Malan 1979: 28).

Die **Departement Korrektiewe Dienste** lewer self 'n groot bydrae tot voedselvoorsiening deur die verskaffing van vars produkte uit sy tuine en gevangenisplase. In hierdie verband is die Departement dus in 'n groot mate selfversorgend wat tot voordeel van die

belastingbetaler strek (Anoniem 1977: 50). Hierdie opset geld egter nie in die geval van **super maksimum gevangenisse** nie.

### 6.3.4. LIGGAAMLIKE OEFENING, SPORT EN ONTSPANNING

Ten einde die liggaamlike en geestelike gesondheid van die gevangene te handhaaf en te bevorder, is dit noodsaaklik dat hy aan gesonde en opbouende ontspanningsaktiwiteite sal deelneem en sy vrye tyd nuttig sal gebruik (Steyn 1959: 147).

Artikel 11 van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, bepaal:

> *Elke gevangene moet die geleentheid gegee word om voldoende oefening te doen ten einde gesond te bly en is geregtig op ten minste een uur se oefening per dag. Indien die weer dit toelaat, moet die oefening in die buitelug plaasvind.*

Afhangende van omstandighede word daar by alle gevangenisse voorsiening gemaak vir binne- en buitemuurse sport en ontspanning. Deelname aan sportaktiwiteite geskied op 'n vrywillige grondslag. Ten einde egter te verseker dat alle gevangenes fisies geskik sal bly, word hulle weekliks aan 'n streng lig-

gaamsoefeningprogram onderwerp wat deur 'n beampte van die **Departement Korrektiewe Dienste** waargeneem word (Steyn 1959: 147).

By sommige inrigtings word selfs kultuurvorme soos debatsverenigings, kore en drama- en konsertverenigings aangetref. Van die groter inrigtings beskik oor 'n interkommunikasie-stelsel waarmee gevangenes in staat gestel word om op goedgekeurde tye in te skakel op radioprogramme. Filmvertonings, wat opvoedkundige films insluit, vind ook plaas (Anoniem 1977: 50-51).

In die geval van die supermaksimum gevangenis geld die volgende egter:

> *Prisoners will be forced to live without human contact for 23 hours a day and will only be allowed out for an hour's exercise a day in a cage... When leaving their cells to exercise, they will be handcuffed and escorted individually* (The Daily News 1997: 3).

> *Our department abides by the Constitution... prisoners are given access to reading material, are allowed to study and are able to write letters to loved ones* (The Cape Times 1997: 3).

As gevolg van die groepsvoorregte wat die **super maksimum gevangene** verbeur, kan hy nie kultuurvorme beoefen of sy vrye tyd saam met ander gevangenes deurbring nie. Algehele isolasie word voorgestaan selfs gedurende die tye wanneer hy fisiese oefening moet kry. Hy is egter geregtig daarop om te lees en te studeer.

### 6.3.5. MEDIESE DIENSTE

Gordon (1986: 6) wys daarop dat die mediese behandeling van die gevangene en die mediese behandeling van die algemene publiek nie as twee afsonderlike soorte behandeling gesien moet word nie. Die mediese behandeling aan gevangenes moet van gelyke standaard wees met dit wat aan die algemene publiek beskikbaar is. Verder moet gevangenes ook dieselfde mate van toeganklikheid daartoe hê as die man op straat.

Alle gevangenes moet so spoedig moonlik na opname deur 'n gekwalifiseerde verpleegkundige ondersoek word aan die hand van 'n volledige mediese vraelys en geskiedeniskaart. Slegs wanneer verpleegkundiges nie behandeling aan gevangenes kan lewer, as gevolg van wetlike beperkings of strydige optrede met hul etiese beroepskode nie, of in gevalle waar hulle van mening

is dat dit raadsaam is om die gevangene na die geneesheer te verwys, behoort geneeshere tot die mediese ondersoeke van gevangenes toe te tree, en die ondersoek voort te sit. Dit sal meebring dat:

- beserings of siektetoestande van gevangenes geregistreer word
- gevangenes wat mediese behandeling behoef dit onmiddellik ontvang
- gevangenes wat reeds medikasie gebruik, daardie medisyne ontvang en hul mediese behandeling sal dus nie onderbreek word nie.

Die jaarlikse mediese ondersoeke van alle gevangenes bo die ouderdom van 50 jaar, sowel as die toepassing daarvan vir alle ander gevangenes op 'n twee-jaarlikse basis, lewer 'n groot bydrae in die verhoging van die standaard van mediese behandeling aan gevangenes. Behalwe vir die identifisering van siektetoestande, kan sodanige ondersoek ook 'n bydrae lewer om die mediese behandeling wat 'n gevangene ontvang, te kontroleer (Gordon 1986: 7).

Artikel 12 van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, reël die gesondheidsorg van die gevangene en bepaal:

*(1) Die Departement moet genoegsame gesondheidsorgdienste, binne die beskikbare hulpbronne*

*gebaseer op die beginsels van primêre gesondheidsorg, voorsien ten einde dit moontlik te maak vir elke gevangene om 'n gesonde lewe te lei*

*(2) (a) Elke gevangene het die reg op genoegsame mediese behandeling, maar geen gevangene is geregtig op kosmetiese mediese behandeling op Staatskoste nie*

*(b) Mediese behandeling moet deur 'n mediese beampte, mediese praktisyn of deur 'n spesialis of gesondheidsorginstelling gegee word of deur 'n persoon of instelling wat deur sodanige mediese beampte aangewys word, behalwe waar die mediese behandeling voorsien word deur die mediese praktisyn in terme van subartikel (3)*

*(3) Elke gevangene mag deur 'n mediese praktisyn van sy of haar keuse besoek en ondersoek word en mag behandel word deur sodanige praktisyn, onderworpe aan die toestemming van die Gevangenishoof, in welke geval die gevangene persoonlik aanspreeklik sal wees vir die koste van enige sodanige ondersoek, konsultasie, diens of behandeling*

*(4) (a) Elke gevangene behoort aangemoedig te word om mediese behandeling te ondergaan wat*

*nodig is vir die instandhouding of herstel van sy of haar gesondheid*

*(b) Geen gevangene mag verplig word om 'n mediese ondersoek, intervensie of behandeling te ontvang sonder ingeligte toestemming nie tensy versuim om sodanige mediese ondersoek, intervensie of behandeling te ontvang 'n bedreiging sal inhou vir die gesondheid van ander persone*

*(c) Behalwe soos voorsien in paragraag (d), sal geen chirurgiese ingreep uitgevoer word op 'n gevangene sonder sy of haar ingeligte toestemming nie, of in die geval van 'n minderjarige, met die skriftelike toestemming van sy of haar wettige voog nie*

*(d) Toestemming tot 'n chirurgiese ingreep is nie nodig nie, wanneer dit na die mening van die mediese praktisyn wat die gevangene behandel in die belang van die gevangene se gesondheid is en die gevangene nie in staat is om sodanige toestemming te gee nie, of in die geval van 'n minderjarige dit nie moontlik of prakties uitvoerbaar is vanweë die vertraging om die toestem-*

*ming van sy of haar wettige voog te verkry nie.*

Professionele mediese dienste is daagliks tot die beskikking van elke gevangene. By sommige gevangenisse word slegs voorsiening gemaak vir hospitaalakkommodasie wat dien vir weinig meer as 'n siekeboeg. Alhoewel daar nie by elke gevangenis 'n goed toegeruste hospitaal is nie, is daar ten minste basiese ondersoekfasiliteite. By die groter sentra is egter goed toegeruste hospitaalafdelings en tandheelkundige fasiliteite beskikbaar. Gevangenes met ernstiger mediese probleme word op aanbeveling van 'n geneesheer na openbare hospitale verwys vir behandeling. Soos in die geval van enige ander pasiënt, word operasies ook nie op gevangenes uitgevoer sonder hul skriftelike toestemming nie (Gordon 1986: 7). Hierdeur bly die gevangene se menswaardigheid nie alleen behoue nie, maar word 'n gesonde gestel verseker wat 'n belangrike element in die proses van behandeling en opleiding vorm (Anoniem 1977: 51).

Volgens Steyn (1958: 226) dien die lewering van mediese dienste in 'n gevangenis 'n drie-ledige doel naamlik:

- in die eerste plek is die doel van die behandeling ingestel op die versorging en behandeling van minder ernstige siektes asook die voorkoming van siektes deur die gereelde inspeksie van voedsel, water en sanitêre geriewe
- tweedens is die mediese behandeling gerig op die herstel of verligting van fisiese afwykingstoestande of gebreke wat die gevangene se geestesewewig bedreig en sy maatskaplike herinskakeling sal bemoeilik
- laastens het die mediese dienste navorsing op die gebied van die geregtelike geneeskunde ten doel. In die besonder moet ingegaan word in hoeverre die oorsake van misdaad in fisiese siektetoestande geleë is en nuwe metodes moet vir die mediese versorging van die gevangene ontwikkel word.

## 6.4. ALGEMEEN GELDENDE FASETTE VAN BEHANDELING

Vir die behandeling van die oortreder binne inrigtingsverband word daar 'n onderskeid gemaak tussen korttermyn en langtermyn gevangenes. Aangesien tyd 'n faktor is wat in aanmerking geneem moet word met behandeling en opleiding, verskil die behandeling na gelang die tydperk van vonnisoplegging. In 'n **super**

**maksimum gevangenis** word gewoonlik gevangenes wat 'n redelike lang tydperk in die gevangenis moet deurbring, gehuisves. Dit beteken ook dat hy vir 'n lang tydperk onderwerp kan word aan programme ten einde hom te hervorm. Die sukses wat met behandelingsprogramme behaal kan word is egter afhanklik van die mate waarin die **super maksimum gevangene** bereid is om sy samewerking te gee.

Behandeling behels in essensie die dekondisionering van negatiewe gedragspatrone, terwyl positiewe sosiaal aanvaarbare gedragswyses versterk word. In die algemeen kom dit neer op die volgende:

- 'n beleid van dissipline wat gerig is op die ontwikkeling van self-dissipline
- 'n arbeidsbeleid met die oog op selfontwikkeling en die aankweek van gesonde werkgewoontes
- die aankweek van 'n verantwoordelikheidsin by die gevangene ten einde by hom respek te ontwikkel vir ander se eiendom, eise en behoeftes en 'n morele verantwoordelikheidsin te ontwikkel (Anoniem 1977: 51).

In Suid-Afrika word daar 'n hoë premie op veilige bewaking in **super maksimum gevangenisse** geplaas. Die Departement van Korrektiewe Dienste se ***Hoofdirekto-***

***raat Ontwikkelingsprogramme en Godsdienssorg*** het tydens 'n strategiese beplanningsessie gedurende 1994 'n nuwe missie rakende die behandeling van gevangenes aanvaar. Volgens Luyt (1996: 153) is die kern van die missie *"... om ontwikkelingsprogramme aan persone onder beheer van die Departement Korrektiewe Dienste te voorsien"*. Die Hoofdirektoraat bestaan uit die direktorate godsdienssorg, maatskaplike dienste, onderwys- en opleidingsdienste en sielkundige dienste wat die onderskeie dienste volgens elkeen se benaming lewer. Dienste aan gevangenes sluit in:

- godsdienssorg
- oriëntasie van gevangenes
- seksuele afwykings
- geestesgesondheid
- alkoholafhanklikheid
- vigs
- ongeletterdheid en ander onderwys
- beroepsvaardigheid
- dwelmafhanklikheid
- ontslagvoorbereiding
- lewensvaardigheid
- huwelik- en gesinsorg
- jeugsorg.

Bogenoemde dienste is tot beskikking van alle gevangenes, wat derhalwe ook die **super maksimum gevangene** insluit.

## 6.5 MAATSKAPLIKE WERK EN DIE GEVANGENE

Die taak van die interne maatskaplike werker begin by die opname van die gevangene en eindig by sy onvoorwaardelike vrylating of by die verstryking van sy parooltydperk. Maatskaplike werk met gevangenes het doeltreffende maatskaplike funksionering ten doel.

Die maatskaplike werker staan die gevangene by met die aanknoop en handhawing van aanvaarbare interpersoonlike verhoudings. As deel van 'n spanbenadering, rus daar 'n groot verantwoordelikheid op hom om die gevangene voor te berei vir ontslag ten einde te verseker dat voldoende maatreëls getref is vir die nasorg van die gevangene na sy ontslag. Die maatskaplike werker is 'n belangrike skakel tussen die gevangene en die Gevangenisraad, maar ook 'n ewe belangrike skakel met maatskaplikewerk organisasies buite die gevangenis met die oog op die verkryging van agtergrondsinligting en die versorging van die gevangene se afhanklikes (Anoniem 1977: 52).

Volgens Luyt (1996: 156) omsluit die taak van die maatskaplike werker die hantering en oriëntering van gevangenes deur lewensvaardigheidsessies, inligting oor alkohol- en dwelmafhanklikheid, huwelik- en gesinsprobleme, ontslagvoorbereiding en vigsvoorligting. Ook die **super maksimum gevangene** sal geregtig wees op bogenoemde dienste van 'n maatskaplike werker.

## 6.6. SIELKUNDIGE BEHANDELING VAN DIE GEVANGENE

Die belangrikheid van sielkundige dienste is reeds in 1947 ingesien met die ***Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming*** (**Lansdown**-Kommissie) se aanbeveling dat 'n sielkundige 'n lid van die toewysingsrade moes wees. Gedurende 1969/1970 word die eerste voltydse sielkundige dan ook by die **Departement Korrektiewe Dienste** aangestel.

'n Unieke projek wat in 1976 aangepak is, was die instelling van die eerste gevangenishospitaal vir gesertifiseerde psigopate by die Zonderwatergevangenis. Dit word as 'n hoogtepunt op die terrein van gespesialiseerde dienste aan gevangenes beskou (Neser 1989: 26).

Volgens Steyn (1959: 172) is die sielkundige behandeling van die gevangene naas sy mediese versorging 'n hoogs gespesialiseerde terrein wat die dienste van 'n spesiaal opgeleide persoon vereis. Die **Departement Korrektiewe Dienste** beskik oor 'n span kliniese sielkundiges wat 'n studie maak van gevangenes se afwykende gedrag.

Die kliniese sielkundige se taak is tweeledig van aard. Eerstens moet diagnosering plaasvind, met ander woorde daar moet na die oorsake wat afwykende gedrag tot gevolg gehad het gesoek word. In die tweede plek moet daardie afwyking behandel word met behulp van sielkundige tegnieke (Anoniem 1977: 53).

Die psigiatriese behandeling van die gevangene in Suid-Afrikaanse gevangenisse word deur psigiaters van die **Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling** waargeneem. In gevalle waar dit blyk dat 'n gevangene aan 'n ernstige geestesafwyking ly, word hy na 'n sielsieke inrigting oorgeplaas vir verdere waarneming en behandeling (Steyn 1959: 172).

Volgens Coetzee (1995: 148) benodig nie alle gevangenes die dienste van 'n sielkundige nie. Hy prioritiseer die verskaffing van sielkundige dienste as volg:

- gevangenes wat as selfmoordrisiko's beskou word
- gevangenes wat deur psigiaters en distriksgeneeshere na sielkundiges verwys word
- gevangenes by wie die hof behandeling aanbeveel het
- gevangenes wat deur middel van die klagte- en versoekprosedure of op enige ander wyse aandui dat hul sielkundige dienste benodig
- gevangenes wat hulle skuldig maak aan 'n aggressiewe of seksuele misdryf
- gevangenes wat deur die inrigtingskomitee of ander funksionarisse verwys word vir moontlike hantering deur sielkundiges
- gevangenes wat voorheen sielkundige of psigiatriese behandeling ontvang het.

Volgens Luyt (1996: 155) geniet die geestesgesondheid van gevangenes in maksimum sekuriteitsgevangenisse, wat dus ook 'n **super maksimum gevangenis** sal insluit, nie die aandag wat dit behoort te geniet nie as gevolg van die onvoldoende aantal opgeleide sielkundiges. In 1994 is daar byvoorbeel aan 3.8% van die totale Suid-Afrikaanse gevangenisbevolking sielkun-

dige dienste gelewer terwyl maksimum sekuriteitsgevangenes 13.6% van die totale gevangenisbevolking uitgemaak het. Die navorser is van mening dat sielkundige behandeling, naas veilige bewaking, eerste op die prioriteitslys van die **super maksimum gevangenis** moet wees aangesien dit reeds die oortreder met gedragsprobleme is wat hier gehuisves word.

## 6.7. OPLEIDING EN VOORLIGTING VAN DIE GEVANGENE

Reël 77 van die **Standaard Minimum Reëls** (1984) bepaal die volgende in verband met opleiding aan gevangenes:

*(1) Provision shall be made for the further education of all prisoners capable of profiting thereby, including religious instruction in the countries where this is possible. The education of illiterates and young prisoners shall be compulsory and special attention shall be paid to it by the administration.*

*(2) So far as practicable, the education of prisoners shall be integrated with the educational system of the country so that after their release they may continue their education without difficulty.*

Dit is die taak van die opvoedkundige om die gevangene op die weg na volwassenheid te lei. By die groter observasie-sentra word onder andere die doel van gevangesetting asook wat met die behandeling beoog word, verduidelik. Ten einde die gevangene se opleibaarheid te bepaal word toetse afgeneem sodat die gevangene aan die mees gepaste opleidingsprogram toegewys kan word. Gevangenes word ook ingelig oor algemene sake wat van belang is gedurende hul aanhoudingstydperk soos hul regte, voorregte, tugmaatreëls en die gevolge wat goeie gedrag inhou (Anoniem 1977: 53). Veral in 'n **super maksimum gevangenis** is hierdie inligting belangrik sodat 'n gevangene daarvan bewus kan wees dat goeie gedrag en onderweping aan reëls tot gevolg sal hê dat hy geregtig is op meer voorregte.

In elke gevangenis is daar biblioteke wat op hul eie funksioneer of in samewerking met provinsiale administrasies en plaaslike besture. Leesstof bestaan nie net uit ontspanningslektuur nie maar sluit vakliteratuur in (Anoniem 1977: 53).

Die onderwysdiens behels 'n aantal aspekte. Die lees-en-skryfprojek vir ongeletterde gevangenes sluit ook elementêre rekenkunde in wat in samewerking met

die **Departement van Nasionale Opvoeding** opgestel is. Die geletterde gevangene kan deur middel van korrespondensie verder studeer. Klaskameronderrig word gegee waar toepaslik en prakties uitvoerbaar. Gevangenes word ook in verskillende ambagte opgelei. Voorsorg word getref dat die opleiding aan dieselfde vereistes voldoen as wat in die vrye samelewing gestel word sodat die gevangene na vrylating maklik in sy werk sal kan inpas (Anoniem 1997: 53).

## 6.8. GEESTELIKE VERSORGING VAN DIE GEVANGENE

Volgens Steyn (1959: 152) beteken geestesversorging in die ruimste betekenis van die woord, die aktiwiteite wat ten doel het die geestelik-godsdienstige bearbeiding, die psigiese opheffing en verfyning en die sielkundig-psigiatriese behandeling van die gevangene. In engere sin het dit slegs betrekking op godsdienstige arbeid in die gevangenis. Alhoewel godsdiens uitsluitlik met die sielelewe van die individu te kampe het, hou dit egter ook verband met die breëre geestesversorging van die gevangene.

Elke persoon het 'n inherente reg op godsdiensvryheid en derhalwe is dit noodsaaklik dat hierdie reg ook in die gevangenis erken word en moet geleenthede vir

godsdiensbeoefening en geestelike versorging daargestel word. Reeds in 1703 het Pous Clement XI 'n inrigting onder beheer van die Kerk gestig. In hierdie inrigting het die klem sterker op geestelike bearbeiding as op straf geval (May 1975: 18).

Die **Departement Korrektiewe Dienste** respekteer en handhaaf die beginsel dat elke gevangene die reg het om sy eie godsdiens te beoefen en om deur 'n bevoegde verteenwoordiger van die Kerk waaraan hy behoort, geestelik versorg te word. Die evangelisasie van gevangenes geskied op 'n kerklike basis. Die geestelike versorging van die gevangene vorm deel van die hele rehabilitasieprogram en voorsien in 'n wesenlike behoefte (Anoniem 1977: 55).

As gevolg van die Kerk se betrokkenheid by gemeentelike behoeftes asook die beperkte beskikbare tyd vir gevangenes-bearbeiding, is daar besluit om departementele kapelane aan te stel wat op voltydse basis geestelike werk binne die gevangenis kan verrig (Sephton 1978: 15).

'n Helder beeld moet aan die gevangene tuisgebring word rakende die werking van mislukking in sy lewe en die realiteit van komplekse beïnvloeding wat plaas-

gevind het, sonder om so te rasionaliseer dat hy uiteindelik sy belewenis van aanspreeklikheid moet inboet. Met die oog op die implementering en die toenemende effektiewe bearbeiding op plaaslike vlak is koördinering en organisering vanuit hoofkwartier onvermydelik noodsaaklik. Uit hoofde hiervan is twee organiseerders van Geestelike Versorging voortdurend besig om, met die oog op die behoeftes van die individuele gevangene, die bediening van die gevangene te organiseer en te beheer. Volgens Sephton (1978: 13) geskied dit aan die hand van die volgende:

- die voorsiening van 'n genoegsame aantal geestelike werkers van die verskillende kerke vir die geestelike bearbeiding van gevangenes
- administrasie verbonde aan die aanstelling van geestelike werkers
- kontrole oor die gehalte van geestelike werk in belang van die gevangenes
- koördinering van geestelike werkers en hulle programme van bediening
- voorligting aan geestelike werkers
- bestudering van die metodiek van geestelike versorging van die gevangenes met die oog op leiding aan geestelike werkers
- voorligting aan die kerklike publiek.

In Suid-Afrika word die beoefening van Godsdiens in gevangenisse verwoord in artikel 14 van die **<u>Wet op Korrektiewe Dienste</u>**, Wet 111 van 1998, naamlik:

*(1) 'n Gevangene moet vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening toegelaat word*

*(2) 'n Gevangene mag godsdienstige dienste en vergaderings wat in die gevangenis gehou word, bywoon, gratis en vrywillig en hy of sy mag godsdienstige literatuur in sy of haar besit hê*

*(3) Waar doenlik moet plekke van aanbidding by elke gevangenes voorsien word vir gevangenes van alle geloofsoortuigings*

*(4) Geen gevangene mag verplig word om godsdienstige dienste of vergaderings by te woon of deel te neem aan godsdienstige praktyke nie.*

Volgens Luyt (1996: 156) word godsdienssorg vanuit die volgende vertrekpunte gelewer:

- godsdienssorg is gerig op alle wetsoortreders onder beheer van die **Departement Korrektiewe Dienste**
- godsdiensvryheid word erken

- elke wetsoortreder wat dit verlang, het die reg om godsdienstig versorg te word deur die denominasie van eie keuse
- die behoeftes van die wetsoortreder aan godsdienssorg word sover moontlik bevredig binne die beperkende of depriverende omstandighede eie aan die gevangenis.

## 6.9. DIVERSE REGTE

Buiten die basiese regte van gevangenes soos uiteengesit in die **Standaard Minimum Reëls** (1984), is daar ook ander regte wat van tyd tot tyd en waar die noodsaaklikheid daarvan ingesien word, aan gevangenes verleen kan word. Hierdie addisionele regte word egter nie sonder meer deur belanghebbendes en die gemeenskap aanvaar nie en kan tot hewige debatte aanleiding gee. In hierdie verband word gelet op twee unieke gevalle wat onlangs in Suid-Afrika na vore getree het, naamlik die regte van gevangenes met HIV asook die verlening van stemreg aan gevangenes.

### 6.9.1. DIE GEVANGENE MET HIV

Sedert 1980 het die vigsepidemie met rasse skrede toegeneem. Van die 1000 sterftes in Suid-Afrikaanse

gevangenisse gedurende die jaar 2000, was bykans 90% vigsverwant. Volgens vooruitskattings wat op die huidige toestand gebaseer is, sal, indien die vigs-situasie teen 'n konstante snelheid toeneem, 'n beraamde 10 000 sterftes in Suid-Afrikaanse gevangenisse binne die volgende vyf jaar vigsverwant wees. Binne 10 jaar sal die sterftekoers 45 000 per jaar wees (Cilliers, Marais, Ovens, Victor-Zietsman 2001: 82).

Die regsimplikasies ten opsigte van vigsgeïnfekteerde gevangenes is problematies. Die gevangenes wat nie geïnfekteer is nie, het die reg op veilige bewaring. 'n Aantal gevangenes het, ter wille van hul veiligheid, verpligte toetsing geëis. Die **Departement Korrektiewe Dienste** staan onder verpligting om hierdie reg op veiligheid van die gevangene te verseker. Die versekering van gevangenes se veilige bewaring skep probleme wat hanteer moet word deur aparte akkommodasie, gesondheidsorg en onderwys. Die gevolg hiervan is dat die reg op veiligheid van die ongeïnfekteerde gevangene in konflik kan wees met die oortreder se reg op privaatheid en vertroulikheid (Cilliers et. al. 2001: 82). Aangesien die beginsel van aparte aanhouding in elk geval in 'n **super maksimum gevangenis** toegepas word en die gevangene

geïsoleer is van ander oortreders, is dit makliker om gevangenes wat HIV-positief is in die **super maksimum gevangenis** te hanteer.

Ten einde die probleem te illustreer word daar na twee hofsake in die Suid-Afrikaanse regspraak verwys, naamlik ***C v Minister of Correctional Services***, 1996 (4) SA 292 (T), en ***B v Minister of Correctional Services***, 1997 (2) All SA 574 (K). Die eerste saak het gehandel oor die vraag of 'n gevangene sy ingeligte toestemming ten opsigte van 'n bloedtoets vir HIV gegee het. In die tweede saak moes die hof beslis of 'n gevangene geregtig was op duur behandeling teen HIV op staatsonkoste. In beide gevalle was die resultaat dat 'n gevangene met HIV in 'n beter posisie geplaas is as 'n persoon met HIV in vergelykbare omstandighede buite die gevangenis.

Die saak ***C v Minister of Correctional Services***, 1996 (4) SA 292 (T), het gehandel oor die omvang van inligting wat gegee moet word ten einde ingeligte toestemming te verkry van 'n persoon (in hierdie geval 'n gevangene wat in die gevangenis se kombuis gewerk het), wie se bloed vir HIV getoets sou word. Volgens die gevangenisbeleid wat op daardie stadium (Septem-

ber 1993) gegeld het, kon slegs persone wat vry was van HIV in kombuise van gevangenisse werk.

Hierdie beleid was in ooreenstemming met regulasies met betrekking tot oordraagbare siektes en die aanmelding van aanmeldbare mediese toestande wat in Oktober 1987, ingevolge die **Wet op Gesondheidsdienste**, Wet 63 van 1977, afgekondig is. Hierdie regulasies het onder meer bepaal dat draers van oordraagbare siektes nie voedsel vir ander mense mag voorberei nie. VIGS is in aanhangsel 1 onder "oordraagbare siektes" ingesluit.

Ingevolge die **Departement Korrektiewe Dienste** se beleidsdokument rakende die hantering van VIGS in gevangenisse, is die doel van die voor-toets berading onder meer om te verseker dat die gevangene weet wat HIV-infeksie beteken, hoe dit oorgedra word, wat die toets behels, wat die sosiale, sielkundige en regsimplikasies van die toets is en wat om te verwag as die uitslag van die toets positief is. Voorts moet die gevangene ook tyd gegun word om die inligting wat hy van die berader ontvang het te oordink voordat toestemming verleen word om die bloed te laat trek.

Regter Kirk-Coen aanvaar dat C ingelig was dat sy bloed getoets sou word vir HIV en ook oor sy reg om te weier om die toets te ondergaan. C is egter geen privaatheid of tyd gegun om die besluit te neem nie en op grond van die afwyking van hierdie norm beslis die hof dat die optrede van die gevangenisbeampte wat die bloed getrek het onregmatig was en staan R1000,00 toe vir privaatheidskending.

Deur hierdie uitspraak word die reg tot voor-toets berading in geval van moontlike HIV/Vigs pasiënte dus aan gevangenes verleen. Aangesien hierdie berading nie tot beskikking van die algemene publiek is nie, word die gevangene in so situasie bo die man op straat, wat hom in soortgelyke omstandighede bevind, bevoordeel. Daar word ook nie melding gemaak van 'n spesifieke periode wat die gevangene gegun moet word om oor sy besluit na te dink nie. Mens sou dink dat 'n geval soos hierdie waar ander mense (gevangenes) deur C besmet kon word, die regte van die ander betrokkenes hoër prioriteit moes geniet het. Die saak bewys egter dat elke gevangene se regte in ag geneem word. Na die inwerkingtreding van die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, behoort so 'n situasie hom nie weer voor te doen nie, aangesien die Wet in artikel 12(4)(b) bepaal dat 'n gevangene nie

verplig mag word om medies ondersoek te word ***tensy*** die versuim om sodanige ondersoek 'n bedreiging sal inhou vir die gesondheid van ander persone.

In ***B v Minister of Correctional Services***, 1997 2 All SA 574 (K), was B en drie ander applikante gevangenes met HIV. B was die enigste applikant wie se mediese besonderhede aan die hof bekend was. Hy is in Februarie 1992 as HIV-positief gediagnoseer. Hy was by verskeie vorige geleenthede in die gevangenis, is in een stadium op parool vrygelaat en het by 'n ander geleentheid uit aanhouding ontsnap. Hy is in Augustus 1995 gearresteer en in die Pollsmoor Gevangenis aangehou. Hy het egter geen spesifieke behandeling vir sy HIV-infeksie ontvang nie.

Gedurende 1996 is reëlings getref vir gevangenes met HIV om by twee HIV-klinieke behandeling te ontvang. By een so 'n kliniek (verbonde aan 'n gevangenis) is 'n kombinasieterapie van AZT en ddl vir B voorgeskryf - hierdie behandeling is egter nie deur die gevangenisowerheid aan hom gegee nie. By 'n ander kliniek (verbonde aan 'n provinsiale hospitaal) het B nie vir AZT-behandeling gekwalifiseer nie.

In September 1996 het B die huidige aansoek gebring. Die applikante vra 'n verklarende bevel tot die effek dat hulle (en ander gevangenes met HIV) die reg het op behoorlike en toereikende mediese aandag, versorging en behandeling, en dat hierdie reg diegene wat simptomaties is, daarop geregtig maak om eerstens 'n voorskrif te ontvang en tweedens, op staatsonkoste, gepaste medisyne teen HIV te ontvang. Volgens die aansoek sluit gepaste medisyne AZT, ddl, 3TC of ddC afsonderlik of in kombinasie in, maar is dit nie beperk tot hierdie middels nie. Alternatief vra die applikante 'n *mandamus* dat hulle uit die gevangenis vrygelaat moet word.

Regter Brand van die Kaapse Hooggeregshof bevind eerstens die vraag of pasiënte geregtig is op 'n voorskrif vir medisyne op mediese gronde, 'n mediese aangeleentheid waaroor die hof nie by magte is om te beslis nie. Aangesien AZT en ddl wel op mediese gronde vir B en die tweede applikant voorgeskryf is, kan die hof die vraag oorweeg of hierdie applikante geregtig is om op staatsonkoste van dié medisyne voorsien te word.

Die hof verwys in sy uitspraak na artikel 35(2) van die **<u>Grondwet</u>**, Wet 108 van 1996, waarvolgens dit dui-

delik is dat die applikante 'n reg op toereikende mediese behandeling op staatsonkoste het. By die uitleg van hierdie artikel verwys die hof na gemeenregtelike beginsels rakende die regte van gevangenes. Volgens die gemenereg behou gevangenes alle basiese regte wat gewone burgers het, met uitsluiting van daardie regte wat uitdruklik of by noodwendige implikasie tydelik deur wetgewing van hulle weggeneem is of wat noodwendig onversoenbaar is met hulle staat van gevangeskap.

Aangesien HIV-infeksie en Vigs steeds ongeneeslik is, gaan dit egter nie in hierdie geval om behandeling wat genesing kan bring nie. Daar word aangevoer dat pasiënte wat in dieselfde mediese toestand as die applikante verkeer het, nie die behandeling wat deur die applikante geëis is, in provinsiale hospitale ontvang het nie. Weens die koste van AZT gekombineer met ander medisyne beloop dit R18000 tot R24000 per pasiënte per jaar. Daar word ook aangevoer dat indien pasiënte met HIV die kombinasieterapie sou ontvang, dit ander pasiënte wat ook afhanklik is van die voorsiening van mediese sorg deur die staat, sou benadeel.

Regter Brand beslis dat die posisie in provinsiale hospitale irrelevant is aangesien die staat 'n groter plig teenoor gevangenes het as teenoor burgers wat dieselfde infeksie het. Die standaard van toereikende mediese behandeling vir gevangenes kan ook nie *per se* bepaal word deur wat die staat vir pasiënte met HIV buite gevangenisse gee nie. Sy redes is kortliks as volg:

- die **Grondwet**, Wet 108 van 1997, self maak 'n onderskeid tussen gevangenes en mense daar buite. Ingevolge artikel 35(2) het gevangenes 'n fundamentele reg op toereikende huisvesting, voeding en mediese sorg, terwyl sodanige waarborg nie vir mense buite gevangenisse gegee word nie. Wat voorsien word vir mense daarbuite kan gevolglik nie die standaard stel vir huisvesting, voeding of toereikende mediese sorg binne gevangenisse nie
- om toegang tot mediese behandeling teen HIV te weier, sou 'n inbreuk op die *residuum* van gevangenes se regte daarstel wat nie 'n noodwendige gevolg van aanhouding is nie
- aangesien die staat gevangenes met HIV aanhou in omstandighede waar hulle meer vatbaar is vir opportunistiese infeksies as pasiënte met HIV daarbuite, moet toereikende behandeling deur die

staat hulle immuunstelsels beter beskerm as die behandeling wat die staat vir pasiënte met HIV buite gevangenisse bied.

Alhoewel die uitspraak betrekking het op die voorsiening van duur medisyne aan slegs twee gevangenes, kan dit wyer implikasies hê, aldus Van Wyk (1997: 105). Ander gevangenes met HIV sal anti-HIV behandeling as hul grondwetlike reg kan eis indien dit op mediese gronde aan hulle voorgeskryf word en die **Departement Korrektiewe Dienste** nie kan bewys dat hierdie behandeling onbekostigbaar is nie. Dit kan meebring dat skaars fondse van ander verdienstelike programme weggeneem sal moet word.

Ten spyte hiervan is Van Wyk (1997: 705) die mening toegedaan dat die uitspraak billik is aangesien dit diegene wat vanweë gevangenisskap nog meer kwesbaar is as ander individue, teen die oormag van die staat beskerm.

Die navorser wil verskil van hierdie standpunt. Volgens die regte van gevangenes en die inligting wat vir hierdie studie bekom is, is gevangenisse veronderstel om steriele omgewings te wees. Indien dit nie die geval is nie word daar nie beantwoord aan die

bepalings gestel in die **Wet op Korrektiewe Dienste**, Wet 111 van 1998, nie. Die **super maksimum gevangene** is ook geïsoleer van ander gevangenes wat moontlike besmetting sal voorkom. Die standpunt deur Van Wyk ingeneem dat die gevangene meer kwesbaar is as die individu hou dus, wat hierdie studie aanbetref, nie water nie.

Ook word die gevangene met HIV nie net bevoordeel bo die algemene publiek nie maar ook bo sy mede-gevangenes. Soos wat Van Wyk tereg daarop wys moet skaars fondse aangewend word vir die behandeling van hierdie gevangene. Hierdie fondse sal onttrek moet word van programme waarby ***elke*** gevangene sou kon baat.

In geval van die **super maksimum gevangene** hou dit nog verdere komplikasies in. Gevangenes is veronderstel om vir 23 uur per dag in hul selle te wees. Die HIV gevangene sal egter gereeld vir behandeling na die hospitaal geneem moet word wat ontvlugtingsrisiko's sal verhoog.

### 6.9.2. DIE GEVANGENE EN STEMREG

Die ***South African Prisoners' Organisation for Human Rights*** **(SAPOHR)**, onder leiding van sy president, me-

neer "Golden" Miles Bhudu, het regstappe teen die ***Independent Electoral Commission* (IEC)** geneem ten einde die **IEC** te dwing om gevangenes in die 1999 verkiesing in te sluit. Aangesien die Hoër Hof nie in die guns van die **SAPOHR** uitspraak gelewer het nie, het die **SAPOHR** na die Konstitusionele Hof geappelleer. Op 1 April 1999 verleen die Konstitusionele Hof dan ook die reg om te stem aan gevangenes.

Die uitspraak van die hof is egter nie sonder meer aanvaar nie. Volgens Ramafoko (1999: 13) het belanghebbendes hul as volg oor die uitspraak uitgelaat:

- Meneer Thys de Beer (Official at Pretoria Local Prison): *"... I do not think that it is a wise decision to allow prisoners to vote. I am of the opinion that once a person is found guilty by the court of law, he must lose some of his rights and the right to vote must be one of those rights which he forfeits. When you allow a prisoner to vote, you give him the opportunity to give the deciding vote on issues that affect the public, such as the composition of the government of the day. So what is the purpose of imprisonment"*
- Meneer Mandla Mathibe (Publicity and Marketing: Head Office): *"Voting in any democratic country is an expensive venture. Having said that, I*

*don't think that it was wise of the Constitutional Court to have allowed prisoners to vote because of the IEC's limited funds. Besides, they are criminals"*

- Meneer Mandla Mkhonazi (Head of Medium Prison: Baviaanspoort): *"Yes, it is a good thing that they will vote because they also voted during our first democratic elections. Besides, allowing them to vote will make them feel that they are part of the society"*
- Meneer Nico Baloyi (Head of Maximum Prison: Pretoria): *"Well, I feel that prisoners are given more rights as compared to ordinary citizens. For instance, some members of the community will not be allowed to vote because they failed to meet the registration deadline. Prisoners on the other hand, will be allowed to register and vote, despite the fact that they have wronged society. It is on the basis of these factors that I feel that prisoners should not have been allowed to vote"*
- Meneer Phindile Ntoto (Deputy Director: Correctional Labour and Operations): *"No they should not have been allowed to vote because the minute the court finds them guilty, their rights become limited. For instance, they forfeit their con-*

> *jugal rights. So, why can't they also forfeit the right to vote".*

Uit bogenoemde kommentaar kan afgelei word dat dit die meerderheidsopinie is dat gevangenes nie toegelaat moet word om te stem nie. 'n Uitgebreide ondersoek oor die opinie van belanghebbendes sowel as die mening van Jan Publiek rakende nie slegs die stemreg van gevangenes nie maar die regte van gevangenes in die algemeen, behoort insiggewende resultate op te lewer.

## 6.10. SAMEVATTING

Enige gevangenisstelsel moet konformeer met die standaarde en vereistes van die **Grondwet**, Wet 108 van 1996, sowel as die **Standaard Minimum Reëls** (1984) vir die aanhouding van gevangenes. Voorwaardes en omstandighede wat respek vir hul menseregte verseker, moet voorwaardes insluit wat gevangenes van hul veiligheid en beskerming verseker (Cilliers et. al. 2001: 77). Hierdie voorwaardes raak nog belangriker wanneer groepe met spesiale behoeftes, soos byvoorbeeld die **super maksimum gevangene**, hanteer word.

Die menswaardige hantering van die gevangene beteken egter nie dat hy in die gevangenis gepamperlang moet word nie. Omstandighede binne die gevangenis behoort ook nooit beter te wees as daarbuite nie aangesien dit as motivering vir die verdere pleeg van misdade kan dien ten einde 'n beter gehalte lewe aan homself te verseker.

Buiten die gewone regte van gevangenes, waarop die **super maksimum gevangene** natuurlik ook geregtig is, is daar ook gelet op addisionele regte wat van tyd tot tyd aan gevangenes verleen word. In hierdie verband is aandag geskenk aan die verlening van stemreg aan gevangenes sowel as die posisie van die gevangene wat HIV-positief gediagnoseer is. Waar moontlik is kritiek oor die verlening van hierdie regte aangebied. Gevangenes behoort nooit bo die algemene publiek bevoordeel te word nie en beslis ook nie bo sy mede-gevangenes nie.

# HOOFSTUK 7

# EENHEIDSBESTUUR

## 7.1. INLEIDING

Wanneer die ou gevangenisstrukture gekritiseer word, word ook die bestuurstyle van die betrokke sisteem gekritiseer. Tradisionele gevangenisbestuur was opsig self nie 'n slegte idee nie aangesien dit 'n gerieflike stelsel was om bestuur volgens die norme en waardes van die gemeenskap toe te pas. Vir bykomende gemoedsrus het korrektiewe beamptes die verantwoordelikheid van die gevangene op hulself geneem. Aangesien beheer oor die gevangene en die beskerming van die gemeenskap die uitsluitlike doel was, het die hele sisteem op streng dissiplinêre beginsels en volgens 'n vasgestelde roetine gefunksioneer.

Luyt (1999: 38) is van mening dat tradisionele gevangenisbestuur bygedra het tot die hoë misdaadsyfer aangesien dit die gevangene in 'n afhanklike wese verander het wat nie weer in die samelewing kon aan-

pas nie. Langtermyn voorkoming van residivisme kan slegs behaal word wanneer gevangenes op 'n wyse hanteer word waar hulle verantwoordelikheid en selfdissipline kan aanleer. In die omgewing waar hy positiewe gedragspatrone moet aanleer moet daar egter 'n balans gehandhaaf word tussen sekuriteit, kontrole, dissipline, veiligheid, gesondheid en die behoeftes van die gemeenskap.

Zupan (1991: 73) argumenteer dat argitektuur en direkte supervisie die twee deurslaggewende faktore is by die suksesvolle implementering van 'n nuwe bestuursbenadering in gevangenisomgewings. Eenheidsbestuur is een van die moderne metodes van gevangenisbestuur wat aan beide die twee gestelde vereistes voldoen.

## 7.2. GEVANGENISBESTUUR

Voordat daar na 'n bespreking rakende eenheidsbestuur oorgegaan word, word die tradisionele vorme van gevangenisbestuur eers bespreek. Dit was tog juis as gevolg van die tekortkominge van die tradisionele stelsels dat 'n nuwe stelsel beslag kon vind.

### 7.2.1. DIE EIESOORTIGHEID VAN GEVANGENISBESTUUR

Die bestuur van 'n gevangenis toon heelwat ooreenkomste met die bestuur van ander organisasies. Weens die eiesoortige funksies en oogmerke van korrektiewe instansies verskil gevangenisbestuur egter in die volgende drie opsigte van die bestuur van ander organisasies:

- **winsmotief**

Volgens Cilliers (1998: 56) het gevangenisse nie 'n finansiële winsmotief as oogmerk nie, maar 'n eiesoortige winsmotief wat gegrond is op:

- die beskerming van die gemeenskap deur gevangesetting
- die rehabilitasie van die oortreder
- die suksesvolle herinskakeling van die oortreder by die gemeenskap.

Aangesien daar in die gevangenis met mense gewerk word, sal die besluitnemings- en beheerstrukture verskil van dié van instansies wat nie met mense werk nie (Duffee 1980: 17).

■ **verdeling van gesag**

Die gevangenis word gekenmerk deur 'n oordrewe gesagsmonopolie wat inhou dat gesag uitsluitlik by personeel berus en dat die samewerking en inskiklikheid van die gevangene afgedwing word. Gedurende die vroeë 1970's het daar wêreldwyd stemme opgegaan teen gedwonge gesag en eensydige besluitneming in gevangenisse. 'n Bestuurstrategie wat op onderhandeling, skikking en gesagsdeling met gevangenes geskoei was, is voorgestel. Die algemene beginsels van deelnemende bestuur kan egter nie sonder voorbehoud in gevangenisse toegepas word nie. So sal 'n gevangene se bydrae tot besluite wat die veiligheidsrisiko van die gevangenis beïnvloed beperk moet word (Neser 1993: 82). Veral in 'n maksimum gevangenis was daar nie sprake van deelnemende gesag nie.

■ **afwenteling van bestuursverantwoordelikhede**

Duffee (1980: 19) meld dat: *"Prisons differ significantly, if not uniquely, from other organizations because their personnel hierarchies are organized down to the lowest level for the administration of the daily activities of men.*

*The guard, who is the lowest-level worker in a prison, is also a manager".* By enige ander instansie word die werkers belas met die hantering van produkte en hul bestuursverantwoordelikhede word tot die minimum beperk. Die korrektiewe beampte se beheer oor gevangenes stel egter hoë bestuurseise aan hom (Neser 1993: 82). In 'n korrektiewe sin behels bestuur die hervorming en rehabilitasie van die oortreder (Cilliers 1998: 57). Waar 'n spesialisveld onderskei word soos in die geval van 'n **super maksimum eenheid** binne 'n maksimum gevangenis, sal nóg groter bestuurseise aan die korrektiewe beampte gestel word.

### 7.2.2. TRADISIONELE GEVANGENISBESTUUR

Archambeault & Archambeault (1982: 57) beskou die gevangenis as strafgesentreerde burokrasie. Max Weber (Smit 2000: 31) beskou die burokrasie as 'n sosiale sisteem wat daarop ingestel is om die ekonomiese aktiwiteite gedurende die begin van die Industriële Rewolusie te rig. Hy glo die burokratiese model is: *"... superior to any form of organization in precision, in stability, in the stringency of its discipline, and in its reliability. It thus makes possible a particularly high degree of calcula-*

*bility of results for the head of the organization, and for those acting in relation to it. It is finally superior both in intensive efficiency and in the scope of its operations, and is formally capable of application to all kinds of administrative tasks"* (Smit 2000: 31).

Alhoewel Weber nie die begrip burokrasie definieer nie, formuleer hy beginsels wat die rasionele inhoud van burokratiese organisasie sou uitmaak. Hierdie beginsels kan as volg saamgevat word (Archambeault & Archambeault 1982: 69-70; Cilliers 1998: 58; Neser 1993: 83):

- elke organisasie moet die regsbevoegdheid hê om areas van gesag vas te stel waarbinne personeel hul werk ooreenkomstig hul bevoegdhede moet uitvoer
- gesag moet volgens die hiërargiese struktuur van die organisasie verdeel word, ten einde beheer vanaf die hoogste na die laagste vlakke van funksionering te kan uitoefen
- ondergeskiktes moet deur skriftelike opdragte en vermanings bestuur word
- deeglike deskundige opleiding is 'n voorvereiste vir doeltreffende bestuur

- bestuur is 'n voltydse werk en moet verrig word deur persone wat hulle in hul volle hoedanigheid daaraan kan wy
- die organisasie moet bestuur word deur die nakoming van vaste reëls af te dwing en daar moet van nuwelinge verwag word om die reëls te bestudeer.

Weber se sisteem steun op die mag om deur reëls, rede en die wet, invloed in instellings uit te oefen. Hyself beskryf sy skepping as 'n sosiale masjien wat hoofsaaklik op die voorgrond getree het as 'n reaksie teen die wanpraktyke soos persoonlike onderwerping, nepotisme, onmenslikheid, emosionele wisselvalligheid en wispelturige uitsprake wat die ***Industriële Rewolusie*** vooraf gegaan het. Weber is van mening dat die mens se enigste hoop op oorlewing in so 'n tyd opgesluit lê in sy vermoë om te rasionaliseer, met ander woorde deur te redeneer en sy verstand en hande te gebruik. Sosiale rolle binne burokratiese verband het dus geïnstitusionaliseerd geraak en is versterk deur regsgeldige tradisie. Op hierdie gebied wou Weber aantoon hoe burokratiese instellings 'n rasionele oplossing vir moderne probleme sou bied. Verder wou hy bepaal in watter mate burokratiese instellings die perke van individuele besluitneming kon oorbrug

deur middel van onder andere arbeidsverdeling en spesialisasie (Smit 2000: 31).

Vyftien bestuursbeginsels wat op Weber se teorie gebaseer is word later deur die Fransman Henri Fayol geformuleer (Archambeault & Archambeault 1982: 70-80; Cilliers 1998: 59; Neser 1993: 83-84). Hierdie beginsels is die volgende:

- verbandhoudende take moet saam gegroepeer word ten einde spesialisasie te bevorder en hoër effektiwiteit te bewerkstellig
- elke lid van die organisasie moet oor voldoende gesag beskik om take behoorlik te kan uitvoer
- voorgeskrewe reëls is noodsaaklik vir eenvormige dissipline
- 'n ondergeskikte moet slegs aan een toesighouer verantwoording doen vir take aan hom gedelegeer
- elke toesighouer beheer slegs 'n beperkte aantal ondergeskiktes
- 'n instansie wat produksie georiënteerd is het minder vlakke van toesighouding as 'n instansie waar bestuur 'n belangrike rol speel
- personeelwerksaamhede moet gerig wees op die doel wat deur die instansie nagestreef word

- individuele belange van die personeel behoort nooit voorrang bo die belange van die instansie te geniet nie
- werknemers moet voldoende beloning en vergoeding vir hul dienste ontvang
- besluite wat die beleid van die instansie raak moet deur 'n sentrale gesag geneem word en langs gestandardiseerde kommunikasiekanale na die verskillende komponente oorgedra word
- orde moet ten opsigte van die prosedures, optrede en voorkoms van die personeel gehandhaaf word
- die lede van die instansie moet gelyke voordele kry en gelyke behandeling ontvang
- ten einde 'n instansie effektief te bedryf, moet genoeg personeel gewerf en in diens geneem word
- bestuur moet ondergeskiktes aanmoedig om hul eie inisiatief binne die reëls te gebruik
- die sukses van die instansie hang nou saam met die spangees wat onder werknemers heers.

Volgens Neser (1993: 86-87) gee burokrasie binne die gevangenis aanleiding tot stigmatisering, onmenslike optrede teenoor gevangenes en wanpraktyke tussen gevangenes en personeel. Weens streng toesighouding ten einde te verseker dat personeel die veiligheidsdoelwit bereik, kry beamptes dikwels die gevoel dat

hul handelinge onder 'n vergrootglas geplaas word. Personeel raak dan ook dikwels betrokke in aktiwiteite met gevangenes wat tot nadeel van die veiligheid en welvaart van die gevangenis strek.

### 7.2.3. MODERNE BESTUURSTENDENSE

Moderne bestuurstendense in gevangenisse het hoofsaaklik ontstaan uit bestuursbenaderings wat in die privaatsektor ontwikkel en later vir die owerheidsektor aangepas is. Volgens Neser (1993: 88) het die volgende bestuursbenaderings 'n direkte invloed op bestuurstendense in gevangenisse uitgeoefen:

- **wetenskaplike bestuur**

  Die eerste sisteem wat weggebreek het van 'n bestuursisteem wat uitsluitlik op burokratiese beginsels berus het, was die sisteem van wetenskaplike bestuur wat deur Frederick Taylor voorgestel is. Archambeault & Archambeault (1982: 81) sê dat "... *Taylor was one of the first to recognize that a relationship existed between a worker's physical structure and the physical structures of the worker's work environment*". Taylor bepleit ook die aanwending van personeel volgens hul ver-

moëns en aanleg ten einde spesialisasie te bevorder. Werknemers moes ooreenkomstig hul produktiwiteit vergoed word en toesighouding deur 'n groep deskundiges in plaas van 'n enkele bevelvoerder word voorgestel (Archambeault & Archambeault 1982: 80-81). Alhoewel Taylor se idees te radikaal was vir die 1900's, vind van sy idees vandag beslag in verskeie internasionale korrektiewe stelsels.

- **humanitêre burokrasie**

Hierdie bestuurtipe spruit voort uit die "ontdekking" van die mens in 'n organisasie. Mense (werknemers) word net so belangrik geag soos die doelstellings van die instansie. Werknemers moet lonende en bevredigende werk en werksomstandighede hê ten einde hul individuele vermoëns tot die volle potensiaal te kan ontwikkel. Die suiwer humanitêre benadering het egter probleme soos familiariteit en laksheid onder werknemers tot gevolg gehad. Derhalwe moes burokratiese beheer steeds toegepas word ten einde doeltreffende bestuur te verseker (Neser 1993: 88-89).

■ **die sisteemteorieë**

Die sisteemteorieë veronderstel dat elke instansie uit interafhanklike komponente bestaan wat gekoördineer en in 'n bepaalde rigting gestuur moet word ten einde die gestelde doelwitte te bereik. Die klem verskuif dus van blote gesag en beheer na doelwitbereiking (Neser 1993: 89). Drie sisteemteorieë het 'n invloed op bestuurstendense in die owerheidsektor uitgeoefen, naamlik:

- **POSDCORB**, wat saamgestel is uit die eerste letters van die volgende bestuursbegrippe, wat in Engels weergegee word as: *"planning, organizing, staffing, directing, coordinating, reporting* en *budgeting"* (Archambeault & Archambeault 1982: 83). Volgens verskeie skrywers (Arcahambeault & Archambeault 1982: 83-84; Cilliers 1998: 63; Neser 1993: 89) vorm die volgende vier elemente van **POSDCORB** deel van die opleidingsverantwoordelikhede van toesighouers:
  - werkers moet presies weet waar hulle in die organisasie inpas en wat die doel van hul taak is

- die manier waarop hulle hul taak moet verrig, moet aan werknemers getoon word sodat hulle presies kan weet hoe die taak uitgevoer moet word
- korrektiewe beamptes moet ingelig word oor die gevangenes en reëls waarmee hulle te doen gaan kry
- die omstandighede waarin hulle gaan werk moet aan die werkers verduidelik word sodat hulle die eise van die werksituasie kan begryp.

□ **PPBS** (Program, Beplanning en Begroting Sisteem) is uit **POSDCORB** ontwikkel om aan die eiesoortige behoeftes van die owerheidsektor te voldoen en onderskei vier komponente in die bestuursprogram, naamlik:

- ***Inset.*** Die oortreder word deur die howe vir aanhouding verwys
- ***Proses.*** Die obeservasie, klassifikasie, opleiding en behandeling van die oortreder tydens aanhouding
- ***Uitset.*** Die vrylating van die oortreder
- ***Terugvoer.*** Die bepaling van die sukses waarmee die oortreder in die gemeenskap teruggeplaas kan word (Archambeault &

Archambeault 1982: 84-86; Neser 1993: 89-90).

- **ZBB** (Zero-Basis Begroting) wat weer uit die **PPBS**-teorie ontwikkel het en in die volgende sewe stappe toepassing vind:
  - die belangrikste doelwitte en funksies van die instansie word geïdentifiseer en gekontroleer ten einde oorvleueling uit te skakel
  - die laagste vlak waarop die instansie kan funksioneer word vasgestel
  - 'n Zero-basis begroting, waarin slegs vir die noodsaaklikste dienste voorsiening gemaak word, word opgestel volgens die vasgestelde laagste vlak van funksionering
  - 'n reeks alternatiewe begrotings, gebaseer op verhoogde dienste, word saamgestel
  - hieruit word die mees koste-effektiewe begroting, wat in die instansie se belangrikste voorkeure voorsien, vasgestel
  - die begroting word vir oorweging voorgelê en die geleentheid word aan bestuursfunksionarisse gebied om dienste met verhoogde kostes binne hul afdelings, te verdedig

- bestuursfunksionarisse moet jaarliks hul begrotingsbehoeftes regverdig (Archambeault & Archambeault 1982: 87-89; Neser 1993: 90).

■ **die organisasie-ontwikkelingsteorieë**

Organisasie-ontwikkelingsteorieë vereis dat instansies rondom die prosesse van menslike interaksie gestruktureer moet word ten einde gestelde doelwitte te bereik. Binne die toepassingsgebied van die teorie moet die opleiding van personeel gerig wees op die kennis en vaardighede wat nodig is om die doelwitte van die instansie te bereik (Cilliers 1998: 64; Neser 1993: 91). Volgens Archambeault & Archambeault (1982: 91) was "doelgerigte bestuur" (*management by objectives*) die organisasie-ontwikkelingsteorie wat die grootste invloed op korrektiewe instansies uitgeoefen het. Doelgerigte bestuur berus op die volgende veronderstellings, aldus Neser (1993: 91-92):

- persone werk op hul beste wanneer hulle verstaan wat hulle doen, waarom hulle dit doen, wat hulle wil bereik, en watter resultate verwag kan word

- mense gebruik eie inisiatief en neem self besluite en beheer oor die werk wat aan hulle toevertrou word
- mense se betrokkenheid in hul werk verhoog en hulle vereenselwig hul met gestelde doelwitte wanneer hulle die geleentheid gegun word om deel te neem aan die vasstelling daarvan.

■ **eenheidsbestuur**

Gedurende die 1970's moes baie korrektiewe instansies hul bestuurstyle hersien. Op grond van vorige eksperimente het die ***US Federal Bureau of Prisons*** begin met die toepassing van die eenheidsbestuursbenadering. Sedertdien is die benadering deur verskeie state van Amerika asook deur die Kanadese, Nederlandse, Duitse en Sweedse **Korrektiewe Diens Departemente** ingestel (Neser 1993: 92).

In 1994 het die **Departement van Korrektiewe Dienste** dan ook hierdie nuwe beginsel in Suid-Afrikaanse gevangenisse ingevoer. Die benadering verdeel gevangenisse in kleiner en meer beheerbare eenhede. Die gevolg hiervan is dat beter kontrole oor gevangenes uitgeoefen kan word en

dat interaksie tussen gevangenes en personeel bevorder word. Eenheidsbestuur behels nie slegs die verbetering van die strukturele ontwerp nie, maar herstruktureer ook die bestuursaspek. Dit bevorder beslis 'n holistiese bestuursbenadering met noukeuriger toesig oor en kontak met die gevangene en behels kortliks die volgende:

- dat gevangenes se aktiwiteite op 'n meer effektiewe wyse waargeneem kan word. Derhalwe kan probleme betyds geïdentifiseer word
- die verbetering van gevangenes se betrokkenheid by hul eie ontwikkeling en die aanmoediging van 'n gevoel van verantwoordelikheid vir hul eie besluite
- die voorsiening van behoeftegerigte programme en intervensies ten einde aan die unieke behoeftes van elke individuele gevangene te voldoen
- om institutionele aanpassings as doelstellings te bepaal, beroepsvaardighede te bekom en meganismes aan die werk te sit ten einde die oortreder weer suksesvol by die gemeenskap te laat inskakel (Cilliers, Marais, Ovens & Van Vuuren 2001: 154-155).

Aangesien die verskillende aspekte van eenheidsbestuur in die res van die hoofstuk volledig bespreek word, word hier volstaan met Johnson (Levinson 1998: 8) se beskouing van gevangenisse waar eenheidsbestuur reeds geïmplementeer is: *"Prisons that use a unit management system are considerably better organized than other prisons... As a general matter, prisons run on a functional unit model are safer, more humane, and more readily adapted to correctional programing than are traditional, undifferentiated prisons. Functional unit management offers a flexible approach to the classification and management of different groups. With a functional unit management structure in place, special-risk or special-needs inmates can be readily offered a coherent routine that at once addresses their situation and also integrate them, in varying degrees, into the life of the larger prison".*

Uit Johnson se beskouing blyk dit duidelik dat eenheidsbestuur veral geskik is vir gebruik in **super maksimum gevangenisse** aangesien dit as spesiale eenheid vir risiko gevalle beskou kan word.

## 7.3. DIE TIEN GEBOOIE VAN EENHEIDSBESTUUR

Die besluit om eenheidsbestuur te implementeer sal uitsluitlik deur die uitvoerende bestuurders van 'n korrektiewe instelling geneem word. Aangesien eenheidsbestuur 'n buigbare stelsel is, is dit belangrik dat elke inrigting en sy doelstellings behoorlik onder die loep geneem word voordat eenheidsbestuur geïmplementeer word. Implementering vereis beplanning en moeite en dit is belangrik dat die betrokke personeel by die inrigting ook die geleentheid gebied word om insette vir die nuwe beleid te lewer. Roy E Gerard (1991: 32-36) stel die volgende vereistes, wat hy die tien gebooie vir eenheidsbestuur noem, vir die organisering en implementering van eenheidsbestuur:

1. *Unit management must be understood by and have the support of the top level administration*
2. *Unit management requires three sets of written guidelines:*
   - *a policy statement issued by the central office*
   - *an institutional procedures manual*
   - *a unit plan for each unit*
3. *In the Table of Organization, Unit Managers are at department-head level, giving them responsibility for both staff and inmates assigned to*

*their unit; and the table shows them and the head of security reporting to the same supervisor*

4. *Each unit's population size is based on its mission*

   - *General unit: 150 - 250 inmates*
   - *Special unit: 75 - 125 inmates*

5. *Inmates and unit staff should be permanently assigned to the unit, correctional officers should be stationed for a minimum of nine months*
6. *Staffing should consist of:*

| **Position** | **General Unit** | **Special unit** |
|---|---|---|
| *Unit manager* | *1* | *1* |
| *Case manager* | *2* | *2* |
| *Correctional counselor* | *2* | *2* |
| *Secratary* | *1* | *1* |
| *Mental health staff* | ½ | *1* |
| *Part-time staff* | * | * |

7. *In addition to correctional officer coverage, unit staff should provide 12 hour supervision Monday through Friday and eight hours on each weekend day*
8. *Staff officers should be located on the unit or as near to it as possible*
9. *Unit personnel should receive initial and ongoing formal training concerning their roles and responsibilities*

*10. Unit management audits conducted by knowledgeable central or regional office staff should occur on a regular scheduled basis at least once a year.*

Die sukses wat met eenheidsbestuur behaal sal word word gemeet aan die toepassing van die vereistes van die tien gebooie. Waar elke aspek toegepas word sal daar derhalwe groter sukses behaal word. Die nakoming van die vereistes het die realisering van die twee hoofdoelstellings van eenheidsbestuur tot gevolg, naamlik:

- om 'n veilige en menslike omgewing vir beide gevangenes en personeel te skep ten einde die depriverende omstandighede wat opsluiting meebring, te minimaliseer
- om 'n verskeidenheid sosiaal-, opvoedkundige- en opleidingsprogramme toe te pas ten einde die oortreder se herinskakeling by die gemeenskap te vergemaklik (Levinson 1998: 10).

## 7.4. EENHEIDSBESTUUR EN DOELWITBEREIKING

'n Eenheid wat bepaalde doelstellings het en beplan hoe om die doelstellings te laat realiseer sal sukses behaal. Waar doelwitstelling in die verlede slegs tuisgehoort het op senior bestuursvlak, is dit met

die koms van eenheidsbestuur nie meer die geval nie (Cilliers 1998: 97).

Die stel van korttermyn doelwitte stimuleer die hede terwyl langtermyn doelwitte op die toekoms ingestel is. Derhalwe is dit belangrik dat die lewe en die menswees van die gevangene binne eenheidsverband ontleed word vir die hier en nou sowel as die dae wat nog moet volg. Korttermyn doelwitte is nie altyd ooglopend nie, maar belangrik wanneer dit gemeet word teen langtermyn resultate. Aangesien die stel van onmiddelike doelwitte binne eenheidsverband van deurslaggewende belang is moet dit nie teoreties vaag verwoord wees nie maar realisties en prakties uitvoerbaar.

Volgens Cilliers (1998: 98) hou doelwitstelling binne die eenheid die volgende voordele in:

- dit sal deeglik bewys wat in die eenheid vermag is
- 'n meganisme waarmee bepaal word op watter wyse doelwitte bereik moet word, word geskep
- dit bied die geleentheid om sukses te meet
- dit help om verandering te bestuur
- ruimte vir kreatiwiteit word geskep

- dit baan die weg vir die sinvolle oplos van probleme
- onsekerhede en misverstande word verminder.

In 'n eenheidsbestuurstelsel is elke lid van die eenheid 'n bestuurder. Derhalwe is dit belangrik dat elke individu eerstens sy eie doelwitte bepaal en daarna gesamentlik met die ander lede van die eenheid aandag skenk aan die doelwitte van die eenheid. Die mikpunt van elke eenheid en individu moet wees om eksklusief te wees. Dit beteken dat die beleid, programme, norme en standaarde ontwerp moet word vir 'n eenheid binne die breë raamwerk van nasionale en provinsiale beleid (Cilliers 1998: 104).

## 7.5. KORREKTIEWE PERSONEEL EN GESAG BINNE EENHEIDSVERBAND

Levinson (1998: 13) is van mening dat dit noodsaaklik is om goed toegeruste personeellede te hê. Vir elke individuele posisie wat beklee kan word moet 'n personeellid eers voldoende opleiding ondergaan. Benewens die feit dat hy aan die vereistes wat deur sy pos gestel word moet voldoen, moet hy ook die vereistes van eenheidsbestuur verstaan en bereid wees om hom daartoe te verbind.

### 7.5.1. PERSONEELSTABILITEIT EN -NORMALISERING

Een van die hoekstene van korrektiewe bestuur is die stabilisering en normalisering van die personeel. Ordelike beheer word voortdurend toegepas wat die verhouding tussen personeellid en gevangene versterk. 'n Beleid waar personeel nie op 'n gereelde grondslag wissel nie word voorgestaan. Volgens Cilliers (1998: 73) skep so 'n beleid:

- groter kontinuïteit ten opsigte van alle aspekte wat oortrederhantering reël
- beter kennis van die korrektiewe kliënt ofte wel die gevangene
- die geleentheid om die gedrag van die gevangene te voorspel en deur die voorspelling te kan beheer
- konsekwente optrede deur personeel
- die geleentheid om die ervaringsveld van korrektiewe beamptes te verhoog deur middel van 'n stabiele omgewing
- 'n veiliger werksomgewing.

Bogenoemde aspekte kan gesien word as die basis waarop dissipline berus. Dissipline lê weer die grondslag vir korrektiewe beheer. Indien dissipline onduidelik omskryf is, nie streng toegepas word nie en

nie konsekwent is nie, sal beheer binne 'n eenheid ontbreek. Positiewe korrektiewe beheer het personeelstabiliteit tot gevolg. Dit gee aan die korrektiewe beampte die geleentheid om te voel dat hy iewers hoort, iets vir 'n individu beteken of dat hy 'n verskil maak aan die stelsel of 'n ander mens se lewe. Die resultaat hiervan is dat:

- 'n eenheidsgevoel onder personeellede gekweek word aangesien daar 'n gemeenskaplike doelwit nagestreef word
- personeellede intensiewe navorsing doen oor elke individuele geval in sy eenheid. Dit geld vir sowel sekuriteis- as programontwikkelingsdoeleindes
- 'n effektiewe en positiewe stelsel van dissipline word gehandhaaf en ontwikkel ten einde maksimum kontrole te kan behaal
- besluitneming vinnig, beslis en verantwoordelik geskied
- 'n meganisme geskep word om ongelukkigheid, spanning, weersin en insidente te voorspel en dit te beheer.

Bogenoemde resultate is slegs haalbaar indien die personeel se lojaliteit onbeperk is. Deur die hou van gereelde vergaderings waar elke lid met vrymoe-

digheid aan die besprekings kan deelneem, kan probleme vroegtydig geïdentifiseer en opgelos word (Sien ook 7.5.3. in hierdie verband). Die korrektiewe beampte moet die leefwêreld van die gevangene manipuleer ten einde totale beheer te kan neem (Cilliers 1998: 73-75).

### 7.5.2. SPANBESTUUR BINNE DIE EENHEID

Eenheidsbestuur is gegrond op die beginsel dat 'n eenheid in spanverband sal saamwerk. Die volgende eienskappe onderskei eenheidsbestuur van ander bestuursvorme:

- Eenheidsbestuur behels die desentralisasie van bestuur binne eenheidsverband. Dit beteken dat gesag gedelegeer word vanaf eenheidsbestuurders na spanleiers en vanaf spanleiers na lede. Derhalwe word groter kommunikasie tussen alle personeellede teweeg gebring. Elke lid word dus die geleentheid gebied om insette te lewer tot voordeel van ordelike bestuur, gesonde sekuriteit en programontwikkeling
- Beter kommunikasie bied aan die korrektiewe beampte die geleentheid om sy omgewing en kollegas beter te leer ken en die gevangene beter te ver-

staan. Dit dra daartoe by dat 'n veilige omgewing geskep word

- 'n Meer intensiewe benadering ten opsigte van probleemoplossing word gevolg. Hierdie benadering is nie slegs van toepassing op personeel wat daagliks in direkte kontak met gevangenes is nie, maar ook op die sekuriteits- en administratiewe personeel.

Dit is belangrik dat die onderlinge spanlede mekaar in spanverband aanvul en nie met mekaar kompeteer nie. Alle lede moet saamwerk tot die gemeenskaplik geformuleerde doelwit van die inrigting, naamlik die ordelike, veilige en humanitêre bewaking van die oortreder (Cilliers 1998: 77-78).

### 7.5.3. KOMMUNIKASIE BINNE DIE EENHEID

Suksesvolle eenheidsbestuur berus op goeie kommunikasie tussen personeellede. Een van die belangrikste kommunikasiemiddele binne 'n stelsel van eenheidsbestuur is die hou van vergaderings op 'n gereelde grondslag.

Die volgende tipes vergaderings word deur Cilliers (1998: 80) geïdentifiseer:

- **Inligtingsvergaderings** waarvan die doel is om nuwe inligting oor te dra of bestaande inligting op te helder. Binne eenheidsverband sal die eenheidsbestuurder die inligting aan die lede van die eenheid oordra
- **Besprekingsvergaderings** waarvan die doel is om eensgesindheid te verkry deur middel van inligting, nuwe idees, voorstelle en opinies, onder al die lede teenwoordig. Hierdie tipe vergadering kan in drie kategorieë verdeel word:
  - **gestruktureerde besprekings** wat plaasvind wanneer 'n gevolgtrekking, oplossing of beleid reeds gevestig is maar die inligting moet nog aan die lede oorgedra word
  - **probleem-oplossingsbesprekings** waar 'n probleem reeds geïdentifiseer is maar 'n oplossing moet nog deur die groep of eenheid beredeneer word
  - **ondersoekende besprekings** wat die geleentheid bied om inligting te bekom rakende 'n onderwerp van 'n latere bespreking.

### 7.5.4. GESAG BINNE EENHEIDSVERBAND

Eenheidsbestuur word as die suiwerste vorm van korrektiewe delegasie gesien. Delegasie beteken letter-

lik die oordra van gesag aan 'n ondergeskikte persoon of instansie. 'n Oop benadering van bestuur wat gegrond is op deurlopende kommunikasie word gevolg. Om werklik sinvol te opereer, is eenheidsbestuur gegrond op die konsensusmodel wat direkte beheer vergemaklik. Besluite word geneem teen die agtergrond van plaaslike kennis en nie algemene inligting wat vanaf hoofkantoor deurgegee word nie.

Gedesentraliseerde gesag kan egter ook bepaalde gevare inhou. Indien gevangenisowerhede sien dat gesag misbruik word of dat personeellede buite hul magte optree, word die eenheidsbestuurskonsep bedreig. Die beginsel en balans daarvan berus op verantwoordelike groepsbesluitneming. Die verantwoordelikheid van dié besluitneming berus daarop dat dit verantwoord moet word na die hoër gesag, mede-personeellede en selfs gevangenes. Dit hang net af van die hoeveelheid gesag wat die gevangenishoof bereid is om te delegeer.

Binne eenheidsverband word die volgende ses eienskappe van gesag geïdentifiseer (Cilliers 1998: 88-89):

- **Delegasie** vanaf die gevangenishoof na die eenheidsbestuur na die personeel. Dit behels die volgende:

- dissiplinêre gesag
- die hou van eenheidsverhore
- die uitreik van waarskuwings
- ontwikkeling van nuwe idees en programme
- beheer oor die toesê van akkommodasie binne die gevangenis
- besluitneming oor voorregte en vergunnings
- die ontwerp en ontwikkeling van eenheidsaktiwiteite en die vasstel van roetines
- die opstel van eenheidsreëls en regulasies

■ **Bestuur van programme** wat behels dat eenheidsbestuur daarvoor voorsiening maak dat eenhede programme vir elke individu kan voorberei en kan ontwikkel. Deur hierdie stelsel word individue se gedrag voortdurend gemonitor

■ Die **buigsaamheid** van eenheidsbestuur waar die fokus op eie voordeel, inisiatief en kreatiwiteit binne die gestelde magte en perke berus. Deur middel van buigsaamheid word krisisbestuur tot 'n minimum beperk

■ **Kreatiwiteit** aan lede verbonde aan eenhede, sowel in spanverband as op persoonlike vlak. Solank dit binne die raamwerk van die hanteringsdoel-

witte van die inrigting is, kan dit aanleiding gee tot die skep of ontwikkeling van nuwe hanteringsprogramme en prosedures

- **Eenheidsdoelwitnastrewing** geskied deur middel van goeie kommunikasie en interaksie wat weer aanleiding gee tot personeelstabiliteit. Die aard van eenheidsbestuur dra daartoe by dat gemeenskaplike doelwitte nagestreef word

- 'n **Verwysingsraamwerk** wat die korrektiewe beampte moet inlig oor sy doel en missie binne die eenheid.

## 7.6. EENHEIDSBESTUUR EN SEKURITEIT

Vir die navorsingsonderwerp is die rol wat sekuriteit speel seker die belangrikste aspek van eenheidsbestuur wat aandag geniet. Die idee was tog altyd dat gevangenisse soos forte daar moes uitsien, des te meer nog 'n **super maksimum gevangenis** waar moeilik hanteerbare oortreders gehuisves word. Dit is dan ook wel hoe die **super maksimum gevangenis** van buite daar uitsien. Maar met die toepassing van eenheidsbestuur daabinne, verander die rol en toepassing van sekuriteit totaal. Binne die eenheidsbestuurinrig-

ting waar die **super maksimum gevangene** hanteer word, speel sekuriteit slegs 'n ondersteunende rol gegrond op konstruktiewe en aktiewe interaksie tussen die gevangenes en personeel.

**7.6.1. SEKURITEIT BINNE EENHEIDSVERBAND**

Gevangenisse wat op die eenheidsbestuursgrondslag funksioneer, kan slegs suksesvol wees indien die sekuriteitstelsel ten volle suksesvol is. Indien daar 'n verskil bestaan tussen die tradisionele hanteringswyse van gevangenes in 'n gevangenis en dié gevangenisse waar eenheidsbestuur toegepas word, sal dit lê op sekuriteitsvlak. In die tradisionele gevangenis is sekuriteit 'n losstaande komponent maar by eenheidsbestuur vorm dit 'n integrale deel van funksionering. Dit beteken egter nie dat sekuriteit nie 'n belangrike komponent is nie. Die oogmerk van elke gevangenis is tog om die sekuriteit en veiligheid van elke personeellid, gevangene en besoeker te waarborg.

Eenheidsbestuur benader sekuriteit egter vanuit die oogpunt dat dit 'n belangrike rol in die bestuursmasjinerie speel maar slegs 'n ondersteunende rol in die hanteringsproses speel. Elke personeellid moet

eenheidsbestuur verstaan en aanwend en sekuriteit as onderbou in operasionalisering inwerk. Ten einde hieraan te voldoen moet die personeellid daartoe streef dat die sekuriteitstelsel:

- nuwe eise en tendense kan hanteer
- relevant bly deur voordurende belangstelling daarin te toon
- gebou word op konstruktiewe en aktiewe kommunikasie.

Indien daar nie aan die bogenoemde vereistes voldoen word nie kan gevangenes die gevoel kry dat hul leefwêreld onveilig is en sal dan:

- aggressief optree om te toon dat hul deur middel van geweld hul veiligheid sal beskerm
- aansluit by spesifieke kraggroepe wat daarvoor bekend is dat hul nie sal huiwer om op te tree nie
- betrokke raak in gewelddadige of selfs afbrekende groepe
- betrokke raak in 'n smokkelnetwerk om hulle veiligheid te koop
- gebruik maak van allerlei wapens ten einde hulself te beskerm.

## 7.6.2. DIE FUNKSIONERING VAN EENHEIDSEKURITEIT

Praktyk toon dat eenheidsekuriteit nie sal slaag indien die sekuriteitstelsel nie tred hou met moderne sekuriteitsontwikkeling nie. 'n Sekuriteitstelsel kan slegs suksesvol wees indien elke funksionaris ten volle ingelig is oor die funksionering van die hele gevangenis en ook die gevangenisbevolking redelik ken en verstaan. Inligting kan slegs verstrek word deur goeie gevangene-lid-verhoudings, aktiewe personeel deelname en positiewe dissiplinêre stelsels. In gevalle waar gevangenes self deurlopend betrokke raak by sekuriteitsaangeleenthede, strek dit tot voordeel van hulself, personeel en ook medegevangenes.

Goeie en sinvolle sekuriteit op 'n deurlopende basis lê die grondslag waarbinne programme ontwikkel en in stand gehou sal word. Sekuriteit hang nie net af van sleutels, slotte en tralies nie, maar ook van die heersende positiewe gevoel wat by 'n gevangenis aangewakker moet word. Volgens Cilliers (1998: 143) kan die volgende elemente aanleiding gee tot goeie eenheidsekuriteit:

- handige, wakker en betroubare korrektiewe beamptes
- goeie en gebalanseerde gevangene-lid verhoudings

- goeie terugvoer van personeel en rapportering van probleme
- gelykberegtiging en afdwinging van reëls en regulasies
- skoon en higiëniese leefomstandighede
- verbruikersvriendelike besoekerslokale en ruim geleentheid om besoekers te ontvang
- goeie en gesonde kos
- goeie en deurlopend beskikbare mediese sorg en dienste
- konstruktiewe werksgeleenthede
- voldoende ontspanningsfasiliteite
- vindingryke gevangenisprogramme wat aan die gevangene die geleentheid tot selfbekwaming bied
- 'n goed beplande en ontwikkelde griewestelsel.

Waar personeel voortdurend met mekaar kommunikeer word personeelverhoudinge suiwer gehou. Waar personeel egter voortdurend met gevangenes kommunikeer word veiligheid en sekuriteit gehandhaaf (Cilliers 1998: 144).

## 7.7. DIE ROL VAN PROGRAMME BINNE EENHEIDSBESTUUR

Dit is die taak van die korrektiewe beampte om die lewe van die gevangene te orden. Ten einde die orde te herstel word bepaalde hulpmiddele, in die vorm van programme, ontwerp. Programme is die uitsluitlike meganisme wat 'n rol in die gevangene se inskakeling in die korrektiewe wêreld en later sy suksesvolle herinskakeling by die gemeenskap, speel. Ten einde programme te laat slaag, moet elke lid van die eenheid ten volle vertroud wees met die inhoud van elke program (Cilliers 1998: 162-162).

Die produktiwiteit van eenhede hang ten nouste saam met die funksionering van die stelsel. In 'n tipiese eenheidstelsel word 'n gevangene deur die volgende stappe geneem, aldus Cilliers (1998: 163-167):

- **opname en assessering**

  Tydens die assesseringsfase word 'n individuele bestuursplan vir elke gevangene ontwerp. Hierdie stelsel verwys na die sogenaamde **IMP** *(individual management plan)* waartydens:

  - die gevangene geëvalueer word

- die gevangene se persoonlike agtergrond bestudeer word
- die familie-omstandighede van die gevangene ontleed word
- die gevangene se behoeftes, sosiale afhanklikheid en groepverhoudinge ondersoek word
- besluit word in watter eenheid die gevangene geplaas gaan word.

■ **individuele bestuursbeplanning**

Na die eerste paar weke word 'n individuele bestuursplan deur die personeel en gevangene saamgestel. Hierin word 'n volledige bestuursplan saamgestel wat die gevangene se doelstellings en verwagtinge uiteensit. Dit kan beskou word as 'n meesterbehandelingsprogram aangesien dit slegs vir 'n spesifieke gevangene ontwerp word. Die plan moet die volgende inligting rakende die gevangene insluit:

- werksverdeling binne die gevangenis
- opleiding en opvoedkundige program wat deurloop moet word
- persoonlike ontwikkelingsprogramme
- voorbereidingstrategieë vir sy vrylating.

- **hersiening en assessering (klassifikasie)**

Die monitering van die individuele bestuursprogram is van deurslaggewende belang. Ten einde hieraan gehoor te gee moet spanlede gedurig onderrig word in die nuutste tendense van onderrighantering en programaanbieding. Die lede van die eenheid vorm die sentrale struktuur binne die bestuur van die eenheid. Derhalwe sal lede die verantwoordelike persone in die herevaluerings- en klassifikasieproses van oortreders wees.

- **ontspanning**

Seker die beste voorbeeld van eenheidsbestuur is die funksionering daarvan rondom sport en ontspanning. Tradisioneel het sportbeamptes of korrektiewe beamptes wat aan die ontspanningseenheid toegesê is, die funksie verrig. Binne eenheidsverband is die eenheidspanlid egter die verantwoordelike lid vir sport en ontspanning. Dit kan soms gebeur dat die lede saam met die gevangenes aan aktiwiteite deelneem. 'n Voordeel hiervan is dat die eenheidslid gedurig tussen die gevangenes beweeg wat positiewe rehabilitasie uitsette genereer. Uit 'n negatiewe oogpunt beskou bestaan

die moontlikheid dat lede te familiêr kan raak met oortreders. In so 'n geval sal dit ook negatiewe gevolge vir rehabilitasie-moontlikhede teweegbring. Dit is dus belangrik dat daar voortdurend 'n balans gehandhaaf word.

■ **opvoeding en opleiding**

Die deursnee gevangene se skolastiese prestasies is laag of bestaan glad nie. Die staat het nie slegs 'n regsplig om die oortreder te skool nie maar ook 'n morele plig. Deur middel van eenheidsbestuur word hierdie verantwoordelikheid na die eenheidslid afgewentel. Alhoewel die graad van hulp van geval tot geval sal wissel, sal die eenheidsbeampte altyd in staat wees om aan die basiese hulp ten opsigte van onderwys- en opleidingsbehoeftes te voldoen.

■ **industrie**

Dit is aanvaarde internasionale korrektiewe beleid dat gevangenisse gevangenes in industriële werksomstandighede kan aanwend of selfs voltydse skoling aan hulle kan verskaf. Van eenheidsbeamptes word verwag om voortdurend geleenthede

te skep vir gevangenes waartydens hulle hulself verder kan bekwaam. Die korrektiewe beampte moet ook voortdurend met die industrie in kontak wees sodat uitplasing van gevangenes na hul tydperk van gevangesetting, bloot net 'n verandering van kantoor sal wees.

- persoonlike ontwikkelingsprogramme
- maatskaplike hulpdienste en berading

## 7.8. EVALUERING VAN EENHEIDSBESTUUR

- **voordele van eenheidsbestuur**

Volgens Luyt (1999: 35) hou 'n stelsel van eenheidsbestuur die volgende voordele in:

- personeel word aangemoedig om soveel verantwoordelikheid te aanvaar as waarvoor hulle kans sien. Die gevolg hiervan is 'n toegewyde personeelkorps
- die multi-dissiplinêre aard van eenheidsbestuur bevorder kommunikasie tussen personeel en gevangenes asook tussen bestuur en ondergeskiktes
- gereelde kontak tussen personeel en gevangenes word deur die stelsel bevorder en dit bring 'n

beter verstandhouding tussen die twee groepe teweeg. Houston (1995: 260) is van mening dat die beter verhouding tussen die twee groepe die volgende positiewe resultate lewer:

- *better communication and understanding between individuals*
- *more individualised classification and programme planning*
- *more valuable programme reviews and programme adjustments*
- *better observation of inmates, enabling early detection of problems before they reach critical proportions*
- *development of common goals that encourage positive unit cohesiveness*
- *a more positive working and living environment for personnel and inmates*

- besluite word vinnig geneem en kwaliteit verhoog aangesien die besluite deur eenheidspersoneel geneem word wat in noue kontak met die gevangenes staan
- uit 'n sekuriteitsoogpunt, maak eenheidsbestuur voorsiening vir die beter toepassing van sekuriteit en programme. Daar word meer gesteun op dinamiese sekuriteit, deur gebruik te maak van die professionele en interpersoonlike

bekwaamheid van die bewakingspersoneel. Dit het 'n afname in konflik en aggressiwiteit tot gevolg en beklemtoon 'n veiliger omgewing vir sowel personeel as oortreders

- seker die grootste voordeel van eenheidsbestuur is die aanpasbaarheid en buigsaamheid van die stelsel. Eenheidsbestuur kan binne die eenhede van 'n gewone gevangenis toepassing vind maar ook in 'n losstaande eenheid vir moeilik hanteerbare gevangenes binne 'n gewone gevangenis.

As gevolg van die buigsaamheid en sekuriteit van die stelsel is hierdie vorm van bestuur by uitstek geskik vir gebruik in **super maksimum gevangenisse.**

- **nadele van eenheidsbestuur**

Houston (1995: 260) identifiseer die volgende nadele by die stelsel:

- **koste verbonde aan eenheidsbestuur:** Die implementering en instandhouding van eenheidsbestuur in 'n inrigting is veel duurder as dié van 'n tradisionele bestuursvorm

- **beskikbaarheid van tyd en hulpbronne:** Dit neem lank om uitgebreide beplanning en die ontwikkeling van 'n nuwe stelsel te doen. Gewoonlik moet nuwe geboue opgerig of ou geboue opgeknap word, fondse moet toegeken word en geskikte personeel moet gekies en opgelei word
- **omverwerping van die hiërargie:** Gevangenisse het bekend geraak as burokratiese instellings. Menige bestuurder en toesighouer is steeds nie daarvoor te vinde dat hul huidige rang of posisie verander nie en beskou eenheidsbestuur as 'n bedreiging vir hul pos.

## 7.9. SAMEVATTING

Elke organisasie beskik oor 'n eie bestuursbenadering wat rigting moet gee aan en die gronslag lê vir daaglikse gedrag binne die organisasie (Bruyns 1999: 28). 'n Gevangenis en gevangenisomgewing is uniek aangesien dit 'n situasie is wat verwyderd staan van die normale daaglikse lewe. Derhalwe sal bestuursbeginsels wat in die alledaagse lewe toegepas word aangepas moet word om by die doelstellings deur 'n gevangenis gestel, dieselfde effektiwiteit te toon. Waar die klem ten tyde van tradisionele bestuur op die

veiligheidsaspek geplaas is, word 'n benadering wat op behandeling en rehabilitasie berus, tans voorgestaan.

As gevolg van die buigsaamheid en goeie toepassing van sekuriteit is die stelsel van eenheidsbestuur uiters geskik vir gebruik in **super maksimum gevangenisse.**

# HOOFSTUK 8

# PENOLOGIESE BESKOUING

## 8.1. INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om wetenskaplike beskrywings en gepaardgaande gevolgtrekkings en aanbevelings te maak teen die agtergrond van die literatuurstudie wat *supra* aandag geniet het.

Die Suid-Afrikaanse regsplegingstelsel is toenemend onder druk om beter te funksioneer, maar vanaf die kant van die gemeenskap word weinig gedoen om die las te help dra. Veranderinge in die sosio-politiese gemeenskapstruktuur het moontlik 'n bydrae gelewer tot die oplewing in geweldsmisdaad. 'n Nuwe regering het weer 'n nuwe befondsingsbeleid geïmplementeer wat tot gevolg gehad het dat minder fondse vir die regsplegingstelsel beskikbaar gestel is. Die toename in misdaad en veral geweldsmisdade het bygedra tot negatiwiteit binne die gemeenskap en 'n vyandige gesindheid teenoor oortreders. Hierdie gesindheid word

versterk deur die onkunde van die publiek rakende die verskillende strafvorme.

Aanbevelings in hierdie hoofstuk gemaak, sal op die deterministiese benadering berus. Volgens Van Der Westhuizen (1982: 180) beteken dit dat van die standpunt uitgegaan word dat die wêreld ordelik is en ordelik gemaak kan word deur menslike ingryping. Verder impliseer dit dat die heelal se verloop nie wetteloos is nie, maar dat elke gevolg 'n oorsaak het (Luyt 1996: 185).

## 8.2. AANBEVELINGS

Die aankweek van bepaalde waardes by die gevangene met die vertroue dat hy dit na vrylating sal behou is baie belangrik. Dit kom neer op 'n persoon se aanvaarding van gesag deur die ontwikkeling van selfbeheersing, selfrespek, selfaanvaarding en selfvertroue. Sukses op hierdie gebied sal waarskynlik ook die kanse op sukses van elke ander faset van die gevangenisstelsel kan verhoog. Met hierdie uitgangspunt in gedagte maak die navorser die volgende aanbevelings ten opsigte van **super maksimum gevangenisse**.

**AANBEVELING 1:**

**'N BEHANDELINGSBELEID VIR SUPER MAKSIMUM GEVANGENISSE TER NASTREWING VAN DIE BEHANDELINGSIDEAAL.**

Naas die veilige bewaking van gevangenes is die toepassing van behandeling die belangrikste funksie van gevangenisowerhede. Om hierdie rede word hervorming dan ook as belangrike strafoogmerk beskou. Aangesien die **super maksimum gevangene** voortdurend in sy sel aanwesig is en gewoonlik vir 'n lang tydperk in die gevangenis moet deurbring, leen hy hom goed tot hierdie oogmerk van straf. Soveel moontlik hervormingsprogramme behoort op die **super maksimum gevangene** toegepas te word ten einde 'n goeie gedragspatroon by hom aan te kweek en hom so spoedig as moontlik na 'n ander gevangenis oor te plaas. Die oorplasing na 'n gewone gevangenis kan dien as aansporing tot verbeterde gedrag en tweedens werk dit koste effektiwiteit in die hand aangesien dit duurder is om 'n persoon in 'n **super maksimum gevangenis** aan te hou as 'n gewone gevangenis.

Hiermee saam word ook 'n unieke herinskakelingsprogram vir sy terugkeer na die gemeenskap, aanbeveel. Alleen-opsluiting vir 'n lang termyn kan tot gevolg hê dat die **super maksimum gevangene** nie

meer sal weet hoe om homself in die wêreld buite die gevangenis te handhaaf nie. Nie alleen moet hy voorberei word op herinskakeling by die gemeenskap nie maar hy moet ook goed toegerus word vir die arbeidsmark.

Belangrik is dat die behandelingsideaal vir elke individuele gevangene in die **super maksimum gevangenis** nagetreef word. Verder moet die nastrewing van die behandelingsideaal ook die missie van elke personeellid wees.

**AANBEVELING 2:**

**'N BELEID VAN EENHEIDSBESTUUR VIR DIE BESTUUR VAN DIE SUPER MAKSIMUM GEVANGENIS**

Aangesien **super maksimum gevangenisse** gewoonlik gekenmerk word deur fisies waarneembare vorme van sekuriteit, lyk dit soos die gevangenisse wat uit vervloë dae dateer. Die ontwerp maak dit so maklik om terug te beweeg op die spoor van tradisionele bestuurstendense. Daar behoort egter voortdurend na 'n moderne benadering gestreef te word en derhalwe is dit dringend noodsaaklik dat veral die bestuurstyl in die gevangenis tred hou met moderne tendense. Eenheidsbestuur word beslis aanbeveel want soos gesien

in Hoofstuk 7 leen hierdie vorm van bestuur hom vir veranderinge. Die aanpasbaarheid van 'n eenheidsbestuurstelsel maak hom dus ook uiters geskik vir aanwending in 'n **super maksimum gevangenis**. Hierby aansluitend is dit egter ook belangrik dat die gebou so opgerig is dat die maksimum voordeel uit 'n stelsel van eenheidsbestuur getrek kan word.

**AANBEVELING 3:**

**'N BELEID WAT BOTSENDE BELANGE SAL VOORKOM**

Alhoewel 'n gevangene geregtig is daarop om menswaardig behandel te word moet daar nooit uit die oog verloor word dat hul in die gevangenis is om straf teenoor die gemeenskap uit te dien vir 'n onverantwoordelike optrede nie. Gevangesetting beteken onder andere dat die gevangene sekere dinge moet ontbeer, soos byvoorbeeld sy vryheid. Hul posisie binne die gevangenis behoort nooit beter te wees as die individu se posisie, in vergelykbare omstandighede, buite die gevangenis nie.

In Hoofstuk 6 wat handel oor die hantering van gevangenes in 'n **super maksimum gevangenis** is in ***B v Minister of Correctional Services***, 1997 (2) All SA 574 (K), deur Regter Brand opgemerk dat "...

*aangesien die staat gevangenes met HIV aanhou in omstandighede waar hulle meer vatbaar is vir opportunistiese infeksies as pasiënte met HIV daarbuite...".* Beteken dit dat homoseksuele verhoudings hierdeur aangemoedig word? Of dat gevangenisse daar onhigiënies uitsien? Die gevangenis is dan tog veronderstel om 'n steriele omgewing te wees wat minder gevaar vir die oordra van infeksies inhou.

Ook wanneer daar na artikel 35(2) van die **Grondwet**, Wet 108 van 1996, gekyk word blyk dit dat meer regte vir persone binne die gevangenis geld as vir die wetsgehoorsame burgers daar buite. So bepaal hierdie artikel dat 'n gevangene die reg het "... *op omstandighede van aanhouding wat met menswaardigheid rekening hou, met inbegrip van minstens, oefening en die voorsiening, op staatsonkoste, van toereikende akkomodasie, voeding, leesstof en mediese behandeling*". Die **Grondwet**, Wet 108 van 1996, waarborg egter nie hierdie regte aan persone buite die gevangenis nie. Wetsgehoorsame burgers het bloot die reg op toegang tot toereikende behuising (artikel 26(1)), tot gesondheidsdienste en tot voldoende kos en water (artikel 27(1)), en die staat moet bloot redelike wetgewende en ander stappe binne sy beskikbare bronne neem om hierdie regte progressief

te verwesenlik. Die reg op toegang tot behuising, voedsel en gesondheidsdienste word wel as fundamenteel beskou, maar word gekoppel aan die staat se vermoë om daarin te voorsien. Die navorser stem saam met Regter Brand dat daar nie deur gevangesetting 'n inbreuk op gevangenes se regte gemaak moet word nie maar anders as wat uit die uitspraak blyk is die navorser van mening dat die regte van 'n gevangene NOOIT meer mag wees as die regte van die individu op straat nie. Indien die staat dus nie anti-HIV medikasie tot die beskikking van elke individu wat dit mag benodig kan stel nie, behoort dit ook nie aan gevangenes beskikbaar gestel te word nie. Die man op straat kan dit nie bekostig om van die medikasie aan te skaf nie maar 'n deel van sy belastingbydrae word geneem om die middel aan te skaf vir 'n persoon wat teen die gemeenskap gefouteer het. Die beskerming van die gemeenskap is tog steeds een van die oogmerke van straf.

**AANBEVELING 4:**

**TOETSING VAN VOORGESTELDE VERANDERINGE DEUR PENOLOë**

Dit is belangrik dat enige verandering deur latere toetsing waargeneem moet word. Hoe anders kan daar dan ook bepaal word of 'n verandering tot voor- of

nadeel van die groep waarvoor dit aanbeveel is, strek? Dit is hier waar die penoloog 'n groot rol kan speel.

Die rol van die penoloog in die regsplegingstelsel moet nie onderskat word nie. In die **super maksimum gevangenis** kan die penoloog veral betrokke wees by die monitor van die effektiewe behandeling van die oortreder. Die meting van die waarde van programme op die rehabilitasie van die **super maksimum gevangene** en sy latere herinskakeling by die gemeenskap, kan ook onder beheer van die penoloog val. Dit is ook belangrik dat invloede soos veranderinge in die korrektiewe sisteme regoor die wêreld so gou doenlik deur die penoloog onder die aandag van alle belanghebbendes gebring word en in ag geneem word by besluitneming oor die hantering van die **super maksimum gevangene,** sowel as veranderinge aan die hanteringsbeleid.

**AANBEVELING 5:**
**DIE NOODSAAKLIKHEID VAN VERDERE NAVORSING**

Die einde van hierdie proefskrif beteken geensins 'n afsluiting van die navorsingsonderwerp nie. Een van die doelstellings van die proefskrif was dan juis ook

om die belangstelling van die penologiestudent beteffende die onderwerp te prikkel. Voortdurende navorsing op die terrein van die penologie is noodsaaklik ten einde 'n korrektiewe sisteem wat uitstaan bo dié van die res van die wêreld, daar te stel.

## 8.3. SLOT

As laaste gedagte wil die navorser afsluit met 'n uitlating deur Fogel (Fogel & Hudson 1981: x): *"Prisons will better serve a democratic society by operating under lawful constitutional standards of humaneness and prisoner involvement than by seeking their guidance from the latest psychological, medical and/or religious fad"*.

# BIBLIOGRAFIE

## 1. BOEKE

Acton, H. 1969. The Philosophy of Punishments: A Collection of Papers. London: Macmillan.

Archambeault, W.G. & Archambeault, B.J. 1982. Correctional Supervisory Management: Principles of Organization, Policy, and Law. New Jersey: Prentice-Hall Inc.

Barnes, H.E. & Teeters, N.K. 1959. New Horizons in Criminology. (Third Edition). United States of America: Prentice-Hall.

Bartollas, C. 1985. Correctional Treatment. Theory and Practice. New Jersey: Prentice-Hall.

Bottoms, A.E. & Light, R. 1987. Problems of Long-Term Imprisonment. Aldershot: Gower.

Cilliers, C.H. 1998. Eenheidsbestuur in Gevangenisse. Weltevreden Park: Open Learning Group.

Cilliers, C.H. 2000. Fundamentele Strafregsplegingsadministrasie. Enigste Studiegids vir CJS201-3. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Cilliers, C.H., Marais, C., Ovens, M., Van Vuuren, T. 2001. Kernaspekte in die Strafregspleging. Enigste Studiegids vir CJS301-6. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Cilliers, C.H., Marais, C., Ovens, M., Victor-Zietsman, M. 2001. Menseregte en Strafregspleging. Enigste Studiegids vir CJS304-A. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Cilliers, S.P. 1965. Maatskaplike Navorsing. Stellenbosch: Kosmo.

Clear, T.R. & Cole, G.F. 1994. American Corrections. (Third Edition). Belmont: Wadsworth.

Cloete, M.G.T. & Stevens, R. 1990. Kriminologie. Halfweghuis: Southern.

Coetzee, W.S.J. 1995. Korrektiewe Dienste in Fokus. Randburg: Hodder & Stoughton.

Die Bybel. 1983. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

Duffee, D. 1980. Correctional Management. Change and Control in Correctional Organizations. Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc.

Du Toit, E. 1980. Straf in Suid-Afrika. Kaapstad: Juta & Kie.

Flynn, N. 1998. Introduction to Prisons and Imprisonment. Winchester: Waterside Press.

Fogel, D. 1979. We are the living proof - The Justice Model for Corrections. (Second Edition). Cincinnati: Anderson.

Fogel, D. & Hudson, J. 1981. Justice as Fairness: Perspectives on the Justice Model. Cincinnati: Anderson

Foucalt, M. 1977. Discipline and Punish. The Birth of the Prison. London: Billing & Sons Ltd.

Freeman, J.C. 1978. Prisons Past and Future. London: Heinemann.

Grünhut, M. 1948. Penal Reform. A Comparative Study. Oxford: Clarendon Press.

Hallema, A. 1958. Geschiedenis van het Gevangeniswezen hoofdzakelijk in Nederland. 'S-Gravenhage: Staatsdrukkerij en Uitgeverijbedrijf.

Hiemstra, V.G. 1987. Suid-Afrikaanse Strafproses. (Vierde uitgawe). Durban: Butterworths

Houston, J. 1995. Correctional Management: Functions, Skills and Systems. Chicago: Nelson Hall.

Humphrey, J.A. & Milakovich, M.E. 1981. The Administration of Justice. Law Enforcement, Courts, and Corrections. New York: Human Sciences Press.

Jackson, M. 1983. Prisoners of Isolation: Solitary Confinement in Canada. Toronto: University of Toronto Press.

Kriegler, J. 1993. HIEMSTRA. Suid-Afrikaanse Strafproses. (Vyfde uitgawe). Durban: Butterworths

Levinson, R.B. 1998. Unit Management in Prisons and Jails. Arlington: Kirby Lithographic.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1989. Metodologie van die Geesteswetenskappe. Basiese Begrippe. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Neser, J.J. 1989. Penitensiêre Penologie. Johannesburg: Lexicon

Neser, J.J. 1993. Penitensiêre Penologie. (Tweede uitgawe). Johannesburg: Lexicon.

Neser, J.J. 1990. Penologie. Enigste studiegids vir PNL302-L (Penitensiêre Penologie). Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Neser, J.J., Cilliers, C.H. & Swart, D.N. 1985. Penologie. Studiegids 1 vir PNL201-G (Fundamentele Penologie). Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Odendaal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J., Booysen, C.M. 1994. HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. (Derde Uitgawe). Midrand: Perskor.

Pauw, S. 1946. Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad. Stellenbosch: Pro Ecclesia.

Pursley, R.D. 1994. Introduction to Criminal Justice. New York: McMillan Publishing Company.

Rabie, M.A. & Strauss, S.A. 1985. Punishment. An Introduction to Principles. (Fourth Edition). Cape Town: Lex Patria.

Reid, S.T. 1994. Crime and Criminology. (Seventh Edition). Dubuque: Brown & Benchmark.

Roberg, R.R. & Webb, V.J. 1981. Critical Issues in Corrections. Problems, Trends, and Prospects. Minnesota: West Publishing Company.

Rosenblatt, E. 1996. Criminal Injustice. Confronting the Prison Crisis. Boston: South End Press.

Scraton, P., Sim, J. & Skidmore, P. 1991. Prisons Under Protest. Philadelphia: Open University Press.

Smit, B.F. 2000. Konseptuele Perspektiewe: Strafregs-plegingbestuur en Administrasie. Enigste Studiegids vir CJS202-4. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Snyman, C.R. 1992. Strafreg. Durban: Butterworths.

Steyn, D.G. 1959. Die Suid-Afrikaanse Gevangeniswese. 'n Uiteensetting en beoordeling van die Gevangenis-organisasie en -beleid. Pretoria: Unie-Boekhandel.

United Nations Social Defence Research Institute (UNSDRI). 1975. Prison Architecture. An international survey of representative closed institutions and analysis of current trends in prison design. London: The Architectural Press Ltd.

Van Der Westhuizen, J. 1982. 'n Inleiding tot Kriminologiese Navorsing. Pretoria: Unisa.

Van Zyl Smit, D. 1992. South African Prison Law and Practice. Durban: Butterworths.

Venter, H.J. 1959. Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Gevangenisstelsel 1652-1958. Kaapstad: HAUM.

Ward, D.A. & Schoen, K.F. 1981. Confinement in Maximum Custody. Toronto: Lexington Books.

Zupan, L.L. 1991. Jails: Reform and the New Generation Philosophy. Cincinnati: Anderson.

## 2. TYDSKRIFARTIKELS


Anoniem. 1977. Behandeling van die Gevangene in die Suid-Afrikaanse Gevangenisstelsel. Nexus. September 1977.

Anoniem. 1999. A Brief History of Corrections in South Africa. Nexus. December 1999.

Business Day, 4 December 1997.

Cilliers, C.H. & Cole, J. 1996. Gevangesetting - die werkesel van die strafreg. Die Landdros. Desember 1996.

De Kock, P. & Du Toit, F. 1999. A glimpse into the History of the Department of Correctional Services. Nexus. Desember 1999.

Du Pré, N. 1974. S.A. Gevangenisse - 'n Historiese oorsig. Ontwikkeling vanaf 1911 tot 1945. (Eerste Aflewering). Nexus. September 1974.

Du Pré, N. 1975. Suid-Afrikaanse Gevangenisse - 'n Histories Oorsig. Ontwikkeling vanaf 1945 tot 1959. (Eerste Aflewering). Nexus. Desember 1975.

Engelbrecht, J. 1999. Human Rights and discipline in prison. Nexus. Januarie 1999.

Gerard, R.E. 1991. The Ten Commandments of Unit Management. Corrections Today. April 1991.

Gordon, G.L. 1986. Die Mediese Behandeling van Gevangenes. Deel I. Nexus. Augustus 1986.

Gordon, G.L. 1986. Die Mediese Behandeling van Gevangenes. Deel II. Nexus. November 1986.

Gordon, G.L. 1996. Prison Reform and Prisoners' Rights in the light of the New South African Constitution, 1993. Nexus. January 1996.

Jonker, G.J. 1985. Klassifikasie van Gevangenes. Nexus. November 1985.

Jonker, G.J. 1985. Klassifikasie van Gevangenes (vervolg). Nexus. Desember 1985.

Malan, G. 1977. Die instelling van Gevangenisse. Nexus. Vol. 6 no. 11

Malan, G. 1979. Die Moderne Westerse Gevangenisstelsel: Wese en Ontwikkeling (Met spesifieke verwysing na Suid-Afrika). Nexus. Vol. 8 no. 1

Malan, G. 1978. Die Wysigingswet op Gevangenisse 1978 (Wet 58 van 1978). Nexus. November 1978.

Malan, G. 1979. Fisiese Versorging van die Gevangene. Nexus. Februarie 1979.

May, M.J. 1975. Geestelike Versorging van die Gevangene. Nexus. November 1975.

Neser, J.J. 1981. 'n Teoretiese oorsig van die belangrikste strafoogmerke soos van toepassing op Gevangenisstraf. Nexus. April 1981.

Pete, S. 2000. The good, the bad and the warehoused: The politics of imprisonment during the run-up to South Africa's second democratic election. South African Journal of Criminal Justice. Vol. 13 no. 1.

Ramafoko, H. 1998. Congrats, CMAX. Nexus. November 1998.

Ramafoko, H. 1997. CMAX. Dangerous prisoners meet their match. Nexus. November 1997.

Ramafoko, H. 1997. CMAX. The Commissioner's response. Nexus. November 1997.

Ramafoko, H. 1997. Human Rights Commission up in arms against DCS. Nexus. November 1997.

Ramafoko, H. 1999. Inmates allowed to vote... Civilians not too impressed. Nexus. May 1999.

Ramafoko, H. 1998. New Privilege system. Responsible way to alleviate comfort and corruption. Nexus. Desember 1998.

Sephton, A.C. 1978. Geestelike Versorging van die Gevangene. Deel II. Nexus. Februarie 1978.

Sephton, A.C. 1978. Geestelike Versorging van die Gevangene. Deel III. Nexus. Maart 1978.

Shepperd, R.A., Geiger, J.R. & Welborn, G. 1996. Closed Maximum Security: The Illinois SuperMax. Corrections Today. July 1996.

Sunday Tribune, 19 Oktober 1997.

The Cape Times, 10 Oktober 1997.

The Daily News, 23 September 1997.

The Daily News, 25 September 1997.

Van Niekerk, C. 1996. Strafoogmerke in die Suid-Afrikaanse reg, alternatiewe vonnismoontlikhede en korrektiewe toesig. Die Landdros/The Magistrate. Vol. 31 no. 2.

Van Wyk, C. 1997. Die Regte van Gevangenes met HIV. Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg. November 1997.

## 3. VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE

Avery, M.B.J. 1987. Community Service Orders. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Bruyns, H.J. 1999. Organisasievernuwing: 'n Penologiese Perspektief. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Cilliers, C.H. 1980. Lyfstraf: Geskiedkundige ontwikkeling en penologiese perspektief. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Gerber, F.A. 1995. 'n Penologiese ondersoek na Korrektiewe Toesig. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Hlongwane, A.L. 1998. Life Imprisonment in Penological Perspective. Ongepubliseerde D. Litt. et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Jansen Van Vuuren, J.W. 1992. Beveiliging in die Plaaslike Owerheidsektor. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Luyt, W.F.M. 1996. 'n Penologiese studie rakende maksimumgevangenisse. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Luyt. W.F.M. 1999. Unit Management in Prisons. Ongepubliseerde D. Litt. et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Neser, J.J. 1980. 'n Teoreties-Prinsipiële studie oor sekere aspekte van die straf en behandeling van die

oortreder vanuit 'n Penologiese Perspektief. Ongepubliseerde D. Litt. et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Smith, P.R. 1971. Die manlike Kleurlingoortreder in die stad - 'n vergelykende kriminologiese ondersoek. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Swart, D.N. 1982. Straf en misdaadvoorkoming: 'n Penologiese ondersoek. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Van Der Walt, P.J. 1954. 'n Uiteensetting van die grondslae van die misdaadsosiologie, met besondere aandag aan die Suid-Afrikaanse misdaadstatistiek en die sosiologiese klassifikasie van misdade. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Van Der Westhuizen. 1999. Die invloed van Korrektiewe Dissipline op die Rehabilitasie van Oortreders. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Van Wyk, M. 1964. Die ontwikkeling van die gevangeniswese in die Kaapkolonie vanaf 1806 tot en met Unifikasie 1910. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

## 4. AMPTELIKE VERSLAE EN NOTAS

Departement van Korrektiewe Dienste. 1995. Jaarverslag: 1 Januarie 1994 tot 31 Desember 1994. Kaapstad: CTP Boekdrukkers.

Korrektiewe Dienste Order B(V)(3), 1998.

Nordier, J.P. 1996. Justisie Kollege. Straftoemeting: Beginsels. Pretoria: Justisie Kollege.

Nordier, J.P. 1996. Justisie Kollege. Straftoemeting: Gevangenisstraf. Pretoria: Justisie Kollege.

Standard Minimum Rules for the Treatment of Prisoners and Procedures for the Effective Implementation of the Rules. 1984. New York: Department of Public Information.

Verslag van die Kommissie op Straf en Gevangenishervorming. 1947. Pretoria: Staatsdrukker.

## 5. VONNISLYS

B v Minister of Correctional Services 1997 (2) All SA 574 (K)

C v Minister of Correctional Services 1996 (4) SA 292 (T)

R v Karg 1961 (1) SA 231 (A) 236B

R v Swanepoel 1945 AD 444

S v B 1985 (2) SA 120 (A)

S v Benetti 1975 (3) SA 603 (T)

S v Dualvani 1978 (2) PH H 176 (O)

S v Du Toit 1979 (3) SA 846 (A)

S v Holder 1979 (2) SA 70 (A) 81B

S v J 1975 (3) SA 146 (O)

S v Khulu 1975 (2) SA 518 (N)

S v Khumalo 1984 (3) 327 (A) SA

S v Mtimkulu 1971 (4) SA 141 (T)

S v Scheepers 1972 (2) SA 154 (A)

S v Steyn 1991 (2) SASV 8 (A)

S v Van Vuuren 1992 (1) SASV 127 (A)

S v Zinn 1969 2 SA 537 (A)

## 6. WETGEWING

Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996

Proklamasie No. R.20 van 1999

Strafproseswet, Wet 51 van 1977

Wet op Gesondheidsdienste, Wet 63 van 1977

Wet op Gevangenisse en Verbeteringsgestigte, Wet 13 van 1911

Wet op Gevangenisse, Wet 8 van 1959

Wet op Korrektiewe Dienste, Wet 111 van 1998

Wysigingswet op Gevangenisse, Wet 58 van 1978